# MAATSKAPLIKE VORMS AAN DIE KAAP
# IN DIE TYDPERK 1652 TOT OMSTREEKS 1795.

------------

VERHANDELING VIR DIE GRAAD: PHILOSOPHIAE DOCTOR.

------------

INGEDIEN BY DIE DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS,
UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG, 1951.

------------

Deur C.W. HUDSON.

# D A N K B E T U I G I N G.

Ek is opregte dank verskuldig aan professor Abel Coetzee vir sy inspirasie, voorligting en hulp by hierdie studie. Ook moet ek die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing bedank vir geldelike hulp wat my in staat gestel het om die Kaapse Argief te besoek.

C.W.H.

## INHOUDSOPGAWE.


Bl.

HOOFSTUK I: INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . 1.

HOOFSTUK II: KAAPSE MAATSKAPLIKE VORMS MET BETREKKING TOT KRAAMBED, GEBOORTE EN DOOP (GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND): 1652 TOT 1795. . . . . . . . 24.

HOOFSTUK III: KAAPSE MAATSKAPLIKE VORMS IN VERBAND MET VRY, VERLOWING EN HUWELIK (GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND): 1652 TOT 1795. . . . . . . . . . . . 56.

HOOFSTUK IV: KAAPSE MAATSKAPLIKE VORMS TEN OPSIGTE VAN DIE DOOD EN BEGRAFNIS (GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND): 1652 TOT 1795. . . . . . . . . . . . . . . 112.

HOOFSTUK V: SLOTBESKOUING. . . . . . . . . . . . . 183.

BRONNELYS : . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 192.


---------------

# HOOFSTUK I.

## I. INLEIDING.

Omdat hierdie studie 'n volkskundige onderwerp tot tema het, is dit nodig om kortliks stil te staan by die vraag: Wat is volkskunde? 'n Aantal volkskundiges het alreeds gepoog sedert 1846 om die vak te omskryf. In 'n bekende geskrif, getiteld: „Wesen, wege und ziele der Volkskunde" (1928) het Adolf Spamer, 'n Duitse volkskundige, betoog dat dit 'n psigologiese wetenskap is met die doelstelling om die primitiewe, a-rasionele gees van 'n volksgemeenskap te bestudeer. Dit wat die volk skep, geestelik sowel as stoflik, vorm dus vir Spamer die studieveld van die volkskunde.

Vir die bekende Nederlandse volkskundige, Jos. Schrijnen, is die volkskunde 'n sistematiese, rasionele navorsing van die ondergrond van 'n volkskultuur.(1) Schrijnen lê dus nadruk op die ondergrond van 'n volk se kultuur. Hy bepaal hom nie uitsluitlik by 'n groep mense nie, maar hy rig hom tot 'n deel van die kultuur van die volk. Hierdie omskrywing veronderstel dus die studie van 'n bepaalde geestelike aspek van 'n kultuurvolk; in die praktyk is daar natuurlik geen empiriese skeidslyn moontlik tussen 'n sogenaamde opperkultuurlaag en 'n onderkultuurlaag nie, alhoewel die twee sfere tog in die lewe van 'n volk aanwesig is. Die „volkskultuur" is volgens Schrijnen die „moederaarde" waarin die opperkultuur wortel.

In die jaar 1890 het 'n ander volkskundige, Weinhold, 'n omskrywing van die volkskunde as studievak gegee: „Die volkskunde hat die Aufgabe, das volk, das ist eine bestimmte, geschichtlich und geographisch abgegrenzte menschenverbindung von Tausenden oder Millionen, in allen

---

(1) Vgl. J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.ix.

Lebensäuserungen zu erforschen."[1] Alle lewensuitinge van 'n volk vorm dus die studiegebied van dié vak. Hy maak ook 'n onderskeid tussen die stoflike en geestelike kultuur: laasgenoemde is 'n regstreekse uitvloeisel van die menslike gees, terwyl eersgenoemde 'n begeleidende verskynsel daarby is.

In 1935 het Haberlandt die volkskunde soos volg geformuleer: „Volkskunde ist die wissenschaftliche Erforschung von Art, Wesen und Prägung eines Volkes im seelichen und geschichtlichen verstand kraft äusserer und innerer Schau."[2] Hiervolgens word die volksiel dus deur middel van die geestesuitinge van die volksgemeenskap gerekonstrueer.

'n Hedendaagse opvatting in verband met die volkskunde as vak sluit die hele volk in wat op 'n bepaalde bodem woon, en neem die sielkundige aard van die mens (volksmens én kultuurmens) in ag: „Die volkskunde wend hom dus tot dié verskynsels wat voortspruit uit die instinkmatige, natuurlike geestesgesteldheid van die mens, en wat te voorskyn geroep word deur die innerlike of uiterlike prikkels.[3] Die volkskunde is dus veral 'n kultuurstudie, want die volkskunde: „hou hom besig met die volkse, dit wil sê die lewenshouding van die enkeling wat hom gebonde voel aan 'n bepaalde volkskultuur deurdat hy deel het aan die gemeenskap en sy tradisie."[4] Uit die persoonlike kultuur van die enkeling word die kultuur van die huisgesin en van die volk opgebou, en dit is die doel van die volkskunde om die eie aard van 'n volk se kultuur te bepaal.

---

(1) A. Spamer: Deutsche Volkskunde, bls.43.

(2) A. Spamer: Deutsche Volkskunde, bls.3.

(3) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.383.

(4) A.J. Coetzee: Tydskrif vir Volkskunde, VII Nr.I, bls.3.

Ons kan volstaan met dié huidige opvatting van die volkskunde as wetenskap: „Vandag vorm die stofversameling slegs die uitgangspunt van die volkskundige, sy dit dan ook 'n onmisbare uitgangspunt. Teenswoordig probeer die volkskundige die genoemde kennis van die volksmens te ontrafel, om langs dié weg 'n insae te probeer kry in die eie aard van die volk. Volkskunde is derhalwe die vak wat hom besig hou met die kennis betreffende die volk."(1) Hierdie omskrywing raak dan ook die kern van die saak. Die a-rasionele uitinge en handelswyses van die primitiewe gees wat in die mentaliteit van elke mens, boer, visser, arts, wetenskaplike en ander, aanwesig is, is die studieveld van veral die geestelike laag van 'n volk se tradisionele oorleweringskat. Die volkskundige maak 'n sistematiese studie van die volksoorleweringe van 'n volk wat in 'n bepaalde natuurlike milieu 'n tradisionele gemeenskap geword het. Die inwerking van eksterne, sowel as die dryfkrag van (interne) sielkundige prikkelinge op die mens wat onder bepaalde omstandighede bepaalde handelwyse laat ontstaan, vorm 'n sielkundige aspek van die volkslewe wat deur die volkskundige ondersoek moet word. Hier sluit die psigologie by die volkskunde aan. Die volkskunde is vandag dus 'n studie van die hele gebied van die geestelike, sowel as die stoflike volksoorleweringe van 'n samehorige volk.

Om saam te vat, kan ons dan vasstel dat die volkskundige probeer om deur middel van 'n studie van dié volksoorleweringe die eie aard van sy volk vas te stel. Die begrip „VOLK" sluit in die hele volk, en die begrip „volksoorleweringe" sluit in dié dinge waarin die volksgees hom uit, soos die volkstaal, die volksgeloof, die volkswetenskap, die volkskuns, volksvermake, volksboukuns, volks-

---

(1) A.J. Coetsee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.361.

nyverheid en die maatskaplike vorms, of sedes en gebruike. Tesame is dit die deelgebiede van die volkskunde. Die volkslewe en die hele tradisionele volksbeskawing word deur die volkskunde bestudeer. Die stoflike kant van die volkslewe, die volksmentaliteit en die volksgebruike vorm dus die studieveld van die volkskunde. Ons het in hierdie ondersoek veral an in die besonder belang by die maatskaplike vorms of volksgebruike van die Kapenaars gedurende die sewentiende en agtiende eeu. Dit bring ons dan ook by die doel van hierdie studie.

II. DOEL VAN ONDERSOEK.

Dit is die doel van hierdie studie om deur middel van 'n beskouing oor en 'n ondersoek na die maatskaplike vorms aan die Kaap in die tydvak 1652 tot omstreeks 1795 die eie aard van die tradisionele gemeenskap of volk van die „eerste groep"(1) Afrikaners vas te stel. Die benaming „eerste groep" dui op die Kapenaars wat tot in 1795 'n samehorige gemeenskap was, en op hulle leefwyse voordat die Kaap deur die Engelse beset is. Ons wil deur middel van 'n studie van die „eerste groep" se sedes en gebruike by geboorte, huwelik en dood, die drie vername lotstye in die lewe van die mens wat tot maatskaplike vorms aanleiding gee, sy eie aard probeer vasstel.

In die tweede plek wil ons deur middel van 'n vergelykende studie tussen die tydgenootlike Nederlandse en Kaapse maatskaplike vorms vasstel watter sedes en gebruike aan die Kaap eiegoed was en watter erfgoed. Ons wil daarby let op plaaslike wysigings van oorgeërfde instellings.

---

(1) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.410.

Die aard van hierdie studie sal derhalwe histories-volkskundig wees. Vanaf 6 April 1652 was daar aan die Kaap alreeds sprake van 'n samelewing, van 'n groep, wat tot in 1795 onder Nederlandse bewind gestaan het. Dit is ons doel om die sedes en gebruike van hierdie groep te ondersoek gedurende die anderhalfeeu toe die Nederlandse tradisiekring aan die Kaap oorgeplant is. Kortom: deur 'n noukeurige ontleding van sedes en gebruike wat aan die Kaap in swang was in gemelde tydperk, wil ons vasstel hoe die Nederlandse tradisiekring aan die Kaap oorgeplant en gewysig is, deur watter faktore wysiginge teweeggebring is, en hoe die koloniste hulle deur nuutskepping aangepas het by die Afrikaanse bodem. Langs hierdie weg sal ons poog om vas te stel wat is in die tydperk oorgeplante erfgoed, wat is gewysigde erfgoed, en wat is eie skepping. 'n Samevattende beeld hiervan sal noodwendig die eie Afrikaans aard teen 1795 aan die lig moet laat tree.

Dit is derhalwe noodsaaklik om eers tot klaarheid te kom ten opsigte van die begrippe: sede, gebruik en gewoonte, voordat ons kan oorgaan tot 'n beskouing oor die Kaapse Maatskaplike vorms in die sewentiende en agtiende eeu.

## III. DIE BEGRIP: SEDE.(1)

Tot 'n mate is die begrippe sede, gebruik en gewoonte sinoniem. 'n Gewoonte is 'n handeling van 'n enkeling wat tot vaste optrede gegroei het en wat nie meer 'n „gedagte-daad" is nie. Kant se welbekende wandeling om presies vieruur elke middag kan dien om die betekenis van die begrip gewoonte te illustreer. Die gewoonte om elke middag ná ete te gaan lê en rus kan as persoonlike gewoonte

(1) (a) Vgl. L. Mackensen in: Die Deutsche Volkskunde, deel I, blse.108-168.

(b) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel II, bls.1 e.v.

ontstaan en egter tot 'n hele volksgebruik aangroei as dit die algemene, die oorgelewerde gewoonte van 'n volksgroep word soos bv. die Spaanse Siesta, wat moontlik met die klimaat saamhang. Gevolglik moet 'n gebruik dus beskou word as 'n gewoonte wat deur verskeie enkelinge of 'n tradisiekring opgeneem en oorgelewer is aan 'n volgende geslag, met ander woorde, 'n gebruik is 'n gewoonte wat tradisioneel word.

'n Verwante vorm is die sede, maar op 'n hoër peil, want die sede het sy grondslag in die morele en godsdienstige opvattings en handelings van die individu; sodra hierdie hele kompleks handelings en opvattings tradisioneel word, is daar sprake van 'n sede. In die algemeen kan daar dus beweer word dat die gebruik naaste aan gewoontehandeling staan, terwyl die sede naaste aan die godsdiens lê.

Ons besef dus dat „sede" en „gebruik" tesame 'n geslote, onskeibare begrip uitmaak. 'n Sede veronderstel 'n gemeenskap en tradisionele handelswyse. Die eie aard van sedes bestaan dus daarin dat hulle altyd, en in alle omstandighede deur 'n tradisiekring gedra word. Sedes besit die eienskap dat hulle die tyd oorlewe, juis omrede hulle voortbestaan op oorlewering berus. Daarby is hulle nie onveranderlik nie, maar verandering geskied uiters langsaam.

'n Tradisie word egter nie noodsaaklik deur 'n massa of groep wat gelyktydig as geslote groep optree, gedra nie. Sommige tradisies word deur enkelinge uitgeleef, maar elke enkeling in die tradisiegroep of tradisiekring beleef dit as die geleentheid vir hom daarvoor opdaag. So, byvoorbeeld, bereik die verskillende jeugdiges van 'n groep nie gelyktydig geslagsrypheid nie, maar een vir een. En sodoende begin een vir een belangstel in wie sy toekomstige „deel" sal wees. Maar nou, in die groep as geheel word bepaalde gebruike oorgelewer van geslag tot geslag hoe om soiets „vas te stel".

Enkelinge kan soms egter sedes handhaaf. Individuele handelinge wat 'n mens se toekomstige „deel" voorspel is 'n voorbeeld hiervan, maar die tradisiegemeenskap verleen aan die sede sy lewenskrag en duursaamheid. Die beoefenaar van 'n sede weet dat hy in 'n bepaalde sede die geldende oplossing vir 'n gegewe geval het, gevolglik handhaaf hy die sede as gevolg van 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor sy tradisiekring, en op die wyse word die sede vir hom, wat daarvolgens handel, 'n morele of some 'n godsdienstige opvatting en norm.

Die sede kan in 'n mate 'n soort sedelikheidsdwang uitoefen. In die individu se sedelikheidsbewussyn wortel die dwang van die sede, want tensy 'n lid van 'n tradisiekring hom aan sy gemeenskap onttrek, is hy verplig om die sedes en gebruike wat daarin geld, te handhaaf.

Dit bring ons by die vorm van die sede. Die dwang wat deur die sede uitgeoefen word, en wat veral op die uiterlike vorm betrekking het, bewerkstellig ook die vormkorrektheid van die sede: alle onderdele van 'n sede moet presies gelykvormig deur die hele groep beoefen word. Die behoud van die vormkorrektheid van die sede verrig twee wesenlike funksies: dit bewaar die vorm van die oorgelewerde sede en verleen standvastigheid daaraan, en die geringe veranderlikheid van die sede vergemaklik die beoefening daarvan. Die sede bepaal vooraf vir die individu hoe hy hom in 'n gegewe situasie moet gedra.

Soms maak die sede 'n handeling ritmies. Die boer knoop byvoorbeeld sy landboubedrywighede, soos saai en oes, die veld-toejaag en kraal-toe-bring van sy vee, die slagtyd en ander werksaamhede aan sedematig-vasgestelde jaargetye vas. Vir die lede van 'n gemeenskap (wat die bestaansgrond van die sede is) waarborg die sede 'n vaste,

en tot in die besonder, kragdadige lewensritme. Vir alle skakeringe van die gemeenskapslewe verskaf dit 'n vanselfsprekende handelwyse. Hierin bestaan die sosiale betekenis van die sede.

Dit voer ons heen na die sosiologiese belangrikheid van die sede, wat die natuurlike groepsverordeninge benut, beklemtoon en na vore bring. Van die wieg tot aan die graf verrig die sede 'n onderskeidende funksie. Selfmoordenaars en ongehude moeders word byvoorbeeld as vreemd aan die gemeenskap beskou, en moet (of moes tot onlangs nog) om hierdie rede apart begrawe word.

Nog 'n eienskap van die sede is dat dit soms 'n samehorigheidsgevoel in die hand werk. Dit uit hom nie alleen in wedersydse hulpverlening nie, maar ook in eensydige hulpmaatreëls ten opsigte van die noodlydendes en armes in die gemeenskap. Trouens, in gemeenskapsbewuste nedersettinge is behoeftigheid feitlik onbekend.(1)

Belangrik ten opsigte van die lewensduur van die sede is sy morele betekenis. Die gemeenskap slaan in sy eie kring gewoonlik noukeurig ag op 'n waardige en onbesproke gedrag. Dit is immers noodsaaklik vir die behoud en die aansien van die gemeenskap. Sommige sedes stel 'n morele vereiste. Hierdie aspek van die sede uit hom soms in die volksgereg.(2) Ook bestaan daar in hierdie verband sommige sedes wat die beslegting van vyandskap tussen bure bevorder, wat die lui boer en luilak kapittel, wat die agteros bespot. In dieselfde verband werk die sede vlyt, reëlmaat, matigheid en orde in die hand. Daardeur verhoog dit die waardigheid van die gemeenskap en versterk dit die samehorigheidsgevoel.

---

(1) Vgl. P.J. v.d. Merwe: Trek, bls.184.

(2) Vgl. K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.474.

Baie sedes het klaarblyklik na aanleiding van die „praktiese aard" van die volksmens se mentaliteit ontstaan. Die primitiewe gees se onvermoë om abstrak te dink, lei daartoe dat 'n geestelike inhoud op aanskoulike, meesal simboliese wyse voorgestel word. Uit hierdie kenmerk van die volksgees ontstaan sommige sedematige handelinge.

Die rol van humor by die totstandkoming van sedes is eweneens van groot belang, en hier hoef ons nie verder as die gebruike in verband met die huwelik van die pasgetroude paartjie na voorbeelde te soek nie: allerlei poetse word op die jong bruid en bruidegom gebak.

Van belang is die beoefenaars van sedes. Sommige Wes-Europese sedes het hulle oorspronge in die Germaanse oertyd gehad, terwyl ander uit kerklike leerstellings ontstaan het, en party sedes stam uit die regspraktyk, die wetenskap en die landboubedryf. Almal vorm saam egter 'n onderlinge eenheid en is op dieselfde doel gerig. Ons kan dit die volk se gemeenskapsgees noem. Nie deur sy ontstaan of afkoms nie, maar deur sy beoefening, en in die gesindheid en instellings van die tradisiekring in verband daarmee, word die volk se sedeskat tot 'n eenheid verhef. Wie hierdie eenheid wil verstaan, moet nie alleen op die handeling let nie, maar ook op hulle wat handel.

'n Sede is dus 'n sielkundige, sosiale „wet" wat die gedragswyse van die lede van 'n samehorige groep rig. Hierdie sedematige handelinge word deur 'n tradisiekring deur middel van sy maatskaplike vorms by wyse van oorlewering bewaar en gehandhaaf. Hulle het die krag van wette, omdat hulle na aanleiding van innerlike, psigologiese, sowel as uiterlike, maatskaplike oorwegings gehoorsaam moet word. Dit is wat Lutz Mackensen die dwingkrag van die sede noem.

## IV. DIE BEGRIP: GEBRUIK.[1]

As ons van gebruik praat, dan praat ons van 'n bloot formele teorie. Gebruike veronderstel gewoontehandelings in 'n tradisionele betekenis- en verband. Ook gebruike berus op tradisionele oorlewering.

Gestel alle huisbase moet na aanleiding van 'n wetsbepaling in 'n stad op bepaalde dae vlae hys ter ere van die een of ander gebeurtenis - 'n gebruik sal dit nog nie wees nie, omdat die inisiatief vir die eenvormige handeling van die stadsowerheid uitgaan, en nie van die burgers self nie. Die hele gemeenskap moet dié handeling oorneem uit eie oorweging, voordat dit 'n gebruik kan heet. 'n Gesamentlike optrede word veronderstel by die handhawing van 'n gebruik. 'n Gebruik is 'n gemeenskapshandeling wat na enerse aanleiding in 'n enerse vorm op tradisionele wyse herhaal word, en wat deur die tradisiekring aan die lewe gehou word.

Soms vind daar 'n verbloeming van bepaalde gebruike plaas, veral wat betref die gewone omgangsgebruike. Dit blyk veral uit sommige vrygebruike in Duitsland: as die Rynlandse vryer self die meisie om haar hand wil vra, sal hy aan haar kamerdeur klop.[2] Antwoord sy nie, weet hy dat hy geen sukses sal behaal nie. In Suid-Afrika sê ons daar word na „verdwaalde vee gesoek" as 'n kêrel by 'n nooi sy kanse gaan verken. Ons kan hierdie verskynsel dus die verbloeming van gebruike noem.

Die vorm, ontstaan, samestelling, bedryf en topografiese milieu van 'n gemeenskap oefen 'n invloed

---

(1) (a) Vgl. L. Mackensen in: Die Deutsche Volkskunde, deel 1, bls.108 e.v.
(b) L. Eichler: The Customs of Mankind, bls.1 e.v.
(c) J. van der Ven: Volk van Nederland, bls.1 e.v.
(d) A.J. Coetzee: Ons Volkslewe, hfst.oor:Gemeenskapsvorms.

(2) Vgl. P. Sartori: Sitte und Brauch, deel II, bls.1 e.v.

op sy gebruike uit. Die gemeenskap kan byvoorbeeld van 'n losse of hegte aard wees; dit kan van 'n natuurmatige (bv. die familie) of van 'n doelmatige (bv. 'n nedersetting) aard wees; dit kan saamgestel wees uit ouderdomsstands- en geslagsgemeenskappe; en dit kan in die openbaar of in die geheim bestaan. Verskillende stande vorm verder min of meer vaste groepe wat die gebruik kan beïnvloed; verskillende maatskaplike kringe huldig soms verskillende maatskaplike vorms.

Baie gebruike word deur 'n analogiese denkwyse bepaal: die verwagtende moeder mag nie 'n wa ghries smeer nie, want haar ongebore kind sal vuil word; sy mag ook nie haar hare knip nie, want sodoende sou sy die kind se groeikrag rem.

Vir die vorm van talle gebruike is die wyse waarop 'n nedersetting gerangskik is, van groot belang. As die huise netjies in rye gebou is, gaan dit byvoorbeeld makliker om optogte te hou. As 'n dorp tot 'n verkeersentrum ontwikkel, is dit ook ten opsigte van sy gebruike aan die invloed van die vreemdelingestroom blootgestel. Daarteenoor bewaar afgeleë nedersettings makliker ouderwetshede in hulle volksgebruike. 'n Mens moet dus nie die feit uit die oog verloor dat baie gebruike 'n heel nugter en realistiese agtergrond het nie.

By die gebruikskat van 'n volk gaan dit net soos by die sprokie: 'n klein aantal temas word deur gereelde verandering vermenigvuldig. Navorsers ontdek in die gebruikskat motiewe wat aparte lewens voer. Hierdie migreervermoë van sommige gebruike verklaar die opname van menige landsvreemde gebruik in die volk se gebruikskat, of van stedelike sedes en gebruike onder die plattelanders, of selfs van gebruike uit 'n vroeër eeu wat steeds in 'n

gemeenskap bly voortleef nadat die groep waarin hulle ontstaan het, alreeds lankal nie meer bestaan nie.

Die gebruike wat die volksmens as stukrag teen die persoonlike gevoel van heimwee ontwikkel het, is vol roerende, primitiewe magie. 'n Mens neem enigiets van jou ouerhuis saam (Vgl. Leipoldt se: „Handvol gruis uit die Hantam.") Dit is vir jou 'n simbool van jou tuiste, al neem dit soms ook die vorm aan van 'n bietjie pleasgrond wat 'n meisie in haar rok se soom toewerk. Uit hierdie heimweegebruike blyk die pakkende mag van die bande van die gemeenskap.

Om te probeer om afgeslete en uitgediende gebruike op 'n kunsmatige wyse in stand te hou, stig geen nut en het geen sin nie. Wat wel vir die volkskundige van belang is, is om te probeer vasstel hoe die hede en die verlede wortelskiet, en hoe die volksaard dus verander en ontwikkel.

Wie oor die gebruike van 'n volk wil spreek, moet dit gedeeltelik in die verlede tyd doen. Slegs verminkte reste van oorspronklike volksgebruike bly oor, en in hierdie studie sal juis dié aspek 'n belangrike faktor wees, aangesien die verplasing van die Nederlandse koloniste na 'n vreemde oord 'n soortgelyke faktor in werking laat tree het. Hierby sluit de Vries se mening aan: „Vormen van het volksleven sijn, sooals wij se kennen, altijd resten van vroegere vormen en seden, die in den loop der tijden steeds sijn verandert, verminkt, opgebouwt, herschapen."(1) 'n Gebruik sterf uit sodra dit van die tradisiekring waarin hy ontstaan het, losraak; dit kan alleen bestaan as 'n gemeenskaplike behoefte daarvoor aanwesig is. Die enkeling los nom in die gebruik op:

---

(1) J. de Vries: Volk van Nederland, bls.104.

gehoorsaamheid aan die sede word as die sedelikheid self beskou.

Die sielkundige dryfvere wat in die mens aanwesig is, gee aanleiding tot bepaalde handelinge en handelwyses. Die mens, net soos die dier, vorm bepaalde gewoontes. Die menslike instink gee aanleiding tot instinkmatige handeling, en juis uit hierdie sielkundige ondergrond spruit die sosiale gedrag van die mens en dit dy uit tot ingewikkelde maatskaplike vorme. Die persoonlike gewoonte van die individu word eers gebruik as dit die oorgelewerde tradisie van 'n hele groep geword het. Die gewoonte is persoonlik, maar die gebruik is tradisioneel.

Gevolglik kan gebruike alleen aangetref word waar daar 'n groepsbewustheid is, soos by die familiegroep, die stamgroep, 'n gemeenskap en die volksgemeenskap. Aldus kan die algemene, of menslike, sosiale gewoontes uitgroei tot gebruike indien dit deur die gemeenskap gehandhaaf word. Gemeenskap en gebruik is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Selfs vreemdelinge moet in 'n nuwe omgewing die streekgebruike huldig, eerdat hulle deur die gemeenskap opgeneem word.

Ons kan hierdie uiteensetting afsluit met die volgende stelling: „'n Sede of gebruik beteken eintlik dat 'n eenheidsgroep mense 'n bepaalde manier van optrede beskou as passend by bepaalde geleenthede; daar is so 'n soort groepsmoraal, ongeskrewe en nêrens bepaal nie, maar tog 'n algemene gevoel binne die groep dat sekere maniere van optrede mag, en ander nie."(1)

Ten slotte bly die taak oor om kortliks die begrip: gewoonte nader te bepaal.

---

(1) A.J. Coetzee: Ons Volkslewe, bls.140.

## V. DIE BETEKENIS VAN: GEWOONTE.[1]

Alhoewel die begrippe „sede en gebruik" of „sede en gewoonte" dikwels, selfs deur volkskundigee, onnoukeurig gebesig word, behoort die terminologie „sede en gewoonte" afgekeur te word, aangesien dit onwetenskaplik is. Nieteenstaande die feit dat die gewoonte 'n ondergeskikte rol as maatskaplike vorm speel, is dit egter geensins onbelangrik vir die volkskundige nie. Inteendeel. Die gewoonte kan die bousteen van sede en gebruik heet.

Die individuele, of gewoontehandelings wat wel die mens as enkeling se gedrag beheer, is nog geen sede of gebruik nie, omdat dit buitekant die groepsverband staan. 'n Gewoonte kan op sigself geen ingestelde, maatskaplike gedrag genoem word nie, juis omrede dit te individueel van aard is.

Gewoontehandelinge kan plaaslik gebruiklike, sowel as erfgoed wees. As sulks is die gewoonte 'n skakel van die tradisieketting. Dit veronderstel meteens dat die gewoonte ook van 'n tradisiekring afhanklik is. Volksgewoontes sonder 'n volk is ondenkbaar. Uit die volksgewoonte [illegible] volksaard, die volksiel bepaal word: die persc[illegible] gewoontes van al die enkelinge, dit wil sê hulle [illegible]svorm, gee tot sy eie aard aanleiding. Maar omdat die volkskundige die groep in sy geheel beskou, besien hy, anders as die psigoloog, nie die enkeling in die gemeenskap alleën nie, maar wel in sy groepsverband. Hier sluit die psigologie en die volkskunde by mekaar aan, want: „...... uiteindelik bestaan elke gemeenskap uit enkelinge, en in enige omskrywing van kultuur en gemeenskap bly die enkeling die onbekende hoeveelheid."[2] Die

---

(1) L. Eichler: The Customs of Mankind, bls.183, e.v.

(2) A.J. Coetzee in: Tydskrif vir Volkskunde, VII, Nr.1, bls.2. Ook: R. Linton: Cultural background of personality, blss.1-23.

individuele lewe binne 'n gemeenskap is die basis van die gewoonte. As die leefwyse van die enkeling 'n vaste patroon aangeneem het, het dit 'n gewoontehandeling geword, dit wil sê nie meer 'n bewuste daad nie. Volksgewoontes soos beleefdheid en gasvryheid, asook gelowigheid geld hieronder. Die verskil tussen gewoonte en gebruik is dus klaarblyklik 'n graadverskil.

Niks beheer die mens se lewe meer as sy vreesgevoelens, sy hoop op die toekoms en sy herinnering aan die verlede nie, want dié bewussynsvorme gee aanleiding tot 'n piëteitsgevoel wat tot 'n handelwyse oorgaan en gevolglik 'n gewoonte word. Wanneer die groep so 'n handelwyse opneem en oorlewer, het ons 'n gebruik.(1) Op dié wyse en langs dié weë ontstaan dan ook die gebruike by geboorte, huwelik en dood, wat lotstydperke in die lewe van die enkeling is, waarby die primitiewe gees van die mens in werking tree. Hier gee gevoelens, eerder as die denke, tot dade aanleiding; hier tree die a-rasionele aard van die mens vormgewend en skeppend op. Dieselfde sielkundige dryfvere is aanwesig in beide die primitiewe én die nie-primitiewe lewe.

Gewoontes is dus algemeen-menslik, omdat hulle uit die diepste sielkundige drange van enige mens voortspruit, maar hulle word bepaal en beïnvloed deur die besondere gemeenskap waarin hulle wortel. Hulle berus nie soseer op tradisionele oorlewering nie. Hulle is altyd teenwoordig waar daar lewe is. Die begrip gewoonte is dus eintlik 'n eng-sielkundige opvatting, wat om daardie rede dan ook buite die bestek van die volkskunde val.

Die hele kompleks sedes, gebruike en gewoontes word onder die begrip: maatskaplike vorme saamgeskaar. Dit

---

(1) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel II, bls.8.

veronderstel dus die gemeenskapsvorms wat ook by die lots-tydperke, soos geboorte, huwelik en dood deur 'n bepaalde volksgemeenskap gehandhaaf word. Omdat sulke maatskaplike vorms slegs in 'n tradisiekring kan bestaan, is ons volgende stap om die tradisionele gemeenskap aan die Kaap in die tydperk 1652 tot 1795 te omskryf.

## VI. DIE ONTSTAAN VAN 'N TRADISIONELE GEMEENSKAP AAN DIE KAAP (1652-1795).

Die tradisionele gemeenskap van die Kaap in die tydperk 1652 tot 1795 is dié groep wat die draer was van die maatskaplike vorms wat uit Europa, en veral Nederland, oorgeplant is, en wat aan die Kaap gewysig is om by die nuwe lewensmilieu van die nedersetters op 'n vreemde, onbeskaafde bodem aan te pas. Sonder die bestaan van so 'n gemeenskap kón daar geen sprake van sedes en gebruike aan die Kaap gewees het nie. Dit is derhalwe nodig om die volkskultuur van die „eerste groep", soos die vroeë Kaapse groep (in die jare 1652 tot 1795) voortaan genoem sal word, te bepaal en om op die lewensomstandighede van dié groep ag te slaan. Voordat ons egter daartoe kan oorgaan, sal dit nodig wees om die sonderlinge verwantskap wat daar tussen die enkeling en sy gemeenskap bestaan, te peil.

F. Müller Lyer skryf soos volg oor die begrip: kultuur: „Onder kultuur verstaat men, zooals bekend is, de som van alle vorderingen en verworvenheden, die de menschelijke maatschappij zich aan materieel en geestelijke goederen, aan weten en kunnen, aan zeden en gebruiken, aan al hare prestaties en levensuitingen, sinds haar eerste begin heeft toegeëigend."(1)

---

(1) Aangehaal uit: A.J. Coetzee: Tydskrif vir Volkskunde, VIII, Nr.1.

R. Linton vestig die aandag op die verskynsel dat elke gemeenskap 'n kultuur besit wat eie aan sy aard is: "Every society has a culture, no matter how simple this culture may be."(1) In 1656 was daar 133 persone in die fort,(2) en in 1661 was daar alreeds omtrent 40 vryburgers buitekant die fort,(3) en later het die Kasteelgemeenskap die Kaapstadse samelewing of groep uitgemaak. Vroeg in die agtiende eeu het die gemeenskappe van Stellenbosch, Drakenstein, Paardeberg, Riebeeckskasteel, Swartland, Piketberg, Biedam, Hantam, Heksriviervallei, Breërivier (die huidige Worcester), Goudini, 't Land van Waveren en ander, soos dié van Swellendam, Franschoek en Graaff-Reinet aan die Kaap bestaan. In 1797 was die bevolking van Graaff-Reinet byvoorbeeld soos volg: 940 mans, 689 vrouens, 1170 seuns en 1138 dogters.(4) Die Kaapse samelewing was dus tussen die jare 1652 en 1795 bepaald 'n kultuurgroep in die sin wat Linton bedoel: daar <u>was</u> 'n gemeenskap en gevolglik <u>het</u> dit 'n kultuurvorm besit.

Omdat daar 'n kultuurvorm aan die Kaap bestaan het, moes daar natuurlikerwys ook sprake van die bestaan van 'n tradisie gewees het. Tradisie is: ".....'n gemeenskaplike lewensopvatting of daad of instelling wat uit die verlede oor die hede in die toekoms reik, gegrond op gemeenskapsgevoel."(5) Die aanwesigheid van 'n gemeenskapsgevoel word dermalwe deur 'n tradisie veronderstel. Aan die Kaap was die tradisie bloot 'n voortsetting van die Nederlandse tradisiekring, veral in die beginjare van die volksplanting. Hierdie Nederlandse tradisie is deur die Nederlanders, as draers van die Nederlandse kultuurvorm, gehandhaaf.

---

(1) R. Linton: Cultural Background of Personality, bls.20.
(2) K.A.: V.C. Nrs.39-59.
(3) Ibid.
(4) Ibid., V.C.104.
(5) A.J. Coetzee in: Tydskrif vir Volkskunde, VIII, Nr.1.

Aangesien die familie die draer en prototipe van die tradisiegemeenskap is,[1] het die Nederlandse gesinne aan die Kaap hulle vaderlandse tradisies onbewus behou en ook oorgelewer aan die opkomende geslagte. Aldus is die sewentiende eeuse Nederlandse gesinstradisie, veral op die Kaap oorgeplant.

Maar met die oorlewering van tradisies aan die eerste geslag gebore Kapenaars het die egte Nederlandse tradisie alreeds verdwyn. Voortaan het 'n Kaapse tradisie die plek daarvan ingeneem. In 1673 was daar byvoorbeeld alreeds 94 kinders aan die Kaap,[2] en hulle was nou nie meer Nederlanders nie, en nog minder was hulle kinders Nederlanders. 'n Eie gesinstradisie het dus onmiddellik aan die Kaap begin. Teen die jaar 1693 is daar meer kinders aan die Kaap gebore (d.i. Kapenaars) as wat daar nuwe intrekkers was uit die stamland. Van nou af is die Afrikaanse tradisie oorwegend aan die Kaap. Die geslag wat in 1673 kinders was, kon in 1693 self ouers gewees het. Myns insiens het die ontstaan van 'n tradisie met 'n eie identiteit aan die Kaap in hierdie verskynsel sy oorsprong.[3]

D.B. Bosman gee 'n bondige omskrywing van hierdie eie Afrikaanse kultuur wat aan die Kaap ontstaan het: "As ons op hierdie stadium 'n samevatting probeer gee van wat ons moet verwag van die Nederlandse, Duitse en Franse amalgamasie aan die Kaap onder die (geskete) omstandighede, dan sou dit moes uitgeloop het op 'n kultuur wat oorwegend Nederlands was, wat so goed as geen tipies Duitse of Franse kenmerke vertoon het nie maar wat heelwat van die tipies Nederlandse kenmerke verloor het, terwyl nuwe, spesifiek Afrikaanse eienskappe hard besig was om te ontwikkel."[4] Uit hierdie ontwikkeling het die samehorig-

---

(1) R. Linton: Cultural Background of Personality, bls.46-47.
(2) K.A.: V.C. Nrs.39-59.
(3) Vgl. K.A.: Monsterrolle: 1656 e.v.
(4) D.B. Bosman in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II, bls.5.

heidsgevoel van 'n Hendrik Bibault ontwikkel, wat alreeds vroeg in die agtiende eeu uitgeroep het: „Ick ben een Africaander."(1) Hierdie woorde dui later as talle syfers die aanwesigheid aan van 'n samehorigheidsgevoel, van 'n bewussyn van eensoortigheid, onder die Kaapse bevolking, veral op die Kaapse platteland.

Vóór 1657 was die Kaap slegs 'n fortgemeenskap, die lewe daarbinne was militêr van aard. Spore van hierdie samelewing wat voortleef, is die hedendaagse kanonskoot presies om twaalfuur v.m. in Kaapstad. Maar ná 1657 toe die eerste Vryburgers aan die Kaap die land begin bewerk het, het die boeretradisie in Suid-Afrika 'n aanvang geneem. Nou was daar alreeds twee Europese maatskaplike groepe aan die Kaap aanwesig. Vir hulle was die Nederlandse tradisie die enigste. Eers ná 'n paar geslagte sou die Vryburgers se tradisies gaan afwyk van die maatskaplike vorms wat nog in die vaderland gegeld het. Om hierdie rede sal daar die Europese erfgoed, naas Afrikaanse eiegoed in die Kaapse maatskaplike vorms wees.(2)

Die Vryburger-gemeenskap het in die begin uit nege persone bestaan. Langs die Liesbeekrivier en by„'t Rondebosjen" het hulle met hulle een ploeg, wat hulle ondermekaar moes leen, die Afrikaanse bodem begin bewerk. Hier het hulle dus alreeds op maatskaplike wyse saam gelewe. Dit was 'n daad wat op hulle samehorigheid dui, 'n daad wat meegehelp het om 'n eievormige tradisie te skep. Hoe snel hierdie tradisie gegroei het, blyk uit die feit dat daar alreeds sestig Vryburgers aan die Kaap was met van Riebeeck se vertrek.(3) Die Vryburgers se kinders het metterwoon 'n bepaalde Afrikaanse tradisiekring gevorm. Hulle getalle

(1) S.P.E. Boshoff: Volk en Taal van Suid-Afrika, bls.37.

(2) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, bls.387.

(3) J.A. Wiid in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.42.

het op vier-en-dertig teen die einde van 1661 gestaan.[1] Nou was die geleentheid daar vir 'n eie kultuur om te ontwikkel, wat van die suiwer-Nederlandse moes afgewyk het. Hierin lê myns insiens 'n vername rede vir die snelle ontwikkeling van Afrikaans, want die nuwe kultuurvorm moes 'n nuwe uitdrukkingsmiddel vind. Toe hierdie aparte kultuurvorm gemeenskaplik geword het en oorgelewer is, was die Afrikaanse kultuur 'n werklikheid.[2] 'n Historikus, J.A. Wiid, is dieselfde mening toegedaan: „Die Afrikanerdom het gedurende die agtiende eeu al die eienskappe ontwikkel wat 'n volk kenmerk.[3]

Tot in die middel van die agtiende eeu het die Kasteel 'n sterk Nederlandse invloed op die Kaapse samelewing uitgeoefen, veral omdat dit die regeringsetel was. Op maatskaplike gebied was die Kasteellewe toonaangewend; danse van die Kasteel is deur burgers nagedoen in hulle eie wonings, en modes wat in die Kasteel gegeld het, het onder die burgerlike bevolking versprei.[4] Die Kasteelsamelewing het dus as die „opperkultuur" van die tyd 'n Nederlands-georiënteerde invloed op die res van die samelewing uitgeoefen.

'n Volgende gemeenskapsgroep was die Kaapstadse burgers. In 1698 was daar omtrent drie-honderd huise in Kaapstad.[5] Hierdie feit veronderstel 'n taamlike groot mate van maatskaplike verkeer, sowel as die aanwesigheid van 'n „dorpskultuur" in die spesifieke sin, asook van 'n bepaalde tradisiekring. Teen die jaar 1750 was daar omtrent vyf-honderd huise in Kaapstad.[6] Nou was dié dorp

---

(1) K.A.: Monsterrolle, 1661, 1673 e.v.

(2) Vgl. R. Linton: Cultural Background of Personality, bls.21.

(3) J.A. Wiid in: Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.56.

(4) C.G. Botha: Ons Suid-Afrika, bls.24.

(5) F.C.L. Bosman in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.195.

(6) K.A.: G.28.

alreeds die vernaamste sosiale sentrum van die Kolonie, benewens die vernaamste handelsentrum, regeringsetel, kerkgemeente en aanrakingspunt met die buitewêreld. Teen die jaar 1779 was daar alreeds meer as agt-honderd huise in Kaapstad,(1) wat soveel huisgesinne veronderstel en die bestaan van 'n taamlik bedrywe samelewing. Stadigaan word ons bewus van 'n onderskeid tussen dorpsbewoners en plattelanders in die Kaapse maatskaplike verkeer.

Sedert 1690 was Stellenbosch (wat terloops as kruisdorp ontstaan het) die vernaamste plattelandse dorp. In daardie jaar het daar reeds 131 mans, 34 vrouens, 49 seuns en 40 dogters gewoon.(2) Hierdie getalle het gedurig aangegroei, en in omstreeks 1797 was daar ongeveer 70 wonings rondom die drosdy van Stellenbosch.(3) Mettertyd het ook die gehuggies Drakenstein, Franschhoek en die Land van Waveren ontstaan as „dorpsgemeenskappe". Hierdie gehuggies was gewoonlik weinig meer as die kernpunte van genoemde landelike wyke.(4) Buitekant Kaapstad was die aard van die Kaapse samelewing derhalwe hoofsaaklik van 'n landelike aard. Hier was die militaristiese organisasie van die fort- en Kasteelgemeenskappe dus nie meer nodig nie, hier was geen beveiliging van die see se kant af nodig nie, en hier het die inboorlinge se plundertogte nie meer 'n fortlewe genoodsaak nie. Soos die Vryburgers was die ander groepe van die Kaapse samelewing teen die jaar 1795 onafhanklik: „Teen die einde van die agtiende eeu kan Suid-Afrika daarop aanspraak maak dat hy aan die wêreld 'n nuwe volk, die Afrikanervolk, gelewer het."(5)

Uit die Kaapse Vryboere en die plattelanders het die veeboere gespruit wat teen die tweede helfte van die

---

(1) M.Le Vaillant: Travels into the interior parts of Africa, deel I, bls.xiv.

(2) M.W. Spilhaus: The First South Africans, bls.133.

(3) K.A.: V.C. Nr.104.

(4) Ibid.

(5) J.A. Wiid in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.52.

agtiende eeu 'n besondere groep, alhoewel 'n verspreide, was. Die veeboere het soos nomade agter hulle veetroppe die binneland ingetrek en 'n egte pionierslewe gelei. Hulle lewensomstandighede het tot verafrikaansing in 'n enger sin gelei. Hierdie pioniers het soms slegs eenkeer per jaar Kaapstad toe gereis om die noodsaaklikste besigheid te verrig. P.J. van der Merwe skryf in dië verband: „Baie koloniste het die Kaap net eenkeer in hulle lewe gesien, naamlik as hulle gaan trou het."(1) 'n Reis van Graaff-Reinet, waar omheen die meeste veeboere gewoon het, na Kaapstad en terug het twee tot drie maande geduur.(2) Die bekende tekening van C.C. Michell(3) wat 'n trekboer se wa voorstel waar dit oor die Cradocknek gebeur word deur 'n span van agtien osse (twaalf - tot veertien was gewoonlik die grootte van 'n span), toon die ontsettende moeilikhede aan wat 'n reis oor die Kaapse bergewêreld in die agtiende eeu meegebring het. Terwyl by 'n wa slegs 'n drywer en touleier in gewone omstandighede voldoende was, het vyf of meer persone moes hulp verleen om 'n wa oor die berge te laat trek. Veral die voorste veeboere het ver van Kaapstad af gewoon, en as gevolg van isolasie het 'n nuwe, en spesifiek Afrikaanse tradisie onder hulle tot stand gekom. Die maatskaplike vorms wat hulle met hulle meegeneem het, sou hulle noodgedwonge moes wysig of selfs toelaat om in die vergetelheid verlore te raak, en hulle moes mettertyd eie, nuwe vorms gehandhaaf het. Hierdie boere van die agterveld se nageslagte het in die negentiende eeu die draers van die Voortrek geword. Vir hulle was die Kaap hulle enigste vaderland.

Andersyds moet mens bedink dat juis die afgesonderde besonder gunstig is vir die behoud van ou vorms, want

---

(1) P.J. van der Merwe: Trek, bls.90.

(2) Ibid.

(3) C.C. Michell: Tekening van Cradock-nek, Africana Museum, Johannesburg.

die nuwe word gewoonlik geskep en die drukste uitgerail waar die verkeer die grootste is. Op die voorposte verwag ons dus enersyde konserwatisme, tweedens afslyting, en eers derdens wysiging of nuutskepping.

In 1795 is die Kaap deur Engeland beset, en daarmee is die groepsamehange van die „eerste groep" verbreek. Nou is die bestaan van die Nederlandse inslag en agtergrond wat tot dusver aan die Kaap gegeld het, versteur en verdring, sowel as vervang deur 'n Engelse inslag en agtergrond. Maar daar het nou reeds op die Suid-Afrikaanse bodem 'n volk ontstaan wat nie Nederlands was nie, en ook nie Duits of Frans nie, maar Afrikaans.(1) Nou was die Kapenaars reeds die Afrikanervolk - 'n volk wat dus op eie aard, eie tradisies, eie volksgeloof, eie volkskarakter, eie volksiel en eie maatskaplike vorms kon aanspraak maak. Dit is ons taak om laasgenoemde in die volgende hoofstukke te ondersoek en te ontleed.

--------------

(1) Vgl. S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.253.

# HOOFSTUK II.

## KAAPSE MAATSKAPLIKE VORMS MET BETREKKING TOT KRAAMBED, GEBOORTE EN DOOP (GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND): 1652 TOT 1795.

### I. INLEIDING.

Geboorte is een van die drie heel vername lotstye in die lewe van die mens. Omdat dit vir die indiwidu van belang is, is dit ook vir die gemeenskap van belang, en gevolglik staan 'n aantal oorgangsgebruike daarmee in verband. In die eerste plek bestaan daar 'n aantal sogenoemde opnemingsgebruike, waarvolgens die nuweling in die gemeenskap opgeneem word. Ten tweede moet die moeder 'n aantal skeidingsgebruike huldig, ten einde van die „abnormale" toestand van swangerskap af te skei.(1)

Vir 'n tydlank ná die bevalling word die moeder nog deur die gemeenskap as „onrein" beskou, en dus ontstaan isolasiegebruike om haar vir 'n ruk van die gewone maatskaplike lewe uit te sluit. Vir die kind geld dieselfde toedrag van sake, want hy word as te swak beskou om die bose geeste, wat by sy geboorte alomteenwoordig is, te trotseer. Gevolglik moet middels aangewend word om hom te beveilig. In die volksgeloof gee hierdie oorgangstadium aanleiding tot opvattinge in verband met moeilike bevallings, die wyse van geboorte, die naelstring, die nageboorte, die behandeling van die pasgeborene, die rol van die vader, die geslag van die kind, sy doop, asook die kraamvrou se doen en late.(2) Die eerste bad kan byvoorbeeld 'n gebruik wees wat die nuweling van sy vorige soort bestaan skei.(3)

---

(1) Vgl. J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.240 e.v.

(2) (a) Vgl. J. Starmans: Verloskunde en Kindersterfte in Limburg, blss.1 e.v.
(b) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel I, blss.1-29.

(3) Ibid. bls.24.

In die Germaanse lande bly die moeder „onrein" vir veertien- of een-en-twintig dae na die bevalling. Ná verloop van ses weke mag sy egter weer haar plek in die samelewing volstaan, mits haar kind alreeds gedoop is.[1] Die sielkundige dryfveer om die kraamvrou en kind se veiligheid en gesondheid te handhaaf, lê dus ten grondslag van die afweergebruike by geboorte.

Onder Christelike invloed het die opvatting ontstaan dat ongedoopte kinders nie hemel toe sal gaan nie, en ten einde die wraak van die gode te verny, word sodanige kinders op spesiale plekke begrawe.[2] In Rooms-Katolieke lande word die ongeseënde kraamvrou, d.i. die kraamvrou wat nog nie haar kerkgang afgelê het nie, op dieselfde wyse bejeën.[3] Van oudsher af bestaan die doop in die Wes-Germaanse lande as vername maatskaplike vorm.

By die doop is die doopwater 'n reinigingsmiddel: sleggesinde geeste word deur die doopwater verdryf. Alreeds in Germaanse tye is doopwater in dié verband aangewend.[4]

In Wes-Europa is pleegouers alombekend. Dit is hulle plig om toe te sien dat die kind wat aan hulle sorg toevertrou is 'n onbesproke lewe sal lei.[5]

Gewoonlik word 'n doopafees by die kind se ouerhuis of in die herberg gehou. Dit maak 'n deel uit van die lewensvreugde oor die geboorte van 'n nuwe lid van die gemeenskap.[6]

Baie gebruike ten opsigte van die naamgewing word onder die Germaanse volkere aangetref. Persoon en persoonsnaam word nooit weer ná die naamgewing in die volksgees

---

(1) ~~[illegible]~~. P. Sartori: Sitte und Brauch, deel I, bls. 30-32.
(2) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel I, bls.28.
(3) Ibid. bls.32.
(4) Ibid. bls.33.
(5) Ibid. bls.35.
(6) Ibid. bls.39.

geskei nie. Dit is gebruiklik om die voorgeslagte se name te kies.[1]

Die aanneme in die kerkgemeenskap is 'n erkenning van die kind se bereiking van die puberteitsleeftyd. Dit is ook 'n lotstydperk wat tot sedes en gebruike aanleiding gee, omdat dit 'n vername „rite de passage" is. Van die kinderlewe af gaan die indiwidu die volwasse lewe nou binne. Die aanneme is in sy wese 'n sede wat op simboliese wyse die ewige voortbestaan van die volk verteenwoordig.[2] Na die aanneme volg vry en trou en die gevolglike voortplanting van die maatskaplike lewe en die vorms wat daarmee gepaard gaan.

In die Germaanse volksgeloof is die geboorte van die kind met sprokiesdrade omweef. Die verklaring van die herkoms van die kind het tot baie opvattinge aanleiding gegee.[3] In die volksgeloof bestaan daar verder opvattinge ten opsigte van die doen en late van die swanger vrou, voorskrifte ten opsigte van hoe om tot swangerskap te geraak en handelinge en voortekens wat die geslag van die ongebore kind sal beïnvloed, voortekens ten opsigte van die getal kinders wat deur 'n vrou gebaar sal word, asook handelinge wat bevallings sal vergemaklik, sowel as geneeskunde by swangerskap en geboorte.[4]

Hierdie kerngebruike by kraambed, geboorte en doop is bykans universeel, en ook Germaans. As sedes en gebruike genome, is hulle vername maatskaplike vorms wat vir die volkskundige 'n insae in die volkskultuur kan gee. Hierdie gebruike is meesal handelinge wat deur die enkelinge van 'n gemeenskap uitgevoer word in die eerste plek, en omdat die enkeling in dié opsig die bousteen van die

---

(1) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel I, bls.40.

(2) Ibid., bls.45.

(3) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, blss.245 e.v.

(4) J. Starmans: Verloskunde en Kindersterfte in Limburg, blss.19-62.

tradisiekring is, kan 'n volkskultuur bestudeer word deur 'n analise van sy sedes en gebruike by die lewensverskynsel: geboorte. Uit die drang om veilig te voel in die lewe, spruit hierdie sedes en gebruike. Wanneer die enkelinge van 'n groep ge-ordende, kenmerkende gedrag en handelwyse ten opsigte van geboorte handhaaf, sal so 'n gemeenskapsvorm terselfdertyd 'n kultuurvorm wees.(1) Ons sal vervolgens die basiese maatskaplike vorms ten opsigte van geboorte aan die Kaap onder beskouing neem.

## II. KAAPSE SEDES EN GEBRUIKE BY KRAAMBED. GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND: 1652-1795.

### (a) Die Kraamvrou en die Kraamkamer.

Ons weet dat die kraamvrou aan die Kaap nie dieselfde geriewe as haar Nederlandse tydgenoot geniet het nie. Ons lees daarenteë dat die Kaapse kraamvrou selde mediese hulp geniet het o. nodig gehad het. Die kraamvrou wat met 'n veeboer getroud was, het some slegs 'n ou Hottentotmeid as vroedvrou gehad.(2)

Kolbe beweer dat die Kaapse kraamvrou drie weke ná haar bevalling in die bed deurgebring het; daarna het sy kerk toe gegaan en 'n dankgebed vir haar herstel gedoen.(3)

In die sewentiende eeu het die Nederlandse „baker" of kinderverpleegster by die kind gebly tot ná die „speenmaal", wat 'n gesinsfees was.(4) Sy het die kind tydens sy eerste lewenstadium bygestaan. Ten opsigte van die Nederlandse kraamgebruike het die „baker" blykbaar 'n aansienliker rol as aan die Kaap gespeel, waar die koloniale omstandighede en die

---

(1) Vgl. R. Linton: Social Background of Personality, blss.4, 7, 10, 11, 15, 16.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. No.25, bls.117.

(3) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.311.

(4) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.30.

skaarste aan „bakers" sowel as ander vroue die Nederlandse gebruik laat verval het. Tog het dit in die vorm van die bekende Kaapse aia gedurende die agtiende eeu herleef. By gebrek aan Nederlandse „bakers" is die aia, gewoonlik 'n ouerige slawemeid, as kinderoppaster aangestel. Die Kaapse „ayah" het met haar Oosterse agtergrond heelwaarskynlik 'n ander kleur aan die kindersorg aan die Kaap gegee.[1]

Volgens oorlewering was die aias besonder bedrewe in die kuns om sprokies te vertel, en presies hoeveel ons volksverhaal aan hulle toedoen te danke was, is moeilik om te bepaal. Belangrik is hier die feit dat 'n geleentheid vir vervorming van die stamlandse kraamgebruike geskep is. Die aia het die Kaapse kind lank opgepas, omdat sy gewoonlik as slavin die gesin se eiendom was: kinders is dikwels nog in hulle vierde jaar aan die Kaap saam met hulle aias skool toe gestuur, waar hulle onder toesig met die ander kinders gespeel het.[2] Hierdie eiesoortige tradisie het die oorgeërfde Nederlandse sedes dus vervorm ten einde by Kaapse omstandighede aan te pas. Vervorming en verhaspeling van die vaderlandse vorms het die ontstaan van nuwe vorms aan die Kaap in die hand gewerk. Teen die einde van die Nederlandse tydperk het hierdie gebruik lankal reeds 'n eie-Afrikaanse kleur aangeneem.[3]

Net soos in Nederland was daar Nederlandse vroedvroue aan die Kaap, alhoewel hulle getalle uiters gering was.[4] Van tyd tot tyd is hulle uit Nederland ingevoer. Hulle het blykbaar „craam stoelen" gebruik

---

(1) C.G. Botha: Social Life at the Cape, bls.44.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. No.6, bls.109.

(3) Vgl. G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, deel I, bls.22.

(4) H. Leibbrandt: Resolusies, bls.129.

wat ook van tyd tot tyd ingevoer is na die Kaap.[1] Omrede daar min geneeshere aan die Kaap was, moes die vroedvroue in Kaapstad en omstreke altans die Kaapse kraamvroue dikwels bygestaan het.

In die volksgeneeskunde by geboorte het die Kaapse vroedvroue byvoorbeeld 'n afkooksel van tabakblare aan die kraamvroue gegee om hulle baringsweë te verlig. Ook is die pleister-resep van Matthys Graft aan die Kaap in die verband aangewend. Swanger vroue het gemelde resep vir pyn in die bore aangewend.[2] Ons kan aanneem dat die volksgeneeskunde by geboorte aan die Kaap in veral die sewentiende eeu nog veelal met die van die stamland ooreengestem het, aangesien die Nederlandse vroedvroue hierdie tradisie aan die lewe kan hou.

In die algemeen is geboortes as heel gewone voorvalle aan die Kaap beskou, deels omdat dit 'n Kaapse tradisie was om groot gesinne te hê, en deels omdat die Kaapse vroue fisies groot, sterk en besonder gesond was. De la Caille beweer: „Zij zijn sterk gehegt aan de gebruiken van het land",[3] waarmee hy te kenne wil gee dat daar aan die Kaap bepaalde eiesoortige gebruike bestaan het. Hierdie reisiger kan egter nie oordeel in hoeverre die Kaapse gebruike van die Nederlandse verskil het nie, aangesien hy 'n Fransman was.

Op die platteland, in Nederland, het die gebruik bestaan dat die aanwesigheid van 'n kraamvrou in 'n huis deur middel van 'n groen tak, veral 'n groen palmtak, aan die hek aangekondig is. Hierdie gebruik het egter in die tweede helfte van die agtiende eeu

---

(1) K.A.C.J. Nr.13.

(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, blss.311-315.

(3) P.Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.196.

seldsamer geword.[1] Moontlik is hierdie gebruik voor die aanvang van die agtiende eeu nog aan die Kaap gehuldig volgens die stamlandse oorlewering. Aan die anderkant moet ons egter in gedagte hou dat die nuttigheid van so 'n gebruik in 'n klein gemeenskap soos dié van die Kaap, waar almal mekaar geken het, miskien verval het.

Wanneer 'n deurklopper aan 'n Nederlandse woning met wit linne toegedraai is, het die hele Nederlandse buurt geweet dat daar 'n kraamvrou binnekant is. Die toegewikkelde deurklopper sou gevolglik 'n sagter klopgeluid laat hoor het. Selfs die nagwag- of burgerwag en skuldeisers het die stilte naby so 'n huis nou bewaar.[2] Alhoewel ons nóg skriftelike nóg mondelinge bewys van dié gebruik kon teëkom, wil dit geensins beteken dat dit aan die Kaap, vers[illegible]n die sewentiende eeu, nie bestaan het nie. Dit is moeilik om vas te stel of die eerste Kaapse wonings deurkloppers gehad het of nie; Adam Tas skryf dat daar een aand: "aan onse deur geklopt" is.[3] Hierdie verwysing dui waarskynlik op 'n [illegible]eklop met die hand, en nie op die gebruik van 'n deurklopper nie. Dit is twyfelagtig of die gewone boerewonings met hulle staldeure kloppers aan gehad het. Aan die deur van die woning te Elsenburg wás 'n deurklopper; dié plaaswoning is in 1698 deur die sekunde van Stellenbosch bewoon.[4] Dit is onwaarskynlik dat die boerewonings deurkloppers aan die voordeure gehad het en wel om bogemelde rede, maar dit verbaas ons geensins dat 'n sekunde, wat 'n beampte van die V.O.C.

---

(1) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.313.

(2) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.78.

(3) L. Fouche: Het Dagboek van Adam Tas, bls.140.

(4) G.E. Pearse: Eighteenth Century Architecture in South Africa, Afbeelding Nr.84.

was, aan sý woning 'n deurklopper laat aanbring het nie. Teen die tyd dat die gewone burgers welvarend genoeg was om aan deurklopper vir hulle voordeure te dink, kon die Nederlandse gebruik egter al verdwyn het aan die Kaap.

'n Volgende Nederlandse kraamgebruik uit die betrokke tydperk wat moontlik ook aan die Kaap kon bestaan het, was om die kindjie so styf in linne toe te wikkel dat hy bene nog arms kon beweeg, want: „dat behoed het kindje voor scheve beenen", en om krom bene te hê, sou bespotlik wees. Ook is daar geglo dat die heildronke wat deur die kind se vader en sy vriende op die nuweling se gesondheid gedrink is, 'n heilsame uitwerking op laasgenoemde sou hê.(1) Omdat die meeste ouers aan die Kaap in die sewentiende eeu Nederlanders was, is hierdie gebruike moontlik deur hulle volgens die vaderlandse voorbeeld gehuldig. Aangesien gemelde gebruike egter nie juis kerngebruike by die kraambed kan heet nie, is dit twyfelagtig of hulle gedurende die proses van oorplanting behoue sou gebly het.

Die Nederlandse kind is geklee en gebad voor 'n oop vuurherd.(2) Omdat die ou Kaapse wonings die Nederlandse tipe vuurherd behou het, kon die gebruik bestaan het aan die Kaap, maar die warm Kaapse klimaat sou so 'n gebruik, veral in die somer, laat verval het. Omdat daar weinig Nederlandse „bakers" aan die Kaap verkeer het, en omdat hulle werk dáár deur slavinne verrig is, moet ons aanneem dat talle stamlandse gebruike ten opsigte van die kraamkamer aan die Kaap verdwyn het.

---

(1) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.79.

(2) Ibid., bls.311.

## III. KAAPSE GEBRUIKE TEN OPSIGTE VAN GEBOORTE (1652-1795), GESIEN TEEN 'N TYDGENOOTLIKE NEDERLANDSE AGTERGROND.

### (a) Volksgeneeskunde by Geboorte.

Omdat die nuwe kind die samehorigheidsgevoel van die gemeenskap versterk, moet hy bevestig word en grootgemaak word ten einde uiteindelik as volwassene sy plek in die samelewing te kan volstaan. In verband met die kind se gesondheid word daar gevolglik talle gebruike gehuldig.

In die volksgeneeskunde ten opsigte van kindersiektes in die tydperk onder bespreking was allerlei afweermiddels en geneesmiddels in Nederland bekend. Allerlei tooisels, kettinkies en kruisies is aan die kind vasgemaak om sy gesondheid te verseker. Krale van die swart sade van die stinkroos (let op sy afwerende geur) en die pioenroos is gemaak en om kindere se halse gehang as afweermiddel teen Engelse siekte. 'n Ketting van „groote barnsteenen koraalen" om die kind se hals is vir pynlike tandvleis en die ongesteldhede daaraan verbonde, aangewend.[1]

Alhoewel ons weinig weet ten opsigte van kindergeneeskunde aan die Kaap, weet ons dat die volgende raat by moeilike bevallings aan die hand gedoen is: „Binde der frauen ein Schlangen haut, welche die Schlangen selbst ablegen, oder eine Stalhaut um den Leib, über den Nabel; das kind kommt euch balt zur welt."[2] Slangvel is 'n ou volksgeneesmiddel; dit skyn asof dit in hierdie geval onder die Duitsere aan die Kaap bekend was.

In gevalle van kinderstuipe is bloed van die Kaapse kind se moeder met moedersmelk gemeng en vir

---

(1) W.J. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.314 e.v.

(2) K.A. Misc. Dok. Fr.40.

die kind ingegee.[1] Hierdie middel berus op simpatie: die moeder, wat nie stuipe het nie, se bloed moet die kind genees.

Vir breuke by kinders moes soos volg te werk gegaan word: neem 'n bierglas vol soetolie en gooi 'n aantal lewendige slakke daarin en hou die mengsel op die breuk vir 'n ruk in die sonlig.[2]

Omdat hierdie aspek van die gebruike by geboorte veelal op mondelinge oorlewering berus, het die meeste daarvan verlore gegaan. In die algemeen sou dit egter nie onvanpas wees om te beweer dat die stamlandse gebruike in die meeste gevalle gehuldig was nie.

Aan die landdros moes alle gevalle van kindersterftes bekend gemaak gewees het.[3] Ongelukkig weet ons ook nie watter volksopvattings in verband met so 'n voorval gehuldig is nie.

(b) <u>Bekendmaking van Geboortes</u>.

In die agtiende eeu het die kerk se aanspreker of koster met wit handskoene aan - wit is hier simbolies van die kindersiel se reinheid - in die buurt in Nederland 'n geboorte bekendgemaak. Somtyds is briefies aan die naaste bloedverwante en vriende gestuur om hulle van die geboorte te verwittig.[4] Waarskynlik is hierdie gebruik in Kaapstad en Stellenbosch gehuldig, maar in die buitedistrikte sou dit seer seker nie die geval gewees het nie, aangesien alle bronne uit diè tydperk melding maak van die veeboer se gebrek aan seremonie.

Die Kaapse gemeenskap was maar klein; almal was soos in 'n klein dorpie ou bekendes. 'n Voorval

---

(1) K.A.: M.D.: Nr. 40.

(2) Ibid.

(3) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.127.

(4) W.J. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.312.

soos 'n geboorte sou dus blykbaar geen aankondiging aan die Kaap nodig gehad het nie. In dié opsig het die geleentheid vir vervorming van die stamverwante gebruik hom voorgedoen.

(c) Die Kerkgang.

Aan die Kaap is die moeder van die pasgebore kind „gekerk".(1) Hierdie gebruik sluit aan by die stamlandse kerkgang-gebruik wat as opnemingsgebruik in Nederland gehandhaaf is.(2) Die Kaapse moeder is omstreeks drie weke na haar bevalling „gekerk". Die handeling het bloot uit 'n besoek aan die kerk bestaan. Tot vroeg in die agtiende eeu is hierdie gebruik aan die Kaap gehuldig. Nadat so 'n handeling uitgevoer is, het die moeder by haar vriende gaan besoek aflê: sy is sodoende dus weer deur haar vriende en die samelewing opgeneem: „Aan die einde van drie weke word hulle (kraamvroue) gekerk, soos ons sê, en dan kuier hulle oral in die nedersetting rond.(3) Ons het in hierdie geval weereens die handhawing van 'n kerngebruik ten opsigte van geboorte aan die Kaap.

Sommige Kaapse moeders het nie in die openbaar verskyn voor 'n maand of selfs langer ná die bevalling nie. Die armer vroue wat geen slawe besit het nie, en gevolglik vanself hard moes werk, was gewoonlik na twee of drie weke weer op die been.(4) In elk geval skyn dit asof 'n tydperk van isolasie aan die Kaap deur kraamvroue gehuldig is. Dit is 'n gebruik wat so oud soos die Bybel is: „Naar Joodsche opvatting mag de moeder haar kind geen segen geven

---

(1) P. Kolbe: The Present State of the Cape of Good Hope, deel II, bls.335.

(2) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.313 e.v.

(3) P. Kolbe: The Present State of the Cape of Good Hope, deel II, bls.335.

(4) P. Kolbe: The Present State of the Cape of Good Hope, deel II, bls.335.

zoolang zij haar kerkgang niet gedaan heeft, zoolang zij dus onrein is."[1] Die ouer, heidense reinigingsgebruik het dus in 'n Christelike kerkgebruik verander.

In Nederland is daar gewoonlik na hierdie kerkbesoek 'n „kerkgangmaal" by die kind se ouerhuis gehou, by watter geleentheid die doopsbokaal in die rondte gegaan het: dit was 'n soort vrugbaarheidsimbool, omdat almal wat dit geroer het, daarmee die belofte te kenne gegee het dat ook hulle 'n dergelike fees aan die groep skuldig bly.[2] In Kaapstad, waar die bevolking digter was, sou sulke feesmale moontlik gewees het; dit is twyfelagtig of dié gebruik buite Kaapstad gehuldig is, en bokale sou buitendien selfs in Kaapstad baie skaars gewees het aan die begin.

Die kerngebruik in hierdie verband, naamlik die kerkgang, is aan die Kaap behou miskien veral omdat dit met die godsdiens verband gehou het.

(d) Die Peetouers.

Geen kind kon aan die Kaap gedoop word, tensy iemand hom „gevader" het nie, met ander woorde, mits 'n peetouer belofte gedoen het om toesig te hou oor die kind se Christelike opvoeding nie. Die vader kon self so 'n peetouer kies, volgens die stamlandse gebruik. Indien 'n voorgestelde peetvader aan die Rooms-Katolieke kerk behoort het, is hy nie aan die Kaap toegelaat om in dié hoedanigheid aangestel te word nie. Soms was die vader ook peetvader. Soms is daar gewag totdat die moeder weer op

---

(1) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.437.

(2) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.314.

die been was en dan het sy saam met die vader na die kerk gegaan wanneer die kind se doopdag aangebreek het. Die moeder was nie in alle gevalle by die doopplegtigheid aanwesig nie.(1)

Vroeg in die agtiende eeu moes 'n doopsgetuie aan die Kaap die doop bevestig: 'n peetvader en peetmoeder, of meesal beide. Hulle is deur die vader gekies, veral in die dorpsgebiede, en vader en peetvader het saam na die kerk gestap, gevolg deur 'n slawemeid wat die kindjie dra. Die peetvader het plegtig die predikant se vrae beantwoord.

Baie interessant is die gegewens in die ou doopsregisters. Dié van 't Land van Waveren is in die jaar 1743 aangelê, en die eerste doop wat daarin geregistreer is, is soos volg:

„No.1: Kint ......... Louis.
Vader ......... Jan jordaan.
Moeder ......... Sussanna jordaan.
Getuigen ......... Louis jordaan, en
Maria Gileome."

Die „getuies" Louis Jordaan en Maria Gileome was blykbaar die peetouers van die gedoopte kindjie. Die peetvader was dus 'n familielid van die vader, en die pleegmoeder kon die moeder se familielid gewees het. Bes moontlik was sy die moeder se jongste suster, en as sulks die kind se peettante.

Die instelling van peetouers is natuurlik 'n geërfde stamlandse gebruik, waarmee die Kaapse vorm in alle besonderhede ooreenstem met die huldiging daarvan in Nederland soos beskryf deur Schotel.(2)

---

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.169.

(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.50.

(e) Die „Pillegift"

Volgens Schotel was dit die plig van 'n kind se peetouers om hom 'n pillegift te skenk.[1] Oor die woord „pillegift" kan 'n uitgebreide taalkundige verhandeling geskryf word. Die woord „pillegift" is afgelei uit die ouer vorm „pillghift(e)" naas „pillegâve." Die eerste stam, „pille" beteken doopkind, of peetkind. Die woord kan herlei word na Germ. „pyl", naas „filiolus", Ohd. „pillo" m., „filiaster", „pilla" v. „filiastra". Uit Latyn stam die begrip: kind uit die woord „pûpillus" v. „pûpilla" wat „onmondige wees" beteken. Die Mnl. vorm „ville" beteken peetdogter, en Os. „fillul" m. beteken eintlik peetkind.[2] Schotel het dus gelyk as hy beweer dat „pillegift" niet anders dan „doopgift" beteken,[3] dit wil sê, 'n geskenk wat aan 'n dopeling gegee word.

In die sewentiende en agtiende eeue was die pillegift alreeds bloot 'n geskenk wat deur 'n kind se peetouers na sy geboorte aan hom gegee is. Ons lees uit dié tyd byvoorbeeld van iemand wat twee silwer knope, waarvan die waarde sewe gulde was, as „pillegift" aan 'n peetkind gegee het. Hemde, hooftooisels, kermisrokke, ou trourokke wat van geslag tot geslag op hierdie wyse oorhandig is, is ook as „pillegiften" geskenk.[4]

Soms is hele uitrustings as „pillegiften" deur peetouers aan hulle peetkinders gegee. Later in die agtiende eeu het die pillegift veral 'n doopsgeskenk geword, en toe het silwerware die gebruiklike geskenk

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.50.
(2) Vgl. N. van Wijk: Etymologisch Woordenboek.
(3) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.50.
(4) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.127.

geword: „de silver rinkelbel, soms met een glazen of kristallen steel, maar steeds uitloopende in een fluitjen."(1)

Ook hierdie gebruike kan tot die gemeenskap se goedgesindheid teenoor 'n nuweling, wat die groep aanvul, herlei word. Daar word groot sorg gedra dat die kind, wat 'n potensiële vader of moeder is, sy of haar volwasse rol in die gemeenskapslewe sal kan volstaan. Die groep glo aan sy ewige voortbestaan, dus moet nuwelinge in die groep opgeneem en beveilig word.

Ook aan die Kaap was daar gebruike ten opsigte van die pillegif in die onderhawige tydvak; ook die Kaapse gebruike het bewys gelewer van die bestaan van 'n tradisiegroep en die drang om die groepsamehorigheid te handhaaf.

Net soos in Nederland is daar 'n „pillegift" aan die Kaapse kind gegee. Soos ons gesien het, was daar twee peetouers wat die kind as nuweling aan die kerkgemeente voorgestel het. Some het 'n kind minder as twee peetouers, of soos hulle aan die Kaap genoem is: „getuige" gehad. Waar daar in Nederland 'n silwer geldstuk, silwer ketting of 'n beursie geld gegee is, is daar aan die Kaap 'n silwer lepel- of swaardjie gegee.(2) Laasgenoemde was veral onder die dorpenaars, dit wil sê, die inwoners van Kaapstad en Stellenbosch die gebruiklike pillegif.

Maar aan die Kaap het die Nederlandse gebruike nie meer sonder meer gegeld nie, want in die buitewyke van Kaapstad het die pillegif alreeds in die jaar 1705 van die Nederlandse vorm van hierdie gebruik gaan verskil. Ons lees in Adam Tas se dagboek dat sy oom, die

---

(1) ~~Ibid., bls.3[illegible] e.v.~~ W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls. 314 e.v.

(2) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.43 e.v.

bekende Henning Huising, aan sy seun twaalf verse as pillegif gegee het. Al die verse was in die kalf.(1) Hierdie feit lewer bewys van twee dinge: aan die Kaap was die pillegif 'n tradisionele familiegeskenk, en die Kapenaar het 'n praktiese geskenk aan sy peetkind gegee. Laasgenoemde verskynsel is dus Afrikaans en 'n vervorming van die oue om by plaaslike omstandighede aan te pas. Twaalf verse was waardevoller aan die Kaap as byvoorbeeld twaalf silwer-lepels! En, wat belangrik is, die Kapenaars is veeboere, vandaar dat die pillegif beeste, aanteelbeeste is! 'n Aanpassing van die gebruik dus by die ekonomiese omstandighede van die peetouers.

Onder die Kaapse veeboere is die tradisionele Nederlandse „pillegift" nog meer vervorm. Onder die veeboere het die dogter op haar huweliksdag al die vee wat van haar pillegif-stoet aangeteel het, by haar vertrek na die nuwe opstal meegeneem. Aan dogters is meesal verse en koeie as pillegif gegee, maar nie meer deur 'n peetouer nie - deur haar eie vader. Aan die seuns is as geboortegeskenk 'n perdemerrie gegee, ook deur hulle vader. Later sou die seun op een van hierdie perde, sy vryperd, ry om te gaan vry. Sulke diere het die name van hulle eienaars gekry. Wanneer veeboere se kinders trou, jaag hulle dus hulle vee tesame na die plek waar hulle opstal gebou gaan word.(2) Die gebruik hou verband met die Afrikaanse spreekwoord: „om hulle vee bymekaar te jaag" (d.i. om te trou).

Hierdie verskille ten opsigte van die stamlandse „pillegift" moet verklaar word uit die gebruik dat meisies moontlik nie gelyk op met seuns geërf het nie. Seuns het vroeg behoefte aan ryperde gehad, wat

---

(1) Adam Tas: Het Dagboek, bls.23.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.112.

betref hulle daaglikse arbeid en die jag en die harde noodsaak om staande te bly te midde van allerlei dreigende gevare. Veeboere se seuns sou tog later al die beeste erf. Moontlik het die vader die pillegif gegee, omdat peetvaders eenvoudig nie kon bekom word nie.

Nà die middel van die agtiende eeu was die gee van geskenke by 'n geboorte nie meer 'n algemene gebruik aan die Kaap nie: „...... ook word nie altyd van die peetouers verwag om pillegifte te gee nie, en die moeder kry geen geskenke na die bevalling nie."(1)

Moontlik het die tradisionele groot huisgesinne, sowel as ekonomiese redes hierdie Nederlandse gebruik aan die Kaap laat verval. Die vervorming van die „pillegift"-gebruik aan die Kaap moet dus verklaar word uit die eie-kleur van die Kaapse maatskappy. Die verspreide bevolking het die hegte gemeenskapsver[illegible]er wat nodig is vir die bestaan van die meeste gebruike laat verflou; onder die verafgeleë veeboere is hierdie verhaspeling die duidelikste. Die moeilikhede verbonde aan verkeer en aan gereelde kerkbesoek, sowel as die daaglikse noodsaaklikheid om teen gevare te stry, het almal meegewerk om isolasie in die hand te werk. Met betrekking tot die afgesonderde leefwyse van veral die veeboere, het vervorming van die vaderlandse sedes en gebruike ingetree. Verder het die stryd om te bestaan 'n ekonomiese dwang uitgeoefen op die verafgeleë Kapenaars wat tot versobering, verval van die oue, en tot die uiteindelike skepping van 'n nuwe tradisie aanleiding gegee het. Langs hierdie weë het die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse tradisieskat plaasgevind. Hierdie ontwikkeling lewer meteens bewys van die aanwesigheid van 'n eie Afrikaanse kultuur.

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, bl.121-122.

## IV. KAAPSE SEDES EN GEBRUIKE TEN OPSIGTE VAN DIE DOOP, (1652-1795) GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND.

(a) Religieuse Aspek van die Doop

IV. KAAPSE SEDES EN GEBRUIKE TEN OPSIGTE VAN DIE DOOP, (1652-1795) GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND.

[illegible] uit die oudste tye. Dit is die simboliese handeling van die reinigingsgebruik waaromheen dit opgebou is. Onder die Christene het die doop 'n religieuse gebruik gewo[illegible], en as 'n heilige sakrament beskou. Onder die Christene het dit die plek van die besnydenis ingeneem, en alreeds in die derde eeu tot stand gekom in die Christelike kerk. Omdat dit 'n inisiasiegebruik is, word die doop slegs eenkeer aan dieselfde persoon bedien. In die derde eeu is daar alreeds besluit dat die doop in die naam van die Seun, die Vader en die Heilige Gees bedien so[illegible] in die Christelike kerk. Die dopeling se ouers o[illegible] touers [illegible] bely sy Christelike geloof, omdat hyself [illegible] nie daartoe by sy doop instaat is nie.(1)

[illegible] oop- en naamgewing is dus 'n rituele res van 'n voormalige skeidingsgebruik: deur die kind te doop, word hy 'n Christen, deur hom 'n naam te gee, word hy van sy vroeëre lewe geskei. Van die ongedoopte na die gedoopte staat belewe die kind dus 'n oorgangstadium. Die oupa se naam word vir 'n seun, en die ouma se naam vir 'n meisie gegee. Ongedoopte kinders, iets wat dus nie met die sede strook nie, se siele dwaal in die vorm van dwaalliggies rond. (2)

In die Germaanse volksgeloof bestaan die opvatting dat water 'n reinigingsmiddel is, veral by die doop. Water behoed die pasgebore kind teen die kwaadwilligheid van demone. Gevolglik het dit in die vyftiende eeu gebruiklik geword om kinders in die kerk te

---

(1) C. Annandale: The Popular Encyclopedia, deel II, bls.30.

(2) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.250.

doop. Dit sou die kind nog verder teen onheil beveilig. Die peetouers moes daarby belowe dat hulle die kind soos 'n Christen sou laat grootword.(1)

Die doopsede het dus op grond van die religie ontstaan. Die pasgebore kind moet gedoop word ten einde hom en sy moeder teen die duiwel te beskerm.(2)

Gedurende die sewentiende eeu is die staat deur die Hervormde Kerk in Nederland beheers, want dié kerk is as staatskerk erken, terwyl daar sterk teen die Rooms-Katolieke kerk gewaak is. Dit was 'n tyd van die uiterste Calvinisme en van die sogenaamde patriotiese predikante.

Aan die hoof van die gemeente het die predikant gestaan, en hy het groot gesag beklee. Die ouderlinge en diakens het die kerkraad gevorm, en 'n sogenaamde ouderlingsvreees was nie onbekend nie: die gesag van die kerk is tot in die uithoeke van die gemeenskap gevoel.(3) Gevolglik het weinig dit gewaag om hulle kinders nie te laat doop nie. In hierdie tyd is alleenlik die enkeldoop deur die Nederlandse staatskerk erken; teen 'n wederdoop is streng gewaak en gewaarsku.

Die gewyde doopwater is van oudsher as simbool van reinheid beskou. Onsede was dit om 'n kind nie te laat doop nie.(4) Gevolglik is daar geglo dat ongedoopte kindersiele op die aarde ronddwaal, omdat hulle nie in die hemel kan opgeneem word nie.(5)

Baie eeue is die doop dus al as belangrike volksede beskou. Die waterdoop as sulks is hier 'n

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bl. 250.
(2) (a) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.250 e.v.
(b) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel I, bls.33.
(3) L. Knappert in: Het Huiselijk en Maatschappelijk Leven onzer Voorouders, deel II, blss.99-142.
(4) L. Knappert: Het Huiselijk en Maatschappelijk Leven onzer Voorouders, deel II, blss.99-142.
(5) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.460.

kernsede wat vanweë Europa ook die Kaap bereik het, soos ons verderop sal besef.

Nie alleen op Sondae nie, maar op weeksdae kan kinders in Nederland gedoop word.[1] In die Germaanse volksgeloof was die doopdag van groot belang, want alles wat op die doopdag gedoen is, sou die kind beïnvloed. As daar byvoorbeeld op so 'n dag gebrei, of met die naald gewerk word, sal die kind vlytig en vaardig wees.[2]

Aan die Kaap het die afwesigheid van predikante in die fort alreeds in Jan van Riebeeck se dae die doopsede vervorm. Terwyl die Nederlandse kind so spoedig moontlik na sy geboorte gedoop moes word, is die doop van kinders aan die Kaap soms vir 'n jaar vertraag, voordat 'n besoekende skeepspredikant die dooppleptigheid kan waarneem. In 1653 is 'n kind gedoop nadat die Heilige Avondmaal bedien is. Die dag was 'n Sondag.[3] In 1654 is nog 'n kind, en weer op 'n Sondag in die fort gedoop.[4]

(b) Die Doopdag.

Die eerste Vryburger wie se kind gedoop is, was Jan Sacharias se dogtertjie, Maria. Sy is ook deur 'n besoekende predikant gedoop, en wel op 'n Sondag.[5] Kinders is gewoonlik op Sondae in die fort gedoop, en wel wanneer besoekende predikante aanwesig was. Alreeds in hierdie opsig is die vaderlandse sede

---

(1) L. Knappert in: Het Huiselijk en Maatschappelijk Leven onzer Voorouders, deel II, blss.99 e.v.

(2) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel I, bls.35.

(3) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel I, bls.235.

(4) Ibid., bls.525.

(5) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel III, 1558.

heel vroeg vervorm. Die kerklike sede is behou waar dit moontlik was. Dat kinders slegs gedoop kon word wanneer besoekende predikante aan die Kaap aanwesig was, is 'n gebruik wat ontstaan het as gevolg van die dwang van omstandighede.

Aan die begin van die agtiende eeu, toe die dienste van predikante aan die Kaap ni. 'eer 'n seldsaamheid was nie, is kinders in Kaapstad en omgewing gewoonlik op die eerste Sondag na hulle geboorte in die naaste kerk waar gereelde kerkdienste plaasgevind het, gedoop.(1) Nou is die ouer gebruik om die kind spoedig na die geboorte te doop, dus herstel.

Die Kapenaars het egter vasgehou aan die gebruik dat hulle kinders in die kerk gedoop moet word.(2) Dit was nie gebruiklik om kinders buite die kerk te laat doop nie. Alreeds sedert 1666 is kinders volgens gebruik ná die kerkdiens na die doopvont geneem om gedoop te word.(3) Sulke dienste is op Sondae gehou, met die gevolg dat Sondag ook doopdag was.

Aan die Kaap is daar geglo dat die doop 'n kerklike seën is wat vir die kind se welvaart uiters noodsaaklik was. Om hierdie rede is kinders selde tuis gedoop, en met sulke geleenthede moes ten minste twee kerkraadslede aanwesig wees.(4)

Die plattelanders het stellig nie spoedig na die geboorte hulle kinders laat doop nie: "As 'n vrou mettertyd aan 'n kind geboorte gee, word die doop uitgestel tot lank na die bevalling; of dit kan miskien gebeur dat 'n paar weke, maande of jare verbygaan,

---

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.169 e.v.
(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.169 e.v.
(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, blss.43-44.
(4) Ibid.

volgens die afstand van die kerk af, voor die ouers kerk toe reis om die kind te laat doop; die vader tree as peetvader op en die moeder dra die kind na die doopvont." So skryf Mentzel, maar dan het hy die tydperk in die oog toe die bevolking reeds versprei het.(1)

Die boere uit die binneland wat selde dorp toe kon kom, het dikwels kinders laat doop wat alreeds kon loop, want met doopgeleenthede het hulle sommer die kans waargeneem om 'n hele paar „agterstalliges" ook laat doop. In sulke gevalle het beide ouers die doopplegtigheid bygewoon. As die vader nie aanwesig was by die doop nie, het dit opspraak verwek in dié samelewing.(2)

Aan die Kaap, anders as in die stamland, is boere se kinders in die agtiende eeu dikwels gedoop wanneer hulle ouers om een of ander belangrike rede, of om die nagmaal by te woon, Kaapstad toe gegaan het. Hier was die doop dus nie meer hoofsaak nie, maar alreeds bysaak. Weereens het plaaslike omstandighede tot vervorming van die oorgelewerde stamlandse tradisie bygedra. Die doop het vir die boere uit die binneland 'n bykomende sakie tydens hulle dorpsbesoek geword. Die doop is deur hulle sonder inagneming van veel seremonies afgehandel.(3) Dit is waarskynlik ook een van die redes van die verval van die „pillegift" en die geskenke aan die kraamvrou. As gevolg van die dwang van plaaslike omstandighede het die oorgelewerde doopsede aan die Kaap vervorm. Boere het te min tyd tot hulle beskikking gehad om in die dorpe van die doop 'n groot

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.117.

(2) Ibid. V.R.V. Nr.6, bls.122.

(3) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.127.

fees te maak. Gewoonlik het sulke kerkgangers slegs in tente naby die kerk kampeer en hulle het dus nie die nodige geriewe besit om 'n groot doopsfees te reël nie. Die wete dat hulle besittings en boerdery tuis sonder opsig en beskerming verkeer het, moes hulle met haas vervul het. Die ontsettende moeilikhede wat 'n tog Kaapstad toe meegebring het, blyk uit die bekende skildery van C.C. Michell: dit stel 'n wa voor wat die Cradocknek oorgaan. Agtien osse trek die wa en vyf persone help om hulle aan te dryf.[1] Die gedagte aan so 'n tog moes ontmoedigend gewerk het op reisigers. Hierdie omstandighede het weinig kans vir die instandhouding van talle doopsgebruike aan die Kaap gebied. Dat verval en vervorming van die stamland se sedes en gebruike ingetree het, verbaas ons geensins.[2] Dit is te wagte dat die Kaapse nedersetters tydens die eerste paar geslagte op die nuwe, en vir hulle vreemde bodem nog taamlik getrou en stiptelik die vaderlandse doopsedes- en gebruike in ere probeer hou en handhaaf het, maar namate die bevolking verspreid geraak het, moes die vaderlandse sedes en gebruike verbleik en verdwyn het.

(c) <u>Houding teenoor Ongedoopte Kinders</u>.

In Nederland moes alle kinders so spoedig moontlik ná die geboorte gedoop word.[3] Dieselfde houding is aan die Kaap waargeneem. Dit is as 'n onsede en skande beskou om kinders nie te laat doop nie. Aan die Kaap is slawekinders selfs in die kerke

(1) Africana-Museum, Johannesburg.

(2) Vgl. ook: C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls. 40.

(3) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.40.

van die blankes gedoop.[1] Slawe-eienaars is vermaan om hulle slawekinders in die beginsels van die Christelike leerstelling op te voed.[2] Hierdie opvatting dui op die kernbegrip van die doop: wie gedoop word, moet volgens Christelike voorskrifte opgevoed word. In die verband is 'n nuwe tradisie aan die Kaap geskep: die slaweeienaar tree as 'n soort pleegouer vir sy slawe op; hy moet waak dat die Christelike leerstelling deur sy slawe gehandhaaf word.

Ons kan uit bogemelde ook aflei dat Kaapse ouers streng gewaak het teen gelykstelling tussen gedoopte- en ongedoopte kinders, en dat hulle gestrewe het om ook hulle eie kinders soos Christene te laat doop en om hulle soos Christene op te voed. Ons kan dit die aanvang van die Christelike opvoedingsideaal in Suid-Afrika noem. Vir die Kapenaars was die doop 'n bewys van Christelikheid, en as sulks 'n baie vername volksede. Ons moet due nie meen dat die doop in sommige gevalle aan die Kaap uit belangeloosheid vertraag is nie; dit is bloot deur landeomstandighede teweeggebring. Die koloniste se gehegtheid aan die Bybel was, in die gees van die tyd, baie diepgewortel en nougeset; want die Bybel was nog die bron van alle opvoeding. Kerklike voorskrifte is op konserwatiewe wyse gehandhaaf.[3]

Op 23 Maart 1666 was die doopsede in die Kaapse gemeenskap ter sprake. Ná afloop van die kerkdiens op daardie dag is 'n blanke kind na die doopvont gebring om

---

(1) V. de Kock: Those in Bondage, bls.109.

(2) Ibid.

(3) (a) H. Brugmans: Het Huiselijk en Maatschappelijk Leven onzer Vooroudere, deel II, blas.103-152.

(b) C.G. Botha: Ons Suid-Afrika, bls.77.

(c) G.M. Theal: "A History of South Africa", bls.370.

gedoop te [illegible]rd. Daarná het 'n slawemeid ook háár kind vorentoe gedra om gedoop te word. Ds. Baldeus, wat die diens waargeneem het, het egter teen die doop van 'n slawekind in die blankes se kerk beswaar gemaak, nieteenstaande die feit dat hierdie verskynsel geensins vreemd aan die Kaap was nie. Maar Ds. Baldeus het net pas van 'n skip in Tafelbaai aan wal gestap en het nog nie die Kaapse sedes geken nie.

Goewerneur Wagenaar was baie kwaad oor die predikant se weiering om 'n heiden te doop en [illegible]as tot die Christelike kerk te win. Later is daar 'n bevel deur die Politieke Raad uitgevaardig wat bepaal het dat die slawekind wél gedoop moes word.[1]

(d) Die Doopsklere.

Die Nederlandse kind is op sy doopdag met groot sorg geklee. Tot 'n mate is daar met sy doopsklere gespog.[2] Alhoewel dit vir ons moeilik sou wees om te weet presies hoe die Kaapse kinders se doopklere gelyk het, weet ons nogtans dat hulle wel in die stamlandse tradisie ook spesiale doopklere gedra het. In die „Vendutie Rollen" in die Kaapse Argief word dikwels na doopklere en dooplinne verwys. 'n Item op 'n vandisierol van die jaar 1688 lui soos volg: „een witte doop lynnen".[3] Die kleur van doopklere was deurgaans wit.

Wat die stoflike kultuur betref, naamlik dinge soos kleredrag, meubels, tafel- en kombuisgerei, plaasgereedskap en ambagsgereedskap, was die Kaap en Nederland eners, aangesien die meeste gebruiksvoorwerpe uit Nederland ingevoer is. Hiervan is die inventarisse van artikels in die Kaapse Argief voldoende bewys.[4] Ons kan

---

(1) G.M. Theal: A History of South Africa, deel I, bls.370.
(2) (a) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.313.
(b) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.41.
(3) K.A.M.O.O.C. 10/1 - 10/18 (1688-1795).
(4) K.A.M.O.O.C., 1688-1795.

dus met sekerheid beweer dat die Kaapse doopklere ook uit Nederland ingevoer is, of altans volgens die vaderlandse vorm vervaardig is.

(e) Die Doopsfees.

C. Graham Botha meen dat daar aan die Kaap waarskynlik geen doopsfeeste soos in Nederland was nie.(1) Aangesien hierdie gebruik 'n kerngebruik by die doop kan heet,(2) is ons genoop om Botha se bewering in twyfel te trek. Die reisiger, H. Lichtenstein, wat vroeg in die agtiende eeu aan die Kaap vertoef het, maak melding van 'n soort doopmaal. Hy het waargeneem dat daar in Kaapstad en omstreke 'n onthaal ten huise van die doopouers gegee is. Koek, wyn en ligte verversinge is op so 'n doopsfees verskaf.(3) In hierdie opsig is die tradisionele Nederlandse doopgebruik tog aan die Kaap gehandhaaf, ondanks Botha se bewering.

Op die platteland was die toestand blykbaar anders. Tussen die jare 1705 en 1713 toe P. Kolbe die Kaap besoek het, het hy geen doopmale onder die Kapenaars waargeneem nie: „Men weet hier van kinder- noch doopmalen en de ouders zijn, door zulke omstandigheden, niet tot het maken van werkelijke onkosten genoodzaakt."(4) Kolbe noem ekonomiese dwang as die oorsaak van die afwesigheid van hierdie gebruik aan die Kaap. Hierdie erfsede sou egter nie om daardie rede alleen aan die Kaap verdwyn het nie alhoewel ekonomiese oorwegings dikwels alléén al voldoende aanleiding tot verval is. Kolbe het waarskynlik aan die bevolking op die platteland gedink: onder hierdie koloniste is die doopsfees

---

(1) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.44.
(2) (a) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.43.
(b) W.J. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, blss.313-314.
(3) H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa, V.R.V. Nr.11, bls.99.
(4) P. Kolbe: Nieuwe, Algemeene Beschrijving, bls.271.

miskien nie in stand gehou nie, omdat ander gebruike ook deur hulle verwaarloos is. Ons meen desnietemin dat die bewering van Lichtenstein die naaste aan die waarheid is, omrede hy 'n langer tydperk aan die Kaap vertoef het as Kolbe.

Ook ten opsigte van die doopsfees is die Nederlandse kerngebruik aan die Kaap gehandhaaf.

## V. WIEGELIEDJIES (1652-1795).

Ten nouste verbonde aan die sedes en gebruike by die geboorte van die kind is die oorgelewerde skat aan wiegeliedjies. Waar daar moeders of kinderoppasters is, sal daar wiegeliedjies wees. Hierdie aspek van die volkspoësie is dan ook in die sewentiende en agtiendo eeu in Nederland en aan die Kaap gehandhaaf. Ongetwyfeld het die Nederlandse moeders in die beginjare van die volksplanting die volgende bekende wiegeliedjie gesing:-

„Roor, kindje, roor,
Het varken heeft een oor,
Het schaapje heeft een smuitje,
Mijn lief lekker guitje;
Het koetje dat geeft melk
Om papje te kooken voor elk,
Van dat lieve kleine goed.
Roor, roor, slapen, dan zijt gij zoet."(1)

Dit is opmerklik dat die belangrikste voedingsbronne van die wiegeliedjie die onskadelike huisdiere soos die skaap, koei en die vark is. Daarmee word die kindjie gerusgestel. Wat is minder skrikwekkend vir 'n kind as ' stil, sagsinnige skaap wat vreedsaam buite rondloop? Die volgende sewentiende eeuse wiegeliedjie verwys hoofsaaklik

---

(1) G.D.J. Schotel: Volksboeken, bls.263.

na die skaap:-

„Suja, suja hey
Het schaapje loopt in de wey,
Het heeft zulke zachte voetjes,
Het geeft er zijn melk zoo zoetjes,
Het geeft er zijn melk voor 't lieve kind,
Dat van zijn moesje wordt bemind."(1)

In Suid-Afrika is die volgende wiegeliedjie, wat klaarblyklik 'n vervorming van die Nederlandse is, vandag nog bekend:-

„Slaap, kindjie, slaap,
Buite loop 'n skaap,
'n Skaap met witte voetjies
Hy drink sy melk so soetjies.
Skapie met sy witte wol
Kindjie drink sy magie vol."(2)

Dit kom veral ooreen met die volgende Nederlandse vorm:-

„Suja, suja, slaap!
Daar buiten loopt er een schaap!
Daar buiten loopt er een koe,
Die roept er boe, boe, boe,
Die geeft er melk voor 't kindje
Die zetten wij dan in 't spintje,
Dan koken wij lekkere papje;
Dan geven wij het kindje een hapje,
Suja, slaap mijn lieve poet
Suja, slaap dan zijt gij zoet."(3)

---

(1) G.D.J. Schotel: Volksboeken, bls.263.

(2) A.J. Coetzee: Die Afrikaner se Volkskunde, in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.395.

(3) G.D.J. Schotel: Volksboeken, bls.363.

Schotel meen dat die sprokie die wiegeliedjie in die agtiende eeu verdring het, om moeders by voorkeur sprokies aan hulle kinders vertel het.(1)

Ook hier, omdat oordrag op mondelinge wyse geskied, moes veel deur die jare verlore gegaan het. Andersyds besit wiegeliedjies wat erg in die smaak val, die eienskap om 'n taaie bestaan te voer ten spyte van die proses van verbaspeling.

Die Kaapse moeders moes bepaald wiegeliedjies vir hulle kinders gesing het. Onder die oudstes in ons land geld die volgende:-

„Doe, doe, doe, doe, baba,
Baba moet maar slapies,
Ou paai sal vir baba vang,
As baba nie wil doedoe gaan."(2)

Die Afrikaanse „doe"-klank stam volgens S.J. du Toit uit die Nederlandse „do"-klank, wat in talle ander wiegeliedjies ook aangetref word.(3) Waarskynlik hou dit verband met Duits: „ruhen" wat „slaap" „rus" beteken.

S.J. du Toit is van mening dat die wiegeliedjie „Klaas Vakie" uit Nederland na Suid-Afrika oorgeplant is:-

„Klaas Vakie kom,
Klaas Vakie kom,
Hy kom by die skoorsteen in,
Hy kom by kleine Anna,
Met so lustige sin.
Kindjie gaan na bed
Haar ogies val so toe;
Sy sal die melkies drinke
Al van die bonte koe;
Die koeitjie is bont,
Haar melkie is gesond,
Dit loop in Anna haar mond."(4)

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsch Huisgezin, bls.63.
(2) F. Schonken: Kaapsch Hollandsch Overleveringen, bls.65.
(3) S.J. du Toit: Affikaanse Volkspoësie, bls.2.
(4) Ibid., bls.6.

Die verwante Nederlandse vorm lui soos volg:-

„Klaas Vakeling, Klaas Vakeling,
Hij komt den schoorsteen in
Hij komt op kindjes oogen,
Al met een zoeten zin.
't Kindje gaat naar bed,
Zijn oogjes vallen toe.
Hij zal zoete melkje drinken,
Al van de bonte koe.
De koe is bont,
En de melck is gezond,
Die loopt in kindjes mond."(1)

Opmerklik is dit dat die twee slotreëls, wat in paarrym is, baie groot ooreenkoms in die Nederlandse en Afrikaanse vorms vertoon. Rym word in die volksmond met minder verhaspeling oorgelewer, omdat berymde inhoud beter onthou word. Baie ander wiegeliedjies uit die sewentiende en agtiende eeu is egter aan die vergetelheid toegesê, omdat die volksdinge selde opgeteken word, maar wat van geslag tot geslag mondeling oorgelewer word.

## VI. B E S L U I T.

Uit die voorgaande is ons nou instaat om af te lei dat, omdat die kerngebruike by kraambed, geboorte en doop met geringe wysigings aan die Kaap oorgeplant is, die kleiner, fyner aspekte van hierdie gebruike ook oorgeplant moes gewees het. Veral vóór die jaar 1700 moes die Kapenaars se sedes en gebruike 'n oorwegend Nederlandse kleur gedra het. Daarna het, tesame met die uitbreiding van die volksplanting, en die gevolglike verspreiding van die bevolking. 'n Mate van isolasie ontstaan wat die Nederlandse sedes en gebruike se verval in die hand gewerk het.

(1) S.J. du Toit: Afrikaanse Volkspoësie, bls.6.

Ten opsigte van die volksgeloof in verband met kraambed, geboorte en doop weet ons weinig uit hierdie eerste tydperk van die Afrikaanse volkskunde. Veral omdat die volksgeloof van mond tot mond in die volksgemeenskap leef, tree verhaspeling en vervorming en gevolglike verdwyning so maklik in die oorleweringskat van 'n volk in. Dat daar 'n tradisie van die soort in die volksmond aan die Kaap bestaan het, is ongetwyfeld, aangesien daar vandag nog oorleweringe hier ten lande bestaan wat uit dié tydperk stam.[1] Hierdie dinge bestaan vandag waarskynlik nog as verhaspelde reste in die volksmond. Wat vandag nog hier ten lande in die vorm van oorleweringe bestaan, moet hoofsaaklik in die „eerste tydperk" 'n beslag gekry het, aangesien die historiese laag in die Afrikaanse volkskunde sinds 1652 'n rol begin speel het.

Ons besef dat motiewe soos die vroedvrou, die „baker", die kerkgang, die doopgebruike, waaronder die doopmaal, peetouers en pillegif, asook kraambedgebruike en gebruike ten opsigte van die geboorte, die swanger vrou en die kind die karakteristieke eienskappe van die Nederlandse ooreenkomstige kerngebruike gedra het. Die basiese eienskappe van die tradisionele Nederlandse sedes en gebruike in hierdie opsig was nie vreemd aan die Kaapse samelewing nie; inteendeel die Kaapse tradisie is heg op die lees van die Nederlandse oorleweringskat geskoei. Na aanleiding hiervan kan die Afrikaanse volkskundige aanneem dat die Nederlandse gebruike aan die Kaap ook gegeld het wat betref verskynsels soos die skeidingsgebruike van vrou en kind, asook die gebruike ten opsigte van funksionele doopsklere. Afwykingsvorme moet aan plaaslike omstandighede, waaronder ekonomiese dwang en isolasie veral genoem kan word, toegeskryf word.

---

(1) Vgl. F.T. Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, bls.1 e.v.

In die beginjare van die volksplanting moes die Kaap hoofsaaklik nog Hollands gewees het, soos die spreekwoord lui, maar mettertyd het die ontstaan van 'n eie Kaapse tradisieking, wat eintlik die ontplooiing van 'n eie volkskultuur was, 'n eie kleur aan die Kapenaars se doopsedes- en gebruike gegee. Laasgenoemde is egter sonder twyfel veelal op die Nederlandse wortel gestoel.

Die Kaapse doopsedes- en gebruike het 'n algemene Germaans-Nederlandse agtergrond genad, maar daarnaas mettertyd ook 'n eie Afrikaanse kleur, soos ons studie van talle motiewe getuig het. Hierdie eie-Afrikaanse identiteit is van die allergrootste betekenis vir die Afrikaanse volkskundige, omdat dit bewys lewer van die bestaan van 'n eie Afrikaanse volkskultuur aan die Kaap in die tydvak 1652 tot 1795.

---------------

# HOOFSTUK III.

## MAATSKAPLIKE VORMS AAN DIE KAAP TEN OPSIGTE VAN VRY, VERLOWING EN HUWELIK (1652 - 1795) GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND.

### I. INLEIDING.

Die huwelik is die tweede vername lotstyd in die lewe van die mens. Vir elke gemeenskap versinnebeeld die huwelik die voortbestaan van die groep. Hieroor skryf A.J. Coetzee soos volg: „In die lewe van elke mens is daar drie belangrike tydstippe: geboorte, wasdam, dood. By al die natuurvolke, selfs ook by kultuurvolke, tref ons begryplikerwyse allerlei sedes en gebruike aan wat met hierdie tydperke saamval. Die grondbetekenis van baie van daardie gebruike is dat hulle die individu sinnebeeldig afskei uit die een toestand, hom voorberei vir die volgende toestand, en hom in daardie nuwe toestand invoer. Die hele kompleksgebruike noem ons oorgangsgebruike, ‚rite des passage'."(1) Ook by die huwelik kan ons dus afweergebruike, opnemingsgebruike en afskeidingsgebruike te wagte wees ten opsigte van die volk se gebruikskat.

Die huwelik is miskien die gewigtigste van alle menslike instellings. Dit is ook een van die heel oudstes. Vry en trou het 'n eeue-oue geskiedenis wat die spel tussen die menslike drif en die maatskaplike sedelike wette en godsdiens inhou. Omdat die huwelik so 'n ou gemeenskapsvorm is, bevat dit die tradisionele oorleweringe van baie kulture en volke.

Die middeleeue het baie huweliksvorms- en gebruike meegebring wat nog in die Indo-Europese volkslewe gehandhaaf

---

(1) A.J. Coetzee: Ons Volkslewe, bls.147.

is. Hieraan het die Rooms-Katolieke kerk in die middeleeue sy oorleweringskat toegevoeg. Op hierdie wyse het die sedes en gebruike ten opsigte van die huwelik diep in die lewe van die meeste volke ingegroei.

In die gryse verlede het die Germane 'n barbaarse lewe gelei (die etnologie of volkekunde van Wes-Europa berus hierop), en in die Nederlandse en tewens die hele Dietse huweliksgebruike bestaan die oer-oue spore en agtergrond, soos dit nog steeds waarneembaar is in die volkskunde van die Germaanse volke van Wes-Europa. Die begrippe van die ou Romeine en dié wat in die Nuwe Testament vervat is, het by bogemelde oorleweringskat aangesluit en is daarmee [vermeng].[1] By 'n studie van die sewentiende- en agtiende eeuse Afrikaanse huweliksgebruike is 'n kennis van die tydgenootlike Nederlandse huweliksgebruike dus onontbeerlik as agtergrond. Dit sal ons instaat stel om verskille in verband met oorgelewerde gebruike, sowel as eiegoed op dié gebied uit te ken. Onteenseglik moes die stamland meer vorms gehandhaaf het as die Kaap; laasgenoemde sou heelwaarskynlik slegs die kernvorms van sedes en gebruike uit die vaderland bly behou het, omdat die nuwe bodem nuwe sedes geverg het. Alreeds in die dae toe Jan van Riebeeck en sy volgelinge die fort bewoon het, het die geleentheid vir verbleking van die erfvorms ingetree.

Vir Van Riebeeck en sy groep was die hoofdoel om die nuwe land mak te maak en te verdedig. Gedurende die eerste vyf jaar het die Kaapse gemeenskap slegs [uit] die samelewing in die fort bestaan. Hier het die eerste Kaapse gemeenskap toe kans gekry om hom by plaaslike omstandighede aan te pas. Omdat almal van mekaar afhanklik was, moes die fortgemeenskap se gevoel van samehorigheid baie sterk gewees het. Gevolglik sou die vaderlandse gebruike by

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.13.

is. Hieraan het die Rooms-Katolieke kerk in die middel-eeue sy oorleweringskat toegevoeg. Op hierdie wyse het die sedes en gebruike ten opsigte van die huwelik diep in die lewe van die meeste volke ingegroei.

In die gryse verlede het die Germane 'n barbaarse lewe gelei (die etnologie of volkekunde van Wes-Europa berus hierop), en in die Nederlandse en tewens die hele Dietse huwelikse gebruike bestaan die oer-oud spore en agtergrond, soos dit nog steeds waarneembaar is in die volkskunde van die Germaanse volke van Wes-Europa. Die begrippe van die ou Romeine en dié wat in die Nuwe Testament vervat is, het by bogemelde oorleweringskat aangesluit en is daarmee vermeng.[1] By 'n studie van die sewentiende- en agtiende eeuse Afrikaanse huweliksgebruike is 'n kennis van die tydgenootlike Nederlandse huweliksgebruike dus onontbeerlik as agtergrond. Dit sal ons instaat stel om verskille in verband met oorgelewerde gebruike, sowel as eiegoed op dié gebied uit te ken. Ontwyfelbaar moes die stamland meer vorms gehandhaaf het as die Kaap; laasgenoemde sou heelwaarskynlik slegs die kernvorms van sedes en gebruike uit die vaderland bly behou het, omdat die nuwe bodem nuwe sedes geverg het. Alreeds in die dae toe Jan van Riebeeck en sy volgelinge die fort bewoon het, het die geleentheid vir verbleking van die erfvorms ingetree.

Vir Van Riebeeck en sy groep was die hoofdoel om die nuwe land mak te maak en te verdedig. Gedurende die eerste vyf jaar het die Kaapse gemeenskap slegs uit die samelewing in die fort bestaan. Hier het die eerste Kaapse gemeenskap toe kans gekry om hom by plaaslike omstandighede aan te pas. Omdat almal van mekaar afhanklik was, moes die fortgemeenskap se gevoel van samehorigheid baie sterk gewees het. Gevolglik sou die vaderlandse gebruike by

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.13.

lotsdae in stand gebly het in die fortgemeenskap. Eers later, toe Franse en Duitse bevolkingselemente die Kaapse samelewing versterk het, dit wil sê gedurende die agtiende eeu, is die geleentheid vir die ontwikkeling van eie vorms daargestel. Vername temas in die studie van die Kaapse huwelikagebruike sal dus erfgoed en eiegoed wees. Verskynsels soos geboorte, huwelik en dood is algemeen-menslik en persoonlik, maar die houding van die gemeenskap, en die gemeenskap se handelwyse by sulke geleenthede, met ander woorde, die maatskaplike vorms, is vir ons in dié geval van belang. Watter vorms is aan die Kaap ten opsigte van die mens se lotstye gehuldig? Hierdie vraag is vir die Afrikaanse volkskundige van groot belang.

Die menslike drang om samelewings te vorm en om maatskaplike vorms te handhaaf, sluit aan by die menslike drang om veilig te voel in die lewe, en as sulks is dit ongebonde aan 'n milieu.(1) Sedert 1652 was daar mans, vrouens en kinders aanwesig in die Kaapse samelewing - gesinne dus, wat hoofsaaklik van Nederlandse afkoms was. Die Kaapse kultuurvorm kôn dus niks anders as Nederlands wees nie, omdat die samelewing uit Nederlandse individue saamgestel is.(2)

'n Mens mag derhalwe beweer dat die Kaapse koloniste ten minste die kern - gemeenskapsvorms van hulle vaderland op die Kaap oorgeplant het by die volksplanting. Met verloop van tyd kon sekere besonderhede, kleiner gebruikies, ten opsigte hiervan verhaspel en verbleek het. In die plek van sommige oues het die koloniste waarskynlik nuwes geskep om by bepaalde geleenthede of omstandighede aan te pas en om bepaalde geestelike behoeftes te bevredig.

---

(1) Vgl. R. Linton: The Cultural Background of Personality, bls.8.

(2) Ibid., Hoofstukke 1 - II.

In laasgenoemde bestaan die voedingsbodem van die Afrikaanse tradisionele oorleweringskat uit hierdie vroeë tydperk van ons geskiedenis.

Alhoewel die huweliksregisters van Kaapstad en Stellenbosch vir die tydvak ter sprake volledige gegewens ten opsigte van die name van die egpare en die datums van die egverbindinge aangee, verswyg die argiefstukke natuurlik die dinge in verband met die volksgeloof en die huweliksgebruike wat bestaan het en wat vir die volkskundige van belang is. Daardie dinge het alleen in die volksmond bestaan, en is selde of ooit opgeteken.

Die huweliksregisters in die Kaapse Argief is egter genoegsame bewys dat huwelike wél aan die Kaap plaasgevind het tussen Nederlandse mans en vrouens, asook tussen Nederlanders en ander Europese nasionaliteite wat die Kaapse bodem bewoon het. Dit verbaas ons dat heelwat huwelike jaarliks aan die Kaap plaasgevind het, aangesien die bevolking geensins dig was nie. Teen die jaar 1790 is daar gewoonlik byvoorbeeld een-honderd-en-dertig pare in Kaapstad in die huwelik bevestig. In 1792 is 174 huwelike in Kaapstad voltrek en in 1795 is daar 213 voltrek.(1)

Minder huwelike is jaarliks in Stellenbosch bevestig, aangesien daar 'n kleiner bevolking was. In die jaar 1700 is daar byvoorbeeld slegs drie pare in daardie dorpie getroud; in die jaar 1720 is sewe huwelike in Stellenbosch voltrek; in 1786 sestien en in 1795 slegs vier.(2) Hierdie feite lewer bewys van die bestaan van huweliksgebruike aan die Kaap, want waar daar huwelike plaasvind, moet daar ook huweliksgebruike wees.

Tot omstreeks die jaar 1700 het daar hoofsaaklik nog 'n militêre samelewing aan die Kaap bestaan, en wel

---

(1) K.A.V.C. Nr.104.

(2) K.A. Acc. Nr.2.

onder die vaderlike gesag van die goewerneur. Tydens die agtiende eeu het die Kaap alreeds die kleur van 'n landelike nedersetting aangeneem.(1) Laasgenoemde ontwikkeling kon nie sonder 'n geweldige invloed op die maatskaplike vorms plaasvind nie. Ons kan verwag dat die kleur van die egte Nederlandse sedes en gebruike teen die einde van die agtiende eeu dus ook moes verander het. Terwyl die lewe aan die fort en later die Kasteel as regeringsetel van die kolonie die Kaapse maatskaplike vorms geweldig moes beïnvloed het, en wel omrede dit die vernaamste Kaapse sosiale kring was, kan die grensboere hierdie invloed teen die tweede helfte van die agtiende eeu nie meer so sterk ondergaan het nie, eenvoudig omdat hulle toe reeds te vêr daarvan verwyderd was.(2) In hierdie toestand van isolasie kon hulle óf die ou Nederlandse tradisies kerngesond en konserwatief behou, óf nuwes in die plek daarvan stel.

Origens is dit vir ons nodig om in gedagte te hou dat die huwelike wat in die agtiende eeu aan die Kasteel plaasgevind het 'n belangrike en diepgaande invloed op die huweliksgebruike van die Kaapstadse burgers en plattelandse boere kon uitoefen by wyse van kulturele wisselwerking. Die vorms van die Kasteelgebruike moes oor die Kaap versprei het soos alle gebruike in 'n gemeenskap versprei - by wyse van na-aping en mondelinge oordrag. Wat ookal die geval was, die opperkultuurlaag (die Kasteelsamelewing) moes sy invloed op die onderkultuurlaag laat geld het, en wel aangaande Europese modes wat langs die weg van vername gaste aan die Kasteel die Kaap bereik het. In hierdie opsig herinner die Kaapse samelewing gedurende veral die eerste eeu van sy bestaan sterk aan die Middel-

---

(1) J.A. Wiid: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, blss. 56-58.

(2) Vgl. J.A. Wiid: Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.58.

eeuse Kasteellewe met 'n gesaghebber aan die hoof van die gemeenskap wat op gretige wyse die lewensvorms van die hoflewe aanvaar het. Uit die stamland het die Nederlandse sedes en gebruike die Kasteel bereik, om vandaar oor die platteland te versprei.

## II. DIE MOTIEWE IN DIE KAAPSE EN NEDERLANDSE VRY- EN HUWELIKSGEBRUIKE IN DIE SEWENTIENDE EN AGTIENDE EEU.

### (a) Die Toekomstige „Deel'.

Jong meisies wat alreeds aangeneem is en gevolglik as „vrysters" in die gemeenskap bestaan, wil graag weet met wie hulle eendag sal trou, en hoe so 'n toekomstige „deel" gaan lyk. Dit word dus nodig om die toekoms te voorspel. Gevolglik bestaan daar in die volksgeloof talle liefdes-orakels, toekomsvoorspellinge en ander waarsê-middels waarmee volksmeisies die sluiers van die toekoms probeer lig. In die Dietse volksgeloof speel diere en plante in dié opsig 'n vername rol. Drome hou ook aanduidings van die toekoms in. As 'n mens van die dood droom, kan 'n huwelik verwag word.[1] Schrijnen noem hierdie verskynsel: „droomverklaring door omkeering".[2] Vandag nog bestaan daar hier te lande talle volkskundige verskynsels van hierdie aard.[3] Hulle grondslag is algemeenmenslik: 'n jong meisie wil nie ongetroud bly nie, en sy wil met iemand trou wat mooi van aansien is. Ook die volksgees word in dié volksgelowe weerspieël: die huwelik is 'n gewenste staat, want dit ondersteun die samehorigheid van die groep. Gevolglik geld die volksopvatting dat dit ongelukkig is vir 'n hubare meisie

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.276.

(2) Ibid., bls.276 e.v.

(3) P. Prins: Bygelowe oor Vry en Trou, D.H.G., 28/7/1945.

of jong man om nie te trou nie; die volksgeloof moedig huwelike aan; die meisie is gretig om met 'n welgestelde man te trou; die volksede keur luiheid en slordigheid af; dronkenskap word nie verwelkom nie; 'n wewenaar-vryer is nie gesog nie, omdat jeugdige huwelike voordelig vir die groep is; om ongetroud te bly, is 'n soort skande wat soms die volksregspraak uitlok.(1)

Van belang is die keuse van 'n eggenoot dus, omdat sosiale status daarvan afhang. Omdat die vrou die middelpunt van die huislike- en familielewe is, verwelkom sy slegs deugvolle en vlytige vryers, omdat sodaniges 'n voorspoedige lewe en bestaansveiligheid voorspel. 'n Diep-menslike drang gee dus tot hierdie huweliksgebruike aanleiding. Aldus is die individu ten opsigte van die groepskultuur vormgewend. Suiwer menslike oorwegings by die jong meisie soos byvoorbeeld hoe haar toekomstige „deel" gaan lyk, waarvandaan hy kom, hoe oud hy is, hoe ryk hy is, hoe getrou hy sal wees en hoe goedhartig hy sal wees, dien uiteindelik dus om die samehorigheid van die groep in die hand te werk. Die individu tree egter as enkeling op, sonder bewuste gedagte aan die groepseenheid. Meesal word voorkeur aan vryers uit die sie buurt gegee; dit werk die hegtheid van die groep weereens onbewus in die hand. Hierby sluit die eintlike huweliksede aan wat verderaan behandel sal word.

Aangesien hierdie motief by die huwelik veelal op mondelinge oorlewering berus, is dit moeilik om gegewens in verband daarmee aan te tref. Ons kan alleen aanneem dat dit wat vandag nog in die volksmond

---

(1) Vgl. K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.474.

hiervan leef, oorspronklik uit die stamland afkomstig is. Ongelukkig verskaf geen van die Nederlandse skrywers oor hierdie tydvak: Schotel, Knappert, Hofdijk en Brugmans gegewens van hierdie aard nie. Ons kan alleen poog om deur middel van die huidig-bestaande gegewens terug te werk na die onderhawige tydvak.

Die voorskrif: As 'n mens die balke in jou slaapkamer se dak tel, voordat jy slaap, sal jy van jou nooi of kêrel droom,(1) laat 'n mens gis oor die ouderdom van hierdie opvatting, aangesien sigbare dakbalke in 'n huis 'n primitiewe tydperk voorstel.

Ongelukkig kan ons vandag slegs gis oor die opvattinge in die volksgeloof met betrekking tot die toekomstige „deel" soos dit in die volksmond aan die Kaap tussen 1652 en 1795 gelewe het. Daar moes 'n tradisie van dié aard aan die Kaap bestaan het, omdat dit vandag nog beide in Nederland en aan die Kaap bestaan. Hierdie motief in die volkskunde van die „eerste groep" in Suid-Afrika is ongelukkig nie uit die volksmond op skrif gestel nie, nogtans vorm dit onbetwisbaar die agtergrond van die huidige volksgelowe van hierdie aard.

(b) Vrygebruike.

Die vrytyd lei uiteindelik tot die huwelik. Die bruidswerwing vertoon baie wisselvorme, maar eeuelank het die huwelik sy oer-eienskap behou, naamlik die van roof en verowering. Voorheen het die huwelik nader aan 'n roofdaad as vandag gestaan. Gedurende die sewentiende eeu het geskenkies, briefies en serenades as verbleekte oorblyfsels van die vroeëre vorm in Europa bestaan. Deur die eeue is die oorspronklike

---

(1) P. Prins: Bygelowe oor Vry en Trou, D.H.G. 28/7/1945.

sede versag.[1] Hierdie afslytingsproses is eie aan die lewe van die sede: „Vormen van het volksleven zijn, zooals wij ze kennen, altijd resten van vroegere vormen en zeden, die in den loop der tijden steeds zijn veranderd, verminkt, opgebouwd, herschapen."[2] Hierdie stelling help ons om vas te stel dat die vorms van die volkslewe, soos ons dit ken, reste van vroeër vorms is. Op die Afrikaanse vrygebruike is bogemelde stelling dan ook van toepassing: die vorms wat vandag bestaan, stam uit 'n ouer tradisie.[3]

Voorheen het daar in Nederland sogenaamde „vrijstermarkten" bestaan. By 'n herberg het boereseuns- en meisies op 'n bepaalde „koopdag" vergader, gewoonlik tydens 'n kermis, waar 'n vryersmark gehou is.[4] Schrijnen wys daarop dat hierdie gebruike se oorspronge waarskynlik in die Germaans-heidense voortyd gevind kan word, toe die bruidskoop die algemene gebruik was.[5] In hierdie verband moet ons weereens gis oor vorms aan die Kaap. Hierdie gebruike moes hoofsaaklik op Nederlandse lees geskoei gewees het. Die spore wat die vrytyd in die volksgeloof nagelaat het, is nie so maklik om uit te vind nie, daar ook hierdie oorleweringe se voortbestaan van mondelinge oorlewering afhanklik is. Ons weet dat dit in sommige gevalle aan die Kaap gebruiklik vir die vryer was om 'n suster- of niggie se sy bode aan te stel. Laasgenoemde moes sy saak by 'n gekose nooi gaan ondersoek.[6] Hierdie gebruik het in die

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.37.

(2) P.W.J. van den Berg in: Volk van Nederland, bls.164.

(3) Vgl. A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, blss.412-414.

(4) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.277.

(5) Ibid., bls.278.

(6) Vgl. O. Schreiner: Thoughts on South Africa, Hoofstuk III.

sede versag.(1) Hierdie afslytingsproses is eie aan die lewe van die sede: „Vormen van het volksleven zijn, zooals wij ze kunnen, altijd resten van vroegere vormen en zeden, die in den loop der tijden steeds zijn verandert, verminkt, opgebouwd, herschapen."(2) Hierdie stelling help ons om vas te stel dat die vorms van die volkslewe, soos ons dit ken, reste van vroeër vorms is. Op die Afrikaanse vrygebruike is bogemelde stelling dan ook van toepassing: die vorms wat vandag bestaan, stam uit 'n ouer tradisie.(3)

Voorheen het daar in Nederland sogenaamde „vrijstermarkten" bestaan. By 'n herberg het boereseuns- en meisies op 'n bepaalde „koopdag" vergader, gewoonlik tydens 'n kermis, waar 'n vryersmark gehou is.(4) Schrijnen wys daarop dat hierdie gebruike se oorspronge waarskynlik in die Germaans-heidense voortyd gevind kan word, toe die bruidskoop die algemene gebruik was.(5) In hierdie verband moet ons weereens gis oor vorms aan die Kaap. Hierdie gebruike moes hoofsaaklik op Nederlandse lees geskoei gewees het. Die spore wat die vrytyd in die volksgeloof nagelaat het, is nie so maklik om uit te vind nie, daar ook hierdie oorleweringe se voortbestaan van mondelinge oorlewering afhanklik is. Ons weet dat dit in sommige gevalle aan die Kaap gebruiklik vir die vryer was om 'n suster- of niggie as sy bode aan te stel. Laasgenoemde moes sy saak by 'n gekose nooi gaan ondersoek.(6) Hierdie gebruik het in die

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.37.

(2) P.W.J. van den Berg in: Volk van Nederland, bls.164.

(3) Vgl. A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, blss.412-414.

(4) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.277.

(5) Ibid., bls.278.

(6) Vgl. O. Schreiner: Thoughts on South Africa, Hoofstuk III.

regentiende ee  die Kaap nog bestaan. Dit kan alleenlik in die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie se tydperk sy ontstaan gehad het.[1] Maar in die algemeen was die huweliksaansoek in Nederland hoofsaaklik 'n saak tussen die verliefdes self. Die ouers het nie veel druk op hulle kinders ten opsigte van 'n keuse uitgeoefen nie.[2] Aan die Kaap is daar onder die veeboere egter deeglik ondersoek ingestel na 'n meisie se moeder en grootmoeder se herkoms, ten einde vas te stel of haar afkoms onbesproke is.[3] Dié gebruik kan teruggevoer word na die groep se instinkmatige afsku vir bloedskende.

Die motief van die vryersbode in die vrytyd het dus in Nederland sowel as aan die Kaap bestaan in die tydvak onder bespreking. Volgens die Bybelse voorskrif was dit die gebruik om die vryer se bode of sy perd water en voedsel te gee, net soos Rebekka gedoen het.[4] In dié geval het ons dus aan die Kaap weereens die behoud van 'n Nederlandse kerngebruik.

Van oudsher is „toontjies trap" - vergelyk die Afrikaanse spreekwoord: toontjies trap is vra, wegkyk is ja - 'n vrygebruik in die Nederlande.[5] Omrede ons dieselfde uitdrukking in verband met die vrytyd vandag nog besig, kan ons aanneem dat ook hierdie vorm uit die tradisie van die „eerste groep" stam.

Gedurende die sewentiende eeu is die eedelikheid ten opsigte van die vrytyd baie streng gehandhaaf.[6]

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.46.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.48 e.v.

(3) O. Schreiner: Thoughts on South Africa, Hoofstuk III.

(4) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.47.

(5) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.474.

(6) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, blss.227-228.

Opsit, soos ons dit vandag nog hier ten lande ken, het reeds in die stamland bestaan.[1] Ook het die liefdestaal bestaan: 'n takkie vol wit blomme wat deur 'n vryer aan sy nooi geskenk is, het „standvastige liefde" beteken.[2] & [3] Opsitgebruike en liefdestaal moes dus in die tydperk onder bespreking in Nederland en aan die Kaap baie eners gewees het.

Algemeen was in Nederland in hierdie tydperk die vrygebruik wat as „kweesten" bekend was.[4] Dit was die algemene benaming vir nagvryery (Vgl. Eng.: „quest": om te soek; Latyn: quoestio: om te soek). Vroeër het dit as erkende vrygebruik in sommige Noord-Hollandse dorpe bestaan. Dit was 'n bepaalde vorm van vry onder toesig van die hele buurt, en het ook in Duitsland, sowel as oor die hele Europa bestaan. Terwyl die huis se deure en vensters oopgestaan het, het die vryer op die bed gesit waarop sy beminde lê. As hy hom nie „sedelik" gedra het nie, is „ketelmuziek" - 'n groot lawaai - buite die huis opgeskop om die buurt se aandag daarop te vestig by wyse van volksregspraak.[5] Volgens Knappert het dié gebruik in die agtiende eeu nog op die eiland Texel bestaan.[6] In die Kaapse Argief is geen verwysing na hierdie gebruik nie, wat moontlik verklaar kan word uit die feit dat Texel nie Afrikaanse stamouers opgelewer het nie.[7] Omdat hierdie vrygebruik in Nederland in 'n buurt of dorpsgebied bestaan het, kan dit aan die

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls. 217-228.

(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.234

(3) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.413.

(4) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.229.

(5) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.279.

(6) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.28.

(7) Vgl. A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, blss.12-13.

Kaap alleenlik in Kaapstad of Stellenbosch bestaan het, aangesien die ander gehuggies steeds te klein was. Indien dit wel bestaan het, sou dit dus in genoemde dorpe kon aangetref word. Die feit dat geen van ons bronne, te wete Mentzel, Kolbe of Le Vaillant hierdie gebruik vermeld nie, laat ons egter sterk twyfel of dit in die Kaapse samelewing bekend was. Gedurende die agtiende eeu het die vrypostigheid van die vryer onder invloed van die Romantiek egter heelwat afgeneem;[1] vroueverering was 'n hoofkenmerk van die tydsgees en dit kon dien om die „kweesten"-gebruik te verdring.

(c) Die Hubare Leeftyd.

Voorheen het daar 'n gebruik bestaan waarvolgens ouers hulle kinders alreeds in die wieg of selfs nog voor die geboorte verloof het.[2] Schotel verseker ons dat dit in die sewentiende eeu in Nederland gebruiklik was om op taamlik jeugdige ouderdom te trou.[3] Ook K.C. Peeters verwys na hierdie ou Nederlandse gewoonte.[4] In die volksgemeenskap word die spot spoedig gedryf met iemand wat „op die rak sit". Hubare dogters en vars vis, so heet dit in die Nederlandse volksmond, moet nie lank bewaar word nie.[5] Die menslike instink om sy soort voort te plant, gee dus aanleiding tot hierdie verskynsel in die volkslewe. Uit hierdie drang spruit dan ook talle vrugbaarheidsgebruike by die huwelik.

Ook in die Kaapse samelewing het die meeste pare op besonder jeugdige leeftyd getrou. Die gegewens in die huweliksregisters in die Kaapse Argief dui

(1) Vgl. L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.43.

(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.227.

(3) Ibid.

(4) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.473.

(5) Ibid.

hierop in die onderhawige tydvak.[1] Nie alleen die tradisionele Nederlandse gebruik was egter vir jeugdige huwelike aan die Kaap verantwoordelik nie. Vroegtrou is aan die Kaap miskien ook bevorder deur die oorwig van die aantal mans; die paar meisies wat die Kaap bereik het, is spoedig in die eg verbind.[2] Vir jong pare was dit gerieflik om aan die Kaap 'n begin te maak. Sinds 1685 is koloniste aangemoedig om na die Kaap te verhuis, waar baie grond beskikbaar was as gevolg van die kredietstelsel van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie. Vir die gevestigde boere moes kinderrykheid van ekonomiese betekenis gewees het, aangesien die werkkrag van kinders veel goedkoper as dié van knegte en slawe was. Sulke faktore sou tot vroeë huwelike aanleiding gee. Jong pare kon maklik selfstandig begin boer, en hulle pionierslewe het tot vroeë rypheid gelei.[3] Die destydse lewens- en veral ekonomiese omstandighede het natuurlik veel tot die jeugdige huwelike bygedra, maar tog bly dit 'n opmerklike verskynsel dat vroeë huwelike die reël was.

(d) Die Verlowing.

Die verlowingsgebruike wat in hierdie tyd in Nederland gegeld het, was ook meesal van toepassing op die Nederlandse kolonies: „In de koloniën volgde men zoo goed mogelijk de gewoonten van het moederland. Zoo vertelt een Zweedsch reisiger ons van de Kaap a. 1773, dat geen kolonist mocht huwen zonder goedkeuring van den gouverneur, dat hij het verzoek kon indienen des

---

(1) K.A.V.C.Nr.104. Ook: Acc.2. V.C.Nrs.39 en 125.

(2) J.A. Wiid in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.46.

(3) (a) Vgl. G. Cronjé in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, blss.314-315; 337.

(b) Ook: P.J.van der Merwe: Trek, blss.5-6.

Donderdags, dat daarop des Zaterdags aan het paar een order wordt gegeven voor de Raad, die de verboden graden onderzoekt, waarna de gouverneur beveelt de geboden af te kondigen."(1) Hier het die gesaghebber getrag om die vaderlandse sede aan die Kaap te behou. In 'n klein gemeenskap soos dié van die Kaap is daar streng teen bloedskande gewaak. Hier het ons nogeens 'n kerngebruik wat uit Nederland op die Kaap oorgeplant is deur die Nederlandse volksplanting.

Dit skyn asof die Goewerneur aan die Kaap beslis gepoog het om die vaderlandse sedes aldaar te handhaaf. Hy was die vaderlike hoof van die samelewing. Simon van der Stel en Rijk Tulbagh het hierdie beleid op nougesette wyse uitgeleef. Sonder invloed op die gemeenskapsvorms van die Kaapse samelewing was hierdie belangstelling van die staatshoofde dan ook geensins, want 'n verloofde paar moes deeglik deur die Huwelikshof ondervra word, voordat hulle toestemming tot die huwelik kon kry. Beswaar kon teen 'n voorgenome huwelik gemaak word, indien rede daarvoor bestaan het.(2) Op dié wyse is sommige Nederlandse sedes dus ook deur die Kaapse owerheid bewaar. Grondoorsaak van hierdie gebruik is die afsku vir bloedskande.

Hierdie Kaapse (en Nederlandse) huweliksgebruik is alreeds deur Jan van Riebeeck ingestel. In die jaar 1656 moes die Kommandeur eers sy „consent" tot 'n voorgenome huwelik skenk, alvorens die paartjie kon trou. Alle aanstaande egpare moes eers voor die Kommandeur verskyn om deur hom ondervra te word.(3) Dit was natuurlik sy doel om die sedelikheid van die

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.71.

(2) P. Kolbe: ~~Description~~ The Present State of the Cape, deel I, blss.340-342.

(3) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel III, bls.654.

gemeenskap op vaderlandse peil te handhaaf. In 'n klein gemeenskap soos dié van die fort moes daar streng teen bloedskande gewaak word. Omdat die lewe in die fort aan 'n beperkte ruimte onderhewig was, kon Van Riebeeck nie te veel gesinne toelaat nie, gevolglik moes egpare se vooruitsigte eers ondersoek word, alvorens hulle toegelaat kon word om in die eg te tree.

In Nederland het die verlowing nog steeds „vaste verkeering" beteken.(1) Liefdespande is gewoonlik as verlowingsgeskenke gegee, maar onder sommige volksklasse was die plegtige verlowing onbekend.(2) Gedurende die sewentiende en agtiende eeu was die huweliksgeskenk as simbool van verlowing veelal bekend. Verloofdes het mekaar die helfte van 'n geldstuk om die hals gehang. Dit het as bewys gedien dat bruid en bruidegom, soos die verloofde paar geheet het, hulle aan mekaar verloof het.(3) Die twee helftes was sinnebeeldig van 'n eenheid. Volgens ou Germaanse gebruik was dit 'n ooreenkoms tussen die bruidegom en diegene in wie se mag die meisie haar bevind het, soos byvoorbeeld haar vader, familielede of voog. Aan hulle moes 'n bedrag geld betaal word ten einde hulle te vergoed vir die verlies van haar dienste. Dit was die sogenaamde Germaanse koophuwelik.(4)

Gedurende die sewentiende eeu het hierdie „ondertrouw"-gebruik aan die Kaap presies soos in Nederland bestaan. Op 8 Oktober 1661 is die volgende aantekening in Jan van Riebeeck se dagboek aangebring:

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.283.

(2) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.478.

(3) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.13.

(4) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.62.

"......... hebben Frans Gerritz van den Uythoorn, en Meeltjen Jacobs van Rosendael, jonge dochter out 22 jaeren, <u>ondertrouw</u> gedaen."(1) Hierdie gebruik was 'n soort kontrak tussen die man en die vrou, volgens die Romeins-Hollandse reg. Teen die einde van die Nederlandse tydperk in Suid-Afrika het die ondertrougebruik of siviele huweliikskontrak nog steeds in die Kaap bestaan. 'n Plakkaat van 5 Maart 1794 vermeld dat egpare daarna na die „Collegie van Commissarissen" vir die ondertrou moes gaan. Direk daarna kon pare hulle gebooie opgee. Steeds moes „consent" van owerheidsweë verleen word om die „ondertrouw" aan te gaan.(2) Klaarblyklik is hierdie gebruik as 'n soort troubelofte in die dae van Jan van Riebeeck beskou. Voor die huweliksaankondiging van Corneliszoon Mostert en Hester Weyers is so 'n troubelofte voor die Kommandeur voltrek.(3) So 'n troubelofte was van 'n bindende aard. Ontug wat deur 'n verloofde in hierdie tyd begaan is, het as owerspel gegeld.(4) Dit lewer bewys van die strengheid waarmee die verlowing in die sewentiende en agtiende eeu in Nederland en aan die Kaap bejeën is. Soos die huwelik self, was die verlowing of voortrou 'n saak wat ten nouste aan die godsdiens verbonde was. Die paar moes God bid om hulle 'n gelukkige huwelik te skenk. In die kerk is minder as drie huweliksgebooie nooit toegelaat nie.

Voordat 'n verloofde Kaapse paartjie se huweliksgebooie kon afgekondig word, moes die bruid se ouers eers aan die bure bekendmaak of hulle gedurende die

---

(1) J. van Riebeeck: Daghverhaal, Deel III, bls.654.

(2) M.K. Jeffreys: Kaapse Plakkaatboek, deel III, bls.232.

(3) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel II, bls.430.

(4) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.62 e.v.

verlo[illegible]ngstyd geneë was om besoek te ontvang of nie. In[illegible]en wel, is die aanstaande bruid en bruidegom deur al hulle vriende gelukgewens nadat die owerheid se toestemming verkry is. As dit egter bekend was dat die bruid se ouers nie ten gunste van besoeke was nie, het die vriende van albei kante alleenlik op die middag ná aflees van die eerste gebod by die bruid se ouerhuis ver[illegible]ader.(1) Ook hierdie gebruik vertoon ooreenkoms met die dergelike tydgenootlike Nederlandse gebruik.(2)

Onder die boere op die platteland was die verlowing iets informeels, omdat dit nog geensins as die werklike huwelik beskou is nie. Geen gelukwensinge is gevolglik deur die ouers verwag nie. 'n Verlowing is eers as sulks erken nadat die eerste huweliksgebod in die kerk afgelees is, want dan het almal geweet dat beide ouerpare hulle toestemming tot die voorgenome huwelik gegee het, en dat dit due ook deur die Kaapse Huwelikshof goedgekeur is. Nadat die eerste gebod afgekondig is, is die paar as werklik verloof beskou, en dan [illegible] alle vriende na die bruid se ouerhuis gegaan [illegible]nstaande egpaar geluk te wens.(3) Op die plat[illegible]s hierdie Nederlandse kerngebruik dus ook gehuldig, [illegible]og op ietwat konserwatiewer wyse as in die dorpe: 'n verlowing word eers as sulks beskou wanneer die eerste gebod in die kerk afgelees is.

(e) Die Huweliksgeboute.

Eertyds was die eerste huweliksaankondiging 'n vername gebeurtenis. Dit het op die "ondertrouw" gevolg, en is as die afskeid van die jongelingskap gevier. Huweliksbier (ook: huilbier - heilbier) is

---

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel II, bls.266.

(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, blss.250-256.

(3) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, Blss.120-121.

gedrink, en rympies is aan bome en huise aangebring op hierdie dag in Vlaandere.[1] In sy kern is die huweliksgebooie dus deel van 'n skeidingsgebruik, en as sulks is dit so oud soos die Dietse wêreld.[2] In die dae van Van Riebeeck is hierdie gevestigde Nederlandse gebruik alreeds deur die fortgemeenskap in stand gehou, dog dit het nie die gebruiklike drie Sondae geduur nie: huweliksgebooie is aan die fort selfs drie aande namekaar afgekondig.[3] Waarskynlik is die gebruik gewysig omrede die fortgemeenskap klein was, daarom was drie weke onnodig om vir die afkondiging van huweliksgebooie te wag; drie agtereenvolgende aande was voldoende. Omstandighede het soms slegs <u>drie keer</u> vere[illegible], byvoorbeeld as 'n skip op vertrek staan en 'n predikant is aan boord, kan sy vertrek nie uitgestel word net om 'n huwelik se ontwil nie.

Die fort se kleremaker en meulenaar, wat met meisies getroud is wat eintlik op pad na die ooste was, se huweliksaankondigings het volgens dié Kaapse gebruik geskied: „...... dan werden de afkondigen van het aanstaande huwelijk drie avonden achtereen gelezen na het gebed, en de voltrekking geschiedde door de sekretaris van de Raad in 't open Raadkamer.[4] Hierdie voorval lewer 'n tipiese voorbeeld van die wysiging wat Nederlandse gebruike aan die Kaap ondergaan het. Die vaderlandse sede is as basis, as kern behou, maar die vorm daarvan is soms gewysig om by plaaslike omstandighede aan te pas. Die snelheid waarmee

---

(1) (a) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.478.
    (b) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.301.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.72.

(3) E.C.G. Molsbergen: Jan van Riebeeck en Zijn Tijd, bls.110.

(4) E.C.G. Molsbergen: Jan van Riebeeck en Zijn Tijd, bls.110.

bogemelde huwelike voltrek is, dui op die verontagsaming van veel vrygebruike; die meisies het waarskynlik slegs 'n paar dae aan die Kaap vertoef toe hulle deur die meulenaar en kleremaker van die fort die hof gemaak is. Die klein getal vrouens teenoor die oorwegende hoeveelheid mans aan die Kaap was die oorsaak van hierdie spoedige huwelike.

Huwelikeaankondigings is in dié tyd deur die sekretaris van die Raad van die nedersetting afgelees. Soos in die tydgenootlike stamland is steeds drie afkondigings gedoen. Verder het dit gewoonlik met godsdiensoefeninge gepaard gegaan. Soms het siviele huwelike plaasgevind as daar geen predikante in die fort vertoef het nie. In hierdie verband het dié Kaapse gebruik van dié van Nederland verskil, waar 'n huwelik gewoonlik 'n siviele én 'n kerklike instelling was, alhoewel huwelike tóg ook (selde) in die raadshuis voltrek is.(1) Plaaslike omstandighede aan die Kaap, naamlik die afwesigheid van predikante, het gevolglik in die sewentiende eeu dié stamlandse gebruik beïnvloed.

Maar die koloniste het, waar moontlik, die tradisionele vaderlandse gebruike in hierdie verband probeer handhaaf. Wanneer predikante in die fort aanwesig was, is huweliksgeboote deur hulle in die kerk na die preek, soos in die vaderland, afgelees. Indien geen predikant drie agtereenvolgende Sondae aanwesig was nie, is dié taak deur die Raadsekretaris uitgevoer. Laasgenoemde het in die afwesigheid van predikante dan ook huwelike bevestig.(2) Dit bewys dat die fortbewoners dus altyd in die eerste plek gepoog het om die vaderlandse sede te handhaaf, en indien dit nie moontlik was nie, is 'n wysigingsvorm aanvaar.

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.288.

(2) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel II, bls.430.

Na die derde huweliksaankondiging is die huwelik gewoonlik bevestig. Dit was altans die geval met die huwelik tussen Tielman Hendricxr en die weduwee Mayken van den Berg. In hierdie geval is daar eers vooraf deeglik ondersoek ingestel of daar geen besware teen die huwelik bestaan het nie.[1] Laasgenoemde poging tot behoud van die sede spruit miskien uit die feit dat die bruid in dié geval 'n weduwee was, en dat sy gevolglik lank genoeg moes gerou het oor haar eerste man om aan die groep se sede te voldoen.

Teen die jaar 1794 is die huweliksgebooie steeds nog vir drie Sondae namekaar afgekondig. Nou is sulke afkondigings reeds in die kerk gedaan, en wel ooreenkomstig die vaderlandse huweliksede. Maar anders as in Nederland, moes 'n huwelik ook by die naaste drostdy aangemeld word.[2] Sodra daar predikante en kerke genoeg aan die Kaap was, is die stamlandse gebruik weereens streng gehandhaaf. Gedurende die laaste helfte van die agtiende eeu het huweliksgebooie nog steeds drie Sondae namekaar „geloop" en die huwelik is gewoonlik na afloop van die oggenddiens voltrek.[3]

(f) Die Troudag.

In die volksgeloof is die huweliksdag 'n lotsdag. Vir die Dietse stam was dit nie alleen sedert oudsher die vernaamste familiefees nie, maar dit is ook 'n vername gemeenskapsfees. Schrijnen gee die etimologie van die woord „huwelik" soos volg aan: in Duits

(1) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel III, bls.554.
(2) M.K. Jeffreys: Kaapse Plakkaatboek, deel III, bls.232.
(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.41.

heet dit „Hochzeit", en „der brûdloufte hochgezit." „Hoogtijd" was die eertydse benaming vir alle vername feeste. Die name „huwelijk" en „bruiloft" druk die bepaalde, oorspronklik vername, deel van die huweliksplegtigheid uit: „huwelijk", volgens die Gotiese „laiks", dui op 'n dans, waaronder die Germane 'n huwelik voltrek het. Die woord „bruiloft" < „bruidloop", het oorspronklik die optog beteken waarmee die jonggetroudes na hulle woning begelei is: die sogenaamde „heemgeleide" en die „haalleiden" wat in Nederland vandag nog bekend is. Die huwelik versterk die groepsamehang opnuut, dus is dit so 'n heuglike gebeurtenis in die volksgemeenskap: „Daar is wellicht geen feest, waardoor én de familie - én de gemeenschapszin in zoo hooge mate worden versterkt, als door de huwelijksviering."(1)

Omdat die huweliksdag so 'n vername lotsdag is, moet bepaalde voorskrifte op daardie dag nagekom word. Sekere dae is voorspoedige dae vir huwelike, ander nie. Selfs Meimaand het in die sewentiende eeu in Nederland as 'n ongelukkige maand vir die huwelik gegeld. Hierdie volksgeloof stam uit Germaanse tye.(2)

Veelal was dit in dié tyd die gebruik om op Sondag te trou, en wel net na afloop van die kerkdiens. Sondagmiddag is miskien gekies, omdat niemand op daardie tydstip van die week werk verrig het nie, met die gevolg dat die hele gemeenskap die huweliksbevestiging kon bywoon. Op vasdae en biddae is daar nie getrou nie. Tog is die Sondaghuwelik op sommige plekke in Nederland as ongewens beskou. Nog in die sewentiende eeu is dit byvoorbeeld in Groningen verbode, maar in die agtiende eeu is dit weer in daardie provinsie

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.286.

(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsch Huisgezin, bls.285.e.v.

toegelaat.[1]

Sondag as lotsdag by dié hywelik is egter ook om 'n ander rede gekies. In die Nederlandse volksgeloof van destyds is Sondag as 'n gelukkige lotsdag beskou. Maandae en Vrydae is as ongeluksdae beskou.[2]

Ons weet dat die heel eerste huwelike aan die Kaap ook op Sondae plaasgevind het. In Jan van Riebeeck se „Daghverhaal" is daar op Sondag, 30 Junie 1658 'n verwysing na 'n huwelik wat op daardie dag plaasgevind het.[3] Aan die fort was almal gedurende die week met hulle menigvuldige take besig, en omdat byna almal altyd die Sondagsdiens bygewoon het, kon hulle die huweliksplegtigheid bywoon. Temeer omdat dit ook gebruiklik was in die vaderland.

P. Kolbe vermeld ook dat die trouplegtigheid op die dag van die derde gebod plaasgevind het. Altyd was dit op 'n Sondag. Dit is dus nog presies soos in die dae van Jan van Riebeeck.

Ook Mentzel het opgemerk dat huwelike op die derde Sondag van die huweliksgebooie voltrek is. Hy vermeld dat die paar in die namiddag getroud is, nadat die derde en laaste gebod met die oggendgodsdiens afgekondig is.[4]

Oor die algemeen is die Nederlandse gebruik om op Sondae te trou dus gedurende die sewentiende en agtiende eeue nog steeds aan die Kaap gehandhaaf. Ons kan aanneem dat dit gedurende die negentiende eeu verval het toe die Nederlandse tradisie nie meer die

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.131 e.v.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.132.

(3) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel II, 30.6.1658.

(4) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.120-121.

enig-geldende aan die Kaap was nie. Die kom van die Engelse het nuwe sedes en gebruike meegebring, met die gevolg dat die gebruik om op Sondag te trou in Suid-Afrika vandag uitgesterf het. In die opsig is 'n stamlandse gebruik heeltemal verdring.

(g) Die Sedelike Opvatting van die Huwelik.

Ooreenkomstig die tydsgees, was die houding van die volksmens teenoor die huwelik as kerklike instelling, sterk godsdienstig gekleurd in die sewentiende en agtiende eeu. Daar is in die algemeen geglo dat huwelike in die hemel gesluit is.(1) Gevalle van onsede ten opsigte van die huwelik is in dié tyd deur middel van bepaalde vorms van volksregspraak aan die kaak gestel.(2) Schotel beweer dat: „het huwelijk als een sacrament geheel kerkelijk was."(3) Maar huwelike is ook deur magistrate voltrek, en alle verbintenisse wat nie op albei of ten minste een van hierdie maniere uitgevoer is nie, is as onsedelik beskou.(4)

'n Studie van die Kaapse huweliksgebruike in die sewentiende en agtiende eeu vertoon groot ooreenkoms met die Nederlandse opvatting van die tyd dat die huwelik 'n heilige staat was, wat veral deur kerklike gesag ingeseën moes word. Die Kaapse huwelik is gewoonlik volgens die tradisionele Nederlandse religieuse voorskrifte voltrek. Gevolglik was die kerklike huwelik aan die Kaap ook dié vorm wat deur die volk aangeneem is. Dit het die volk se goedkeuring weggedra, omdat

---

(1) Vgl. L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.1 e.v.

(2) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.280.

(3) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.262.

(4) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, blss.54, 62.

die kerklike huwelik op die tradisionele godsdiens berus het. In die geloof setel die volk se algemene gevoel van eenheid, en 'n huwelik wat in die kerk deur die predikant voltrek word, dra God se seën, wat derhalwe vir die hele gemeente 'n seën beteken. Onsede kon 'n straf oor die gemeenskap uitlok, en dit is uiters ongewens. Jan van Riebeeck het byvoorbeeld telkens wanneer dinge nie goed verloop het aan die fort nie, biddae ingestel waarop die fortbewoners se „onsedelikheid" ter sprake was. Hulle sondige handelswyse is aangedui as die oorsaak van God se wraak.(1)

Nie altyd kon huwelike deur predikante voltrek word nie. By sulke geleenthede het die sieketrooster, of selfs 'n skeepskaptein hierdie plig vervul. Veral laasgenoemde gebruik was onbekend in die vaderland.(2) Die wysiging van 'n stamlandse gebruik moet toegeskryf word aan die fortlewe aan die Kaap: soos op skepe, van die V.O.C. kon skeepskapteins huwelike voltrek.

Die owerheid aan die Kaap het bepaald probeer om die Nederlandse tradisie daar te handhaaf. Ons lees byvoorbeeld dat, sodra die groep ongetroude vryboere welvarend begin word het, hulle aan trou gedink het. Sommige het hulle gesinne uit Nederland laat kom. Pogings is deur die owerheid aangewend om Nederlandse meisies na die Kaap te laat emigreer; Van Riebeeck wou stoere boerenooiens na die nedersetting laat verhuis. In sy houding was die Kommandeur dus alreeds ten gunste van die behoud en voortsetting van die tradisionele vaderlandse familielewe aan die Kaap, aangesien dit tot

(1) J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel III, bls.654.

(2) G.M. Theal: A History of South Africa, deel II, bls.59.

die behoud van vaderlandse sedes en gebruike sou lei.[1] Diensmeisies wat saam met Nederlandse gesinne op pad na die ooste was, het dikwels aan die Kaap agtergebly, waar hulle spoedig in die huwelik getree het.[2]

Dieselfde denkwyse is bespeurbaar in die Kaapse en Nederlandse gebruik om van ouers toestemming of „consenten" te kry, alvorens egpare kon trou.[3a.& b.] Aan die Kaap is hierdie gebruik selfs deur die owerheid gehandhaaf: geen paartjie kon sonder die toestemming van die Kaapse goewerneur trou nie![4] Dit skyn asof die goewerneur 'n vaderlike oog oor die handhawing van dié vaderlandse sede ten opsigte van die huwelik gehou het.

Dieselfde wakende houding deur die owerheid teenoor die huwelik word deur die werksaamhede en instelling van die Kaapse Huwelikshof weerspieël. P. Kolbe het die volgende uiteensetting daarvan nagelaat: „Die Huwelikshof, soos dit genoem word, sorg vir die wettigheid van alle huwelikskontrakte voordat huwelike voltrek mag word. Hierdie hof dra sorg dat alle huwelike tussen Europeane aan die Kaap deur die ouers of voogde aan beide kante toegelaat word, en dat geeneen van die paartjie alreeds aan 'n ander verloof is, of troubelofte gedoen het nie."[5] Sodra hierdie hof tevrede gestel is dat hulle ondersoek geen besware aan die lig gebring het nie, word 'n toelatingsbrief vir die huwelik aan die paar gegee. Die brief is aan die predikant gerig, en aan hom word die reg verleen om hulle huweliksgebooie

---

(1) E.C.G. Molsbergen: Jan van Riebeeck en zijn Tijd, bls.110.

(2) Ibid.

(3) (a) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.77.
(b) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.116.

(4) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.116.

(5) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel II, bls.266 e.v.

van die kansel af te kondig op die eerste drie agtereenvolgende Sondae, en om hulle daarna in die eg te verbind. Indien die paar aan verskillende kerke behoort het, het die Huwelikshof gebied dat hulle geboole in beide kerke afgelees word. As iemand, wat beswaar wil maak, verskyn, moet hy sy rede aan die Huwelikshof voorlê, en as sy redes die Hof tevrede stel, kon die persone nie aan die Kaap in die eg verbind word nie.(1) Die kontraktuele aard van dié gebruik dui op die Romeins-Hollandse reg wat van toepassing op die Kaap was.

Kolbe vermeld ook die gebruik van die „consenten"-vra: „Maar voordat die paartjie voor die Huwelikshof vir hulle ondersoek verskyn, moet hulle 'n gebruik nakom wat die eerste deur Goewerneur van der Stel ingestel is, en wat nog steeds sonder onderbreking voortbestaan het."(2) Hierna word die Goewerneur se skriftelike toestemming tot die huwelik na die Huwelikshof geneem.(3) Omdat die gemeenskap klein was, kon die Goewerneur met 'n vaderlike oog oor die behoud van die vaderlandse sedes aan die Kaap hou. In Nederland is die ondersoek geensins so ver gevoer nie. Staat en kerk was nog heg versmee en kon gesamentlik optree om die sede te behou. Hierdie houding van die Kaapse Goewerneur gee aan die Kaapse gemeenskap die kleur van 'n gesagsgemeenskap, en as sulks lewer dit bewys van die samehorigheidsgevoel wat daarin aanwesig was. Die fortgemeenskap het aanvanklik die lewe aan boord skip

(1) P. Kolbe. The Present State of the Cape of Good Hope, bls. 266.

(2) P. Kolbe: The Present State of the Cape of Good Hope, blas.340-342.

(3) M. Roux: Kaapse Huwelikegewoontes, D.H.G. 25.2.1927.

voortgesit: die lewe in die fort is gereël soos op die skepe waarmee die Nedersetters Kaap toe gekom het; vasgestelde ure vir bepaalde roetines is nog steeds gehandhaaf, en die kaptein het sy gesag aan land behou.(1)

In die lewe van enige Kaapse paartjie het die Huwelikshof dus 'n vername rol gespeel, en as sulks het dit die huweliksede aan die Kaap 'n bepaalde eienskap gegee.(2) Sedert 1574 het daar in Nederland „Commissarissen voor Huwelijkszaken" bestaan. In Amsterdam het die gebruik om voor die hof te verskyn, geheet om: „door de roode deur" te gaan.(3) Hierdie hof het verseker dat die huwelik ook 'n saak van die staat bly.

Aan die Kaap moes niggies en neefs wat in die huwelik wou tree byvoorbeeld spesiaal die Huwelikshof se toestemming verkry. Sonder hierdie Hof se formele bekragtiging kon geen paartjie aan die Kaap in die eg verbind word nie. Voor die instelling van die Kaapse Huwelikshof moes die Politieke Raad hierdie funksie verrig.(4) In Desember 1676 is 'n aparte hof vir huwelike in die lewe geroep wat soos volg saamgestel is: twee amptenare van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie en twee burgers; die voorsitterskap sou deur 'n president waargeneem word, wat ook lid van die Politieke Raad moes wees. Die lede is vir twee jaar aangestel; aan die einde van elke jaar sou die helfte van die lede aftree; 'n dubbele getal name is voorgestel en die lys name is aan die Goewerneur-Generaal-in-Rade gestuur om die benoemings te doen. Die Huwelikshof moes elke Saterdag vergader en die volgende vrae aan die egpare

---

(1) Vgl. J. van Riebeeck: Daghverhaal, deel I, bls.1 e.v.

(2) M. Roux: Kaapse Huweliksgewoontes, D.H.G. 25.2.1927.

(3) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsch Huisgezin, bls.262.

(4) M. Roux: Kaapse Huweliksgewoontes, D.H.G. 25.2.1927.

stel: hoe oud hulle is, of hulle ouers nog lewe, of hulle hulle ouers se toestemming het, of hulle nie bloedverwante van mekaar was nie, en of hulle vry was om te trou. As hierdie vrae bevredigend beantwoord is, het die Sekretaris 'n briefie aan die paartjie gegee om na die predikant te neem, wat voorts hulle geboole kon afkondig.(1)

Laat in die agtiende eeu het die konserwatiewer, godsdienstige opvatting van die huwelik in Nederland as gevolg van die invloed van die tydgenootlike Franse hoflewe 'n sedelike verval ondergaan. In die hoogste burgerlike kringe het 'n mate van ontug ingetree, alhoewel die Nederlandse boeregemeenskappe nog geensins dié invloed ondergaan het nie.(2) Aan die einde van die agtiende eeu het die Franse en Engelse kultuurlewe die Kasteellewe en vandaar die Kaapse platteland bereik. Die volgende beskrywing van die gees van die laat-agtiende eeu gee 'n algemene beeld van hierdie modelewe wat die Kaap dan ook bereik het: „Oppervlakkige sierlikheid en konvensionele gekunsteldheid was die grondtoon van die kulturele smaak. Veral die Franse voorbeeld is hier nagestreef."(3) Aan die Kaap moes goewerneur Rijk Tulbagh alreeds in 1755 die sogenaamde Praal-wette uitvaardig, ten einde hierdie kunsmatige sede die hoof te bied.(4) Ons moet egter hierby onthou dat die mode bloot 'n saak van die hoër kultuurkringe was, wat die boerelewe nie onmiddellik sou aantas nie. Eers later kon hierdie modevorms omlaaggesonke kultuurbesit word.

---

(1) Ms Roux: Kaapse Huweliksgewoontes, D.Hg.: 25.2.1927.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.211.

(3) S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.175 e.v.

(4) S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.175.

Die plattelandse bruilof het teen die jaar 1795 weinig van die vroeë Kaapstadse bruilofsgebruike verskil. Selfs teen die jaar 1802 moes paartjies nog steeds na die Huweliikskommissarisse reis om 'n huwelikskontrak van staatsweë te gaan onderteken. Die boer se dogter en die bruidegom het vroeg in die oggend na die naaste dorp gereis, in die geselskap van broers, susters en ander familielede om die huwelikskontrak te gaan onderteken. Vroeër kon sodanige funksies slegs in Kaapstad geskied.(1) Staat en kerk het dus nog in die tradisie van die huwelik op die Kaapse platteland soos van oudsher bly voortbestaan.

Gedurende die sewentiende en agtiende eeue het die Kaapse en Nederlandse huweliksede derhalwe weinig van mekaar verskil. Aan die Kaap is 'n naarstige poging aangewend om die sedelike peil van die huwelik op 'n hoë niveau te probeer behou, vandaar die toestemminggebruik wat 'n uitbreiding van die Nederlandse „consenten"-gebruik is. Die houding van staat, kerk en die volk teenoor die huwelik is van groot belang, omdat die gesin met vader en moeder aan die hoof, die bousteen van die volk en die volkskultuur is. Die kerklike tradisie van die huwelik wat uit Nederland na Suid-Afrika ingevoer is, is hier so behou, en vorm vandag nog die kern van die Afrikaner se opvatting van die huwelik.

(h) Die huwelik as lotstydperk.

Aan die Kaap het 'n aantal huweliksgebruike bestaan wat met die trouery as lotstydperk verband hou. Dit was aan die Kaap,(2) soos in Nederland(3) gebruiklik

---

(1) H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa, V.R.V., deel II, bls.206.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.VI, bls.120 e.v.

(3) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.134.

om die egpaar met blomme te bestrooi. Hierdie funksie is gewoonlik deur kinders verrig.[1] Die strooigebruik geld as 'n kerngebruik ten opsigte van die Nederlandse huwelik, en dit verbaas ons dan ook geensins dat dit aan die Kaap bestaan het nie. Aan die Kaap het klein meisietjies strooisel vervaardig van gekleurde papier wat op borde geplaas is, en op die huweliksdag is dit oor die egpaar rondgestrooi. Soms is geldstukkies by die strooisel gevoeg, tot vermaak van die kinders wat dit opgeraap het.[2] Die rol van die kinders is hier myns insiens 'n verbleekte vorm van die vrugbaarheidsbegrip ten opsigte van die huwelik. Die handeling is trouens 'n afgeslete vorm van 'n vroeër vrugbaarheidsgebruik.

Alhoewel Schotel en Knappert geen melding maak van vreugdeskote by huwelike nie, moet ons tog aanneem dat hierdie Kaapse gebruik uit Nederland afkomstig was.[3] F.T. Schonken skryf dat dit 'n algemene gebruik aan die Kaap was om 'n bruidskar met vreugdeskote te begroet.[4] Schonken noem dit as vrugbaarheidsgebruik, en wys daarop dat lawaaimakery 'n ou verskynsel by die Germaanse huwelik was. Alreeds in die jaar 1761 is vreugdeskote aan die Kaap by huwelike afgevuur: "over het huwelijk van zijn schoonvader (het iemand) eenige vreugde schoten gedaan"[5] Hierdie gebruik verwys na die huwelik van 'n Kaapse burger. Volgens Peeters kon lawaaimakery op die huweliksdag met bose geeste in verband gebring word.[6]

---

(1) Lona Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls. 134.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, bls.120.

(3) Vgl. K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.478.

(4) F.Th. Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, bls.20.

(5) K.A.C.J. Nr.302, bls.323.

(6) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.479.

Opnemingsgebruik was in die agtiende eeu d... groetgebruik: die naaste aangetroude vroulike bloedverwante het die oggend na die huwelik gekom om die jong vroutjie te groet en welkom te heet in die kring van getroudes. Hulle het daarna die jong vroutjie gehelp aanklee: dit is 'n simboliese handeling wat te kenne gee dat hulle bereid is om haar onder hulle op te neem.(1) Aan die Kaap het 'n soortgelyke gebruik bestaan: die oggend na die huweliksnag het bure en vriende gekom om die jong getroude paar geluk te wens. Vervolgens is 'n maaltyd aan hierdie gaste voorgesit, daar is some selfs weer gedans soos op die vorige aand, en daarna is die jong egpaar as lede van die kring van getroudes aanvaar.(2)

Na aanleiding van die voorgaande ooreenkomste tussen die Nederlandse en Kaapse gebruike van die tyd, kan ons aanneem dat die dinge in die volksoorleweringe aangaande die vrugbaarheidsbegrip of opnemingsbegrip van die huwelik (ten opsigte van die volksgeloof dus) ook in die Kaapse volksgeloof soos in dié van Nederland geleef het. In Nederland is Dinsdae en Donderdae byvoorbeeld as geluksdae (d.w.s. vrugbare dae) ten opsigte van die huwelik beskou. Woensdae en Vrydae is egter ongelukkig. Daar is geglo dat 'n bruid wat ween, 'n gelukkige huisvrou sou wees.(3) Daar is geglo dat die dra van rouklere by die aanvang van volmaan 'n voorteken van 'n verbeterde huwelikstaat was.(4) Moontlik bestaan hierdie elemente vandag nog op een of ander plek hier ten lande as enigste bewys dat dit in die "eerste tydperk" deel uitgemaak het van die volkstradisie.

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.166.

(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel II, bls.266 e.v.

(3) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.289.

(4) G.D.J. Schotel: Volksboeken, bls.319.

(1) Die Huweliksoptog.

Die optog van bruidegom en bruid uit die kerk na die huis waar die huweliksfees gehou word, het voorheen in Nederland die „heemgeleide" (heem = huis) geheet.(1) As die bruidspaar hulle eie woning betree het, het die „haalleiden" of „halen" gevolg. Dit is 'n res van 'n Germaanse gebruik en bestaan daarin dat die bruidegom die bruid driekeer om die haard, waarin die haardvuur brand, begelei.(2) Hierdie gebruik was alleenlik moontlik in die Saksiese huistipes. Ons eie segswyse „eie huis en haard" verwys na die ou Dietse verskynsel. Uit hierdie ou kerngebruik het die sewentiende eeuse Nederlandse gebruike by die huweliksoptog ontwikkel, en daaruit weer die soortgelyke Kaapse gebruike.

In die Rooms-Katolieke gebiede van Nederland is die openbare optog by die huwelik in die sewentiende eeu nog steeds gehandhaaf. Onder die Protestante het dit egter nie so sterk voortbestaan nie.(3) In sommige gevalle is die egpaar op besondere wyse na die kerk begelei; reeds was dit 'n berede optog in die agtiende eeu.(4) Maar in die vorige eeu het die Nederlandse huweliksoptog meesal te voet geskied. Knappert meen dat die eertydse bruideroof in hierdie gebruik verstrengel is; in Nederland is die bruid byvoorbeeld in dié tyd deur die bruidegom oor die drumpel getel: dit is onder andere ook 'n laaste herinnering aan die Indo-Europese vroueroof.(5)

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls. 292.
(2) Ibid, blss.294, 296.
(3) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, Bls.62.
(4) Ibid., bls.134.
(5) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.136.

Die Dietse kerngebruik van die huweliksoptog is in die onderhawige tydperk ook op die Kaapse bodem oorgedra deur die Nederlandse nedersetters. Op die Sondag wanneer die paartjie in die eg verbind is, so vermeld P. Kolbe, het bruid en bruidegom na eersgenoemde se ouerhuis teruggekeer om 'n feesmaal in hulle eer by te woon. Na die huweliksvoltrekk[illegible] in die kerk is hulle uitgelei en ingehaal (verbleekte heemgeleide due) deur hulle vriende en vriendinne. Tydens hierdie optog van die kerk af na die bruid se ouerhuis het twee strooimeisies blomme en maagdepalmtakke oor die jong egpaar gestrooi.(1) Kolbe het vroeg in die agtiende eeu aan die Kaap vertoef, en hierdie gebruik dateer derhalwe uit daardie tyd.

Ook Mentzel maak melding van die Kaapse huweliksoptog in die agtiende eeu. Di[illegible]rloofde paar het in ometreeks die jaar 1735 toe Mentzel aan die Kaap vertoef het, altyd op 'n half-toe wa-en-osse kerk toe gery. 'n Gids en drywer het hulle vergesel.(2) Nadat die wittebroodstyd verstreke is, het bruidegom en bruid op 'n oss[illegible]wa na hulle nuwe woning vertrek. Die vrou se vee, wat sy van haar vader gekry het, het die huwelikstrek vergesel.(3) Hierdie beskrywing geld heelwaarskynlik vir 'n huwelik op die voorposte aan die Kaap, en wel in die buitewyke van Stellenbosch, waar Mentzel 'n ruk vertoef het. Die vee en ossewa wat vermeld word, laat ons die vermoede kry, dat Mentzel hier 'n veeboerbruilof waargeneem het. Verskillend van die Nederlandse gebruik in hierdie opsig is dié vorm bepaald: op die voorposte is die Nederlandse kerngebruik omgeskep en by plaaslike omstandighede aangepas. 'n Ossewa en 'n

---

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel II, bls.266 e.v.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.116-118.

(3) Ibid.

trop vee het vir 'n jong man alreeds 'n boerdery beteken, want grond kon hy gaan uitsoek waar hy wou. Die rit kerk toe was in 'n half-toe wa (kapwa) en die reis opstal toe op 'n oop wa. Die veeboere het dus 'n onderskeid gemaak ten opsigte van die twee optogte - in die tentwa is daar dorptoe gery, maar op die ossewa is die binneland ingery. Hier het ons dus 'n besondere geval van eie vormgewing aan 'n alreeds-bestaande stamlandse tradisievorm.

In Kaapstad, waar die Kasteel die kern van die samelewing as regeringsetel gevorm het, is die Nederlandse tradisies en gebruike hegter behou. In Kaapstad het die agtiende eeuse huweliksoptog min of meer soos volg verloop: die strooijonker en strooimeisie strooi strooisel voor die egpaar uit beide onderweg na en van die kerk. Kinders wat aanwesig is, soek na geldstukke wat tussenin val. Vooraan die bruidstoet loop die strooipaar, en almal beweeg na die woning van die bruid se ouers, waar dit in die dorp geleë is. Naby die huis bring 'n slaaf nog meer strooisel aan, wat opnuut deur die strooipaar oor die egpaar gestrooi word.[1] In hooftrekke kom hierdie gebruik ooreen met die beskrywing wat deur Schotel gegee word, behalwe die aanwesigheid van die slaaf.[2]

Hoe verder Kapenaars van Kaapstad (waar die kerk was) geleë was, hoe meer was hulle genoodsaak om per voertuig na en van die kerk te beweeg. Sommige bruidspare het op ossewaens gery, terwyl ander (meer gegoedes) op agtperdewaens gery het.[3] Maar in sulke

(1) O.F. Mentsel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.120-121.

(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, blss.258-262; 279-283.

(3) M. Roux: Kaapse Huweliksgewoontes, D.H.G. 18.3.1927.

gevalle was daar nie meer van 'n huweliksoptog sprake nie, aangesien die rit om by die predikant op die dorp te kom bloot 'n praktiese noodsaaklikheid was. Hier sien ons dus 'n aanpassing by plaaslike omstandighede, wat 'n ingrypende wysiging van 'n ou gebruik is. Daar is geen oorgelewerde bewyse voor nie, maar moontlik het die „vlagryery", wat so kenmerkend is van latere plaasbruilofte, sy ontstaan in hierdie tyd. Die buurtjeug wag naamlik die terugkerende bruidspaar by die plaashek of ander geskikte plek op, en doen hulle begeleide na die bruid se woning. As dit so is dat vlagryery in hierdie tydperk ontstaan het, dan is dit ook te beskou as 'n aanpassing en vervorming van 'n ou gebruik by nuwe landsomstandighede.

In vroeër dae het die jong egpaar na die huweliksfees ten huise van die bruid se ouers op 'n versierde wa huiswaarts gery. Die wa is deur die bure volgelaai met beddegoed, stoele, 'n spinwiel en ander meubels. 'n Besem en hoenderhaan se kop het meegegaan om die bose geeste af te weer. Soms is 'n opgetooide koei agter aan die wa vasgemaak.(1) Hierdie gebruik dui die groep se welwillendheid teenoor die nuwe egpaar aan. Aan die Kaap het hierdie gebruik, behalwe die besem en die koei en die versierde wa, ook in die agtiende eeu bestaan. Na afloop van die plattelandse huweliksfees het bruid en bruidegom op die bruidswa, volgelaai met presente, na hulle eie boerdery vertrek.(2) Dit lewer bewys van die feit dat die oudste vorms op konserwatiewe wyse veral op die platteland onder die boerebevolking bewaar word.

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.292.

(2) M. Roux: Kaapse Huwelikagewoontes, D.H.G., 18.3.1927.

Van oudsher is in Nederland 'n bekende gebruik ten opsigte van die deurdrumpel gehuldig. Die drumpel is in die volksgeloof as die setel van geeste bekend, met die gevolg dat die bruidegom sy bruid oor die drumpel gedra het, om haar te vrywaar teen die aanwesige geeste.[1] Selfs vandag nog is die drumpel in die Afrikaanse volksgeloof geensins in dié verband onbekend nie.[2] Mag ons daaruit aflei dat dit om dié rede uit die tradisie van die „eerste tydperk" spruit? Myns insiens mag ons wel, want as kerngebruike uit die stamland oorgeërf is, sou die kern van die volksgeloof van die tyd ook in die volksmond kon bestaan.

(j) Die Gebruik van Tooisel by die Huwelik.

Uiting van die vreugde- en blydskapsgevoel by die huwelik is die tooiselgebruike wat daarmee gepaard gaan. Gewoonlik is die maak van die bruidskroon en die ander versiersels by die huwelik die taak van die buurtjeug as blyk van hulle hulpvaardigheid by hierdie Nederlandse oorgangsgebruik.[3] In die agtiende eeu is veel sorg veral aan die vervaardiging van 'n bruidskrans [illegible] bruidskroon bestee.[4] Die reisiger Mentzel het 'n [illegible]skrywing nagelaat van die Kaapse bruidskroon. Hy skryf [illegible] so 'n krans sonder veel moeite gevleg is, en omdat m[illegible]tel- en palmblare aan die Kaap onverkrygbaar was, is enige wilde immergroen-plant se takke en „sevejaars"-blommetjies vir dié doel aangewend.[5] Mentzel vermeld verder 'n tipiese vaderlandse verskynsel by die Kaapse bruidskroon, naamlik 'n spreuk wat op wit

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.294.

(2) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.150.

(3) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.290.

(4) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, blss.259-260.

(5) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss. 120-121.

papier geskryf is en aan die bruidskroon vasgeheg is. Verder is strooisel van goue blare en vergulde papier ook aan so 'n bruidskroon geheg.[1] Die Nederlandse prototipe van 'n bruidskroon is rondom twee halwe hoepels gevleg, en roosmarynblare (simbool van herinnering) en ander groenighede is daar in gevleg, met vlaggies aan, en in die middel van die kroon is 'n hart (van karton vervaardig) met 'n pyl daardeur, of 'n wiegie aangebring. Indien die wiegie binne enkele weke nodig sou blyk, bly diė motief op taktvolle wyse egter onaangeroerd, of dan vleg die bure die bruidskroon van strooi (simbool van dorheid). Maar as geen oneer die egpaar blyk te dreig nie, is sulke spotgebruike nie gehandhaaf nie.[2] Ons kan aanneem dat dergelike gebruike aan die Kaap nie onbekend was nie. Hierdie Kaapse en Nederlandse gebruik stem derhalwe in 'n baie hoë mate ooreen: 'n bruidskroon is aan die Kaap vervaardig, soos in die vaderland, maar die tierlantyntjies wat aan die Kaap aangewend is, het van dié van Nederland verskil.

In die sewentiende en agtiende eeu is die bruid se ouerhuis in Nederland gedurende die drie weke van die verlowingstyd versier. Dit is deur buurthulp verrig. 'n Feestelike atmosfeer het in so 'n woning geheers. Jongkêrels en jongmeisies het hierdie taak verrig; spieëls, stoele en die mure is met groen takke en blomme versier. In so 'n opgetooide vertrek het die bruid en bruidegom op die Sondag van die eerste gebod gesit en hulle vriende en bure se gelukwensings ontvang. Dié dag se verrigtinge is met die „Commissarismaal" afgesluit.[3] Die versieringsmotiewe by die Kaapse huwelik vertoon 'n hoë mate

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.116-118.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.130.

(3) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.72.

van ooreenkoms met hierdie Nederlandse verskynsels. Versierde kranse is deur die Kaapse strooipaar vóór die huweliksfees gevleg en in die onthaalvertrek aangebring. Die maagdepalm (Romeinse geluksimbool) en versilwerde en vergulde drade is om spieëls, kandelare en meubels gehang. In dié vertrek is die groot bruidskroon aangebring.

Aan die Kaap is die onthaalkamer op die Vrydag voor die huwelik deur jongmense versier en opgetooi. Aan die gordyne is blomme en ander tooisels vasgeheg, ook aan die spieëls en aan die stoele waarop die egpaar sit by die feesmaal.[1]

In Drenthe het „broedneugers" of „bruidnodigers" (persone wat die gaste na huwelike uitgenooi het) veelkleurige linte om die hoede en kieries vasgebind en hulle opwagting op elke werf gemaak.[2] Naas linte is blomme en takke ook as versieringsmotiewe in Nederland aangewend in die sewentiende en agtiende eeu.[3] Schotel beskryf dié gebruik soos volg: „Met smaak werden hier guirlandes van palm en bloem gevlochten, door ineengestrengelde takken ...... Tusschen de bloemen vlocht men gouden en zilveren loveren, devisen en raadsels, met toepasselijke spreuken in schoonschrift."[4] By 'n plattelandse bruilof aan die Kaap is daar ook gekleurde linte aangewend. Die drywer van die bruidswa se hoed en sweep is met linte versier. Soms is linte aan die osse se horings vasgebind.[5] Hierdie Kaapse gebruik kom due met die Nederlandse prototipe ooreen wat die

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.121-122.

(2) L. Knappert: Verloving en huwelijk in Vroeger Dagen, bls.128.

(3) Ibid.

(4) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.259.

(5) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.120-121.

basiese vorm daarvan betref. Waar die Nederlandse „bruilofs-nodigers" hulle hoede versier het, daar het die Kaapse drywers van bruidskarre húlle hoede versier. Aan die Kaap is die Nederlandse gebruik om die uitnodiger se sweep te versier oorgedra op die osse se horings. Ook in hierdie geval is 'n eie Kaapse vorm op die stamlandse kerngebruik ingeënt.

Volgens Schotel is die vloer van die Nederlandse onthaalvertrek by huwelike met gekleurde sand bestrooi.(1) Strooisel van goue blare en vergulde papier is aan die Kaap by die huwelik vóór die jong egpaar uitgestrooi op die vloer by hulle inkoms in en uitgang uit die huis. Die betekenis wat laasgenoemde gebruik onder die Kaapse koloniste gehad het, word soos volg deur Mentzel verklaar: „........want hoe sou 'n mens andersinds kon verseker dat seëninge hulle sal vooruitgaan en ook agtervolg?"(2) Moontlik was die oervorm hiervan 'n afweergebruik in die nag van die Dietse volkskunde.

In die Nederlande is die bruidskamer by 'n volkshuwelik met veel sorg deur jong meisies uit die buurt versier in die onderhawige tydvak. Daar het buurvroue die hoofkussing van die bruidsbed vervaardig.(3) C. Graham Botha skryf dat die bruidskamer aan die Kaap met blomme versier is.(4) Bokant die deur van die bruidskamer is groen takkies mirtel, lourier of roosmaryn gehang; in hierdie takke is papier- en kunsblomme ingevleg.(5) Laasgenoemde versiering moet myns insiens as die reste van 'n afweergebruik gesien word: roosmaryn word in die volksgeloof as afweermiddel beskou, omrede sy skerp geur; hierdie kruid stam in elk geval uit

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.260.
(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, blss.116-118.
(3) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.131.
(4) C.G. Botha: Social Life at the Cape, bls.41 e.v.
(5) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.121-122.

Europa.[1]

Ook die huweliksbokaal het verskeie versieringsmotiewe op gehad. In Nederland is hoogs versierde bokale tydens huwelike gebruik.[2] Aan die Kaap is 'n huweliksbokaal van mond tot mond op 'n bruilofsfees rondgegee, en elke gas moes 'n paar teus daaruit drink. Die Kaapse fles (wat natuurlik uit die vaderland ingevoer is) was gewoonlik ook 'n hoogs versierde fles met 'n spreuk daarop.[3]

Ons kom tot die slotsom dat die Kaapse en Nederlandse tooiselgebruike by die huwelik baie eners was in die sewentiende en agtiende eeu.

(k) <u>Die Huweliksfees</u>.

Omdat die bruilof 'n heuglike gebeurtenis in die gemeenskapslewe is, neem dit die vorm van 'n fees aan, waarby die bruilofsmaal die hoogtepunt is. Die huweliksfees vorm een van die heel vernaamste gemeenskapsfeeste, en in Nederland is dit nog steeds as sulks gehandhaaf. Some moes die owerheid selfs teen uitspattigheid op dié gebied ingryp. Baie gebruike is in verband met die huweliksfees gehandhaaf: gewoonlik is die bruilofsmaal in Nederland afgewissel deur die voordrc van geleentheidsverse en die sing van Bruilofsliedere; daarna is daar gewoonlik gedans. Schrijnen wys daarop dat hierdie gebruike in die eerste plek as atropeïse handelinge ontstaan het in Germaanse tye, want hulle geaardheid is dié van afweerrites.[4]

---

(1) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.158.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.131.

(3) C.G. Botha: Social Life at the Cape, bls.42.

(4) Vgl. J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.295 e.v.

In die sewentiende en agtiende eeu is die Nederlandse boerebruilof nog gekenmerk deur luidrugtigheid en feestelikheid. Knappert beweer dat dit was asof die hele wêreld moes kennis neem van dié heuglike gebeurtenis. Moontlik stoel hierdie volksgebruik op 'n ouer afweergebruik wat op luidrugtigheid gegrond is.(1) Eers teen die tweede helfte van die agtiende eeu het die huwelik 'n plegtige indruk begin nalaat, want toe: „begonnen de aanzienlijken er eene eer in te stellen, om in alle stilte te trouwen."(2) Mettertyd het die plegtige huwelik die algemene vorm geword.

Gewoonlik is alle vriende en familielede in Nederland ná afloop van die plegtigheid in die kerk op 'n bruilofsmaal by die bruid se ouerwoning onthaal in die tydperk ter sprake. Oordaad was aan die orde van die dag, soms tot so 'n mate dat die owerheid moes ingryp om „de landsbruyloften" te beskerm teen oordaad van eet en drink.(3) Tydens die bruilofsmaal is daar gedans, en minneliedere, bruilofsliedere en drinkliedere is deur die geselskap gesing. Onder andere is „Het Daghet in het Oosten" en „Na Oostland wil ik varen" gesing. Geestelike liedere, soos „O Kersnacht Schooner dan de Dagen," is soms ook op sulke maaltye gesing, en dikwels is geleentheidsgedigte wat veral op die sinnelike dui, voorgedra.(4) 'n Sewentiende eeuse boerebruilofsfees in Nederland is in die algemeen gekenmerk deur die groot aantal gaste wat gewoonlik die feestelikheid bygewoon het.(5) Dit is daaraan toe te skryf dat

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.126.

(2) Ibid.

(3) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.147 e.v.

(4) Ibid., bls.159-163.

(5) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.256.

'n boerebruilof meer die aard het van 'n gemeenskapsfees as 'n stadsbruilof.

Veel het die Kaapse huweliksmaal nie van die Nederlandse prototipe verskil nie. Gedurende die ampstermyn van Jan van Riebeeck is 'n bruilofsfees in die fort gehou op onkoste van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie. Almal het die fees, wat ten huise van die Kommandeur gehou is, bygewoon.(1) Die huweliksfees moes so na as moontlik aan die vaderlandse vorm gewees het, omdat die eerste fortbewoners bykans almal Nederlanders was.

In die agtiende eeu is 'n huweliksfees aan die Kaap op die aand van die huwelik, 'n Sondagaand, by die bruid se ouerhuis gehou, presies soos die gebruik in die stamland ook was. In die algemeen was die Kaapse samelewing aan die begin van die agtiende eeu welvarend, met die gevolg dat huwelike op taamlik groot feestelike skaal kon plaasvind. Aan die Kaap het die rykdom en stand van die bruid se vader die aard van die huweliksfees bepaal.(2) Items wat destyds aan die Kaap veel duurder as in Nederland was, was linne, sy, kant, waaiers en pruike, maar nie voedsel nie.(3) Gevolglik moes vervormings noodwendig in verband met gemelde artikels aan die Kaap plaasgevind het, terwyl die eet- en drinkgoed tog op oorvloedige wyse aan die bruilofsgaste verskaf kon word. Omdat die lewe aan die Kaap andersinds so stil was, was huwelike geleenthede vir besonder groot feesvierings, en dit moes 'n aangename afwisseling in die daaglikse lewe teweeggebring het.(4)

---

(1) G.M. Theal: A History of South Africa, deel II, bls.157.

(2) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.41 e.v.

(3) Ibid., bls.43.

(4) Vgl. ook: H.W.S.: Afrikaanse Volksgewoontes, D.Hg.18.2.1937.

By die Kaapse huweliksmaal is 'n lang tafel vol eetgoed daarop voorberei vir die gaste. Laasgenoemdes het nie by die tafel gesit nie, maar op stoele teen die mure rondom. Elke gas kon van die tafel kies wat hy wou eet. Op hierdie wyse het die feesviering soms vir 'n hele week geduur. Elke aand, gedurende die huweliksfees, was daar omtrent vyftig mense op dië wyse gesellig bymekaar.(1) Hierdie Kaapstadse huweliksfees kon as tipies van die beginjare van die agtiende eeu aan die Kaap geld, toe Kolbe dit daar waargeneem het.

Huweliksfeeste wat aan die Kasteel gevier is, het effens van burgerlike huwelike verskil. Op die huweliksdag is slegs die egpaar se naaste vriende uitgenooi, asook ander uitgenooide gaste, wat gewoonlik uit Kompanjiesdienare bestaan het wat in die Kasteel woonagtig was. Vervolgens is 'n warm maaltyd vi die gaste opgedis, wat volgens stand aan tafel geplaas is. Na die huweliksmaal is daar gedans. Soms is dieselfde gebruik in die wonings van die heel deftigste Kaapse burgers aangetref.(2) Die Kasteelgebruik was dus op die vaderlandse kerngebruik geskoei wat betref die huweliksmaal en die dans, maar die vorm daarvan is heel deftiger as dië van die Kaapse boere- en burgerlike bruilofsfees. As kultuursentrum het die Kasteelgebruike gesprei tot in die deftigste burgerwonings, vanwaar die platteland as omlaaggesonke kultuurgoed kon later die platteland as omlaaggesonke kultuurgoed kon bereik. Die weelderige indruk wat deur die agtiende eeuse Kaapse huwelike gemaak is, word soos volg deur 'n geskiedskrywer beskryf: „Nadat die huwelikskommissarisse, wat in die geval van welgestelde stedelike families vir dié doel na die huis van die bruid uitgenooi is, hulle

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel II, bls.266.

(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel II, bls.266 e.v.

verlof tot die voorgenome stap gegee het, moes die geboooie drie Sondae agtermekaar in die kerk afgelees word, en in hierdie veertien dae moes die bruidsouers die gelukwensende gaste op 'n swierige skaal onthaal."(1) Maar sonder weerklank het die swierigheid en die lang termyn van feesviering egter nie gebly nie. Dit het spoedig die Kaapse predikante se teenkanting uitgelok, met die gevolg dat veral die langdurige gedans mettertyd verdwyn het.(2)

Mentzel het geskryf dat die Kaapse huweliksfees drie weke lank geduur het. Op die Sondag van die tweede gebod kom die bruid se vriende weereens bymekaar by haar ouers se woning, en terselfdertyd gee die bruidegom se ouere aan sy vriende 'n maaltydfees. Aan beide kante heers 'n fe[illegible]stemming wat drie weke duur.(3) Hierdie beskrywing [illegible] 'n Kaapse huweliksmaal kom due veelal ooreen met die [illegible]landse prototipe.

[illegible] Vrydagaand vóór die huwelik het daar nogeens 'n [illegible]ligheid gevolg. Teen agtuur in die aand is koue voedsel aan die gaste bedien. Die dames bly in die saal sit waarin daar gedans is, en die jongmans ag dit hulle gebruiklike plig om hulle te bedien. Die here sit aan by lang tafels in die eetkamer, apart van die dames. Na hierdie eetmaal is daar weer gedans. So 'n geselligheid het tot omstreeks elfuur in die aand geduur.(4)

Dit blyk derhalwe duidelik dat die Kaapse huweliksfees in sy kern gevier is soos die tydgenootlike Nederlandse huweliksfees. Die algemene aard daarvan was onderling eners. Miskien was 'n huweliksfees vir die

---

(1) S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.147.

(2) C.G. Botha: Ons Suid-Afrika, bls.160.

(3) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.120-121.

(4) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, blss.120 e.v.

Kapenaars 'n seldsamer en dus heel genotvolle voorval, omrede die bevolking klein was en daar weinig openbare vermaaklikhede aan die Kaap bestaan het.

Onderdeel van die agtiende eeuse Nederlandse huweliksfees is die „Commissarismaal" wat 'n soort inleidende rol tot die eintlike huweliksfees gevorm het. Die „Commissarismaal" is só genoem omdat dit gewoonlik gehou is op die aand van die dag waarop die paartjie voor die huwelikskommissariese verskyn en hulle toestemming tot die huwelik verkry het. Dit het dus op 'n Saterdagaand plaasgevind. Eers het die paartjie by die ingang van die woning van die bruidegom gestaan en die bruid is aan sý familie en vriende voorgestel. Soms is hulle by hierdie geleentheid met blomme en takke bestrooi. Bruilofswyn wat „bruidstranen" geheet het, en 'n „pronkpijp" is aan die aanwesiges verskaf. Ná die kommissarismaal is daar gewoonlik nie gedans nie; by dié geleentheid is volksliedjies gesing.[1] Hieruit moet ons aflei dat die kommissarismaal by die bruidegom se ouerhuis plaasgevind het, terwyl die huweliksfeesmaal by die bruid se ouerhuis plaasgevind het.

Die tydperk tussen die besoek aan die huwelikskommissarisse en die huweliksfees na die huweliksbevestiging drie weke later, was één feestyd in die stamland. Daagliks is kleiner feestelike maaltye aan die jong paartjie gegee deur hulle vriende en vriendinne. Die ouers het op die drie agtereenvolgende Sondae sogenoemde gebooiemaaltye gevier. Soms het bruidegom en bruid in stasie gesit om op formele wyse besoek te ontvang.[2] In die sewentiende- en agtiende eeuse gemeenskapslewe het die huweliksfees dus ten minste drie weke geduur.

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.262-265.

(2) Ibid., bls.265.

Onder die Kaapse huweliksgebruike het ook die Kommissarismaal gegeld. C. Graham Botha vermeld die „Kommissaris se Dinee" wat gehou is op die Vrydagaand voor die paartjie die volgende aand voor die Hof van Huweliksake moes verskyn. Vriende het gekom om die bruidspaar en hulle ouers geluk te wens.[1] Hierdie gebruik het lank aan die Kaap bly voortleef want in die jaar 1797 is dorpshuwelike nog steeds deur die Kommissarismaal gekenmerk. Dit was dus nog steeds gebruiklik om 'n maaltyd te gee op die dag wanneer die verloofdes voor die Kommissaris van Huwelike verskyn het. Maar in teenstelling tot Nederland, is daar wel deeglik gedans aan die Kaap ná afloop van hierdie maaltydfees. Nog steeds het daar vyftig en meer gaste so 'n Kommissarismaal bygewoon.[2] Louis Trichardt maak melding van 'n „Kommissarishuwelik" in 1837.[3] Maar nie alleen vroeg in die negentiende eeu was dié instelling nog bekend nie: dit het in die Zuid-Afrikaansche Republiek bly voortbestaan.

Selfs onder die Kaapse plaasboere is Kommissarismaaltye gehou. By die bruid se ouerhuis was daar met sulke geleenthede 'n aantal bure, vriende en familielede aanwesig om volgens die ou gebruik fees te vier.[4] Ook op die platteland was die huwelik 'n geleentheid waarby daar ongewone feesvreugde geheers het, en wel in die tradisie van dié gebruik soos dit sedert die vroegste tye van die geskiedenis van die Dietse stam geskied het.

(1) Die Bruilofslied en die Huweliksdans.

Op die sewentiende en agtiende eeuse huweliksfees is liedere gesing, raaisels is opgegee en om die pret te verhoog, is geestige verse voorgedra. Hierdie

---

(1) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.42.
(2) C. de Jongh: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, deel II, bls.79.
(3) G. Preller: Dagboek van Louis Trichardt, 21.4.1837.
(4) H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa, V.R.V., deel II, bls.206.

middels moes dien om die feesstemming aan te wakker en om 'n goeie gees te skep. Dit het die „bruiloftspret" geheet. Die spreekwoord het soos volg gelui: „Gheen gastmael sonder wijn, geen bruiloft sonder zangen."(1)

Waarskynlik datee die volgende bruilofslied uit die napret van die tydperk, aangesien dit uit daardie tydvak opgeteken is:

„Kom hoor, matrosies, die en 't ronde staan,
Wilt gij eenere les van mijn aan hooren?
Dit was aldaar een valser voorkeert .....
Die 't sij mij in 't voiredriet komen,
Mijn waar de sielsvrinden die ik so teer bemint
le sij voor mijn geboren, sij staan al en mijn sin!"(2)

Die liedjie druk bedroë liefde uit, en hang saam met die volksliedereskat uit die eerste tydperk.

F.Th. Schonken het 'n volgende bruilofslied uit hierdie tydperk opgeteken. Dit is onder andere na die huwelikamaal gesing:

„Schoonste dame vol van waarde,
Ziet toch eens uw minnaar an,
Want gij alleen sijt maar op aarde,
Die mijn smart genezen kan."(3)

Die geliefste napret op die sewentiende en agtiende eeuse huwelik was egter die dans. Dit stoel waarskynlik op 'n atropeïse handeling in die volksgeloof ten opsigte van die huwelik.(4)

Nog die kerk se beswaar, nog die owerheid se poginge kon die voortbestaan van die huwelikdans, wat

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsch Huisgezin, bls.295.
(2) I.D. du Plessis: The Cape Malays, blss.28, 61.
(3) F.Th. Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, bls.20.
(4) Vgl. J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.295 e.v.

veral op Sondae plaasgevind het, die hoof bied in Nederland in die onderhawige tydvak nie.[1] Die kerk het alreeds voor die sewentiende eeu beswaar gemaak teen die danse en ander vertonings wat met die huwelik gepaard gegaan het. Gewild was die menuet-dans onder die hoër stande gedurende die sewentiende en agtiende eeu. Volksdanse is onder die burger- en boerekringe gedans. Egte volksdanse, soms wulps en ongrasieus, is op die bo[illegible]-huwelike gedans.[2]

Onder die dansgebruike by die huwelik het ook die "te bedde dans" gegeld. Die strooijonker het gewoonlik die laaste dans met die bruid gedans en haar tot by die bruidskamer gevoer. Dit is volgens Knappert 'n verbleekte oorblyfsel van die bruidsr[illegible]. Die bruidegom moes soms die bruid "koop" deur die jongman 'n fooitjie aan te bied.[3]

Veral ten opsigte van die dansvorm en die dansmusiek het die Kasteel aan die Kaap die toon aangegee. Volgens die reisigers Kolbe, Mentzel en Lichtenstein is dansmusiek tydens die huweliksfees gespeel. Die huweliksdans het byvoorbeeld tot ná middernag aan die Kasteel geduur. Eers moes die dans 'n soort volksdans gewees het, maar later het dit aan verfyning en formaliteit gewin, want die menuet en Engelse kadriel is in die eerste helfte van die agtiende eeu nie alleen aan die Kasteel nie, maar ook in burgerwonings gedans.[4]

Vanuit die Kasteel het die huwelikdans gevolglik beïnvloeding ondergaan. Selfs in die tweede helfte van die agtiende eeu is daar veelal na die

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsch Huisgezin, bls.301.

(2) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.164.

(3) Ibid., bls.166.

(4) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, bls.81.

huwelikamaal gedans.[1] Die dames het by sulke geleenthede hulle mooiste klere te voorskyn gehaal. Teen die einde van die Nederlandse tydperk aan die Kaap het die lang duur van die huweliksfees egter aansienlik verkort.

Op die platteland, dit wil sê, in die buitewyke van Kaapstad en in Stellenbosch is daar ook by die bruilofsfees gedans. Ryk boere wat nie te ver van die Kasteel af gewoon het nie, het gewoonlik die Goewerneur om die dienste van die garnisoensmusikante gevra, en dan is alles pasliker en eleganter volgens die dorpsmode uitgevoer. Soms het die musikante meegedoen aan die dans, veral die Engelse kadriel, al kon niemand anders op die fees dit behoorlik nadoen nie. Feeste het so lank geduur as wat die musikante verlof gehad het om weg te bly.[2]

Origens is daar in die aande gedurende die verlowingstyd musiek gespeel en daar is baie gedans.[3] Gewoonlik is die baan „geopen" deur die egpaar, wat 'n menuet dans; vervolgens dans die strooijonker en bruid met mekaar, dan weer die bruidegom en die strooimeisie, en daarna dans almal, totdat al die dames volgens hulle standsorde gedans het.[4]

Die Kaapse en Nederlandse dansvorms by die huwelik het dus in hierdie tydperk nie aanmerklik van mekaar verskil nie. Die dans is as bybehorende onderdeel van die huweliksfees aan die Kaap in stand gehou, en veral omdat dit 'n vorm van vermaak was wat aan die Kasteel, die kultuur-uitstralingsentrum van die Kaap,

---

(1) C.G. Botha: Social Life in the Cape, blss.41-43.

(2) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, bls.120 e.v.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

gehandhaaf is. Deurdat die musikante van die Kasteel op die plattelandse huweliksfeeste gaan speel het, is kultuurbeïnvloeding moontlik gemaak.

Hoofsaak by hierdie Kaapse gebruik is dat die Nederlandse kerngebruik op die Kaap oorgeplant is, waar dit aan bepaalde wysigings onderworpe is.

(m) Huweliksgeskenke.

Gedurende die sewentiende eeu en daarna was dit gebruiklik om 'n bruidskat te gee. Laasgenoemde dui die besittings aan wat 'n vrou meebring by haar huwelik. Onder die armer Nederlandse bevolking het hierdie gebruik egter nie bestaan nie.(1) Oervorm hiervan is die Germaanse bruidskoop. Hierbenewens het die sogenaamde „morgengave" ook gegeld: dit was 'n geskenk wat die man aan sy bruid die oggend na die huwelik gegee het. In die loop van die agtiende eeu het ook dié gebruik in die stamland verdwyn.(2)

Die fundamentele begrip wat verbonde is aan die gebruik van huweliksgeskenke te gee, word aan die Kaap alreeds met die eerste volksplanting aangetref. Op 'n bruilof in die fort is 'n huweliksgeskenk in die jaar 1664 deur die Goewerneur aan die bruid gegee. Dit het die vorm van 'n bedrag geld aangeneem,(3) en hou dus verband op regstreekse wyse met die vaderlandse gebruik.

Onder dié Kaapse veeboere is die oorgeërfde vaderlandse vorm van die bruidskat egter heeltemal omgevorm, sodat dit op die bruidegom van toepassing was. Die vader het aan sy seun by sy huwelik 'n geskenk gegee: „As daar geen beswaar gemaak is nie (deur die

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.78.

(2) Ibid., bls.167.

(3) G.M. Theal: A History of South Africa, deel II, bls.157.

Huwelikshof en die huwelik dus gereël is, het die bruidegom se vader soveel tot die huwelik bygedra as wat in sy vermoë was. 'n Span van ses, agt of tien osse en 'n wa is 'n belangrike geskenk."(1) Hier het die vader sy seun dus instaat gestel om sy eie boerdery op die voorposte te begin, want dit wat daarvoor nodig was, naamlik 'n wa en vee was al wat so 'n jongman nodig gehad het.

Maar die veeboer-vader het aan sy dogter op gebruiklike wyse ook nog 'n bruidskat gegee in die ware sin van die woord. Aanteelvee, wat hoofsaaklik uit verse en koeie bestaan het, is aan 'n dogter by haar huwelik geskenk. Soms het so 'n bruidskat uit 'n honderd skape en 'n paar ramme bestaan.(2) Gewis is dié erfvorm onder die veeboere op die oosgrens dus bewaar. By hulle was dit gebruiklik dat die vader die jong egpaar instaat stel om 'n eie veetrop te ontwikkel. Dit is duidelik dat die tradisionele Nederlandse gebruik om 'n bruidskat te skenk deur die Kaapse veeboere by hulle lewenswyse en lewensomstandighede aangepas is. Onder die veeboere was dit 'n kenmerkende, eiesoortige gebruik.

(n) Buurthulp.

In die volkslewe is buurthulp 'n uiting van die groep se meegevoel of hulpvaardigheid. By die huwelik dien dit om die jong egpaar bystand te verleen by 'n lotstydperk. Uiteindelik beteken buurthulp die versterking van die eenheid van die groep. In die sewentiende eeu het die buurvrouens in Nederland byvoorbeeld vir die jong egpaar 'n hoofkussing gesorg.

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, blss.112-113.

(2) Ibid.

Wanneer hulle die donsvere daarvoor bymekaar gemaak het, is hulle op 'n sogenaamde „veerenmaal" onthaal.[1] Die aanklee en die vervoer van die bruid het soms ook as buurthulp gegeld, netso ook is hulp by die voorbereiding van die huweliksfees as buurthulp beskou.[2] Die dienste van die strooipaar versinnebeeld buurthulp.

Aan die Kaap het die strooipaar die bruid en bruidegom op baie maniere bystand verleen: hulle het die kranse en die skild gemaak en die bruid se ouerhuis versier. Teen eenuur in die huweliksnag het die bruid se vriendinne haar help ontklee. Onder die veeboere, so vermeld Mentzel, het vriende die nuwe egpaar gehelp om 'n eie huis te bou, aangesien geen slawe op die verste voorposte beskikbaar was nie.[3] Die veeboere het dus dié ou Nederlandse gebruik van gemeenskapshulp in hierdie opsig bly handhaaf. Dit skyn derhalwe asof sommige Nederlandse gebruike onder die veeboere, wat heel ver van Kaapstad gewoon het, op meer tradisievaste wyse bewaar is, as wat die geval op die skiereiland was. Hierdie verskynsel sluit aan by die volgende stelling: „Gewoonlik lê die grootste glanspunte van die maatskaplike lewensvorms in die verlede, en op die platteland is hulle bykans altyd gesonke kultuurgoed."[4] Hier moet mens daarmee rekening hou dat afsondering op die voorposte die koloniste meer dwing om mekaar by te staan, wat in hierdie geval nie op groter konserwatisme dui nie, maar op gunstiger uitwendige omstandighede.

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.131.

(2) M. Roux: Kaapse Huweliksgewoontes, D.H.G., 4/3/27; 11/3/27.

(3) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.121.

(4) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.409.

(o) Die Huweliksreis.

Nadat die agtiende eeuse Nederlandse huwelik plaasgevind het, het die jong paartjie hulle vriende en familielede gaan besoek; ook was dit gebruiklik vir hulle om in die veld in te gaan en van die ongerepte natuur te geniet.(1) Dié gebruik is die basis van 'n soortgelyke Kaapse vorm wat soos volg deur Mentzel beskryf is: „Vir die wittebrood bestaan (aan die Kaap) geen reëls nie; dit duur so lank as wat die bruidegom kan bekostig om van sy pleas af weg te bly .....Sodra die wittebroodstydperk verstreke is, neem die bruidegom sy bruid op 'n wa saam en hulle vertrek."(2)

Waarskynlik het Mentzel aan 'n plattelandse bruilof gedink toe hy hierdie beskrywing te boek gestel het, te oordeel na die verwysing na 'n wa, wat alleenlik deur 'n boerekêrel uit die binneland op gemelde wyse aangewend sou wees. Alweer is 'n Nederlandse gebruik deur die pioniers aan die Kaap behou, alhoewel hulle 'n nuwe vorm aan die oorgeërfde kerngebruik gegee het.

(p) Gebruike in verband met Hertrou.

Voordat 'n weduwee in Nederland in die tydperk wat hier ter sprake is, kon hertrou, moes sy 'n routyd van een jaar en ses weke deurmaak, of vir so lank as wat sy van haar eerste man swanger was. Nadat die bepaalde termyn verloop het, kon sy weer in die huwelik tree. Die routyd was heelwat korter in die geval van 'n wewenaar. In Amsterdam het ses tot nege maande as voldoende routyd gegeld voordat 'n wewenaar

---

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls. 87.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, blss.116-118.

kon hertrou.[1]

Aan die Kaap moes 'n weduwee vyf maande lank rou na haar man se dood. Nadat hierdie tydperk verloop het, het die Kommissarisse van die Huwelikshof hulle toestemming tot hertrou gegee.[2] Die routyd vir 'n Kaapse weduwee was dus korter as dié van 'n Nederlandse weduwee. Omdat daar aan die Kaap min hubare vrouens was, is die gebruik waarskynlik vervorm om by die heersende omstandighede aan te pas. Weereens het ons hier met die wysiging van 'n stamlandse gebruik aan die Kaap te doen.

Volgens 'n wetsbepaling van die Vrystaatse Republiek moet 'n weduwee vandag nog 180 dae (d.w.s. ongeveer ses maande) wag, voordat sy mag hertrou.[3] Hier het die sede en die regstelsel dus by mekaar aangesluit.

## III. B E S L U I T.

Die huwelik is 'n maatskaplike vorm wat met die volwassenheid van die mens in verband staan en dit gaan met oorgangsgebruike in die volkslewe gepaard. Dié gebruike is van 'n behoudende aard: die eenheid en samehorigheid van die groep word deur hulle in die hand gewerk. Die huwelik is 'n daad van enkelinge wat aan 'n bepaalde groep behoort; vir hulle groep beteken die huwelik 'n versterking; gevolglik is die huweliksede 'n verskynsel wat ten nouste met die groep saamhang, en daarom is dit die groepsbewussyn se strewe om die huwelik op hoë morele, etiese en sedelike peil te handhaaf. Baie

(1) L. Knappert: Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, bls.188.

(2) M. Roux: Kaapse Huweliksgewoontes, D.Hg., 25.2.1937.

(3) Vgl. The Sunday Times, 11.8.1951.

huwelikagebruike dateer uit die Germaanse heidendom; hulle is steeds verander, hernu en verbleek, maar steeds gehandhaaf. Van die krag van die groepsgevoel sal dit dus afhang hoe sterk sede en gebruik gehandhaaf word. Sede en gebruik behoort aan die groep, aan die volk, maar word deur die volk se enkelinge gehandhaaf. Omdat ons dus aan die Kaap in die tydvak 1652 tot 1795 maatskaplike vorme in verband met die huwelik kan aantoon, het ons bewys gelewer van die bestaan van 'n groepsgevoel, want sedes en gebruike sonder 'n groepsgevoel is ondenkbaar.

Die Kaapse huwelikagebruike het dus die algemeen- Germaanse en Nederlandse huwelikegebruike as agtergrond. Talle motiewe was in die sewentiende en agtiende eeue in beide lande eners; baie ander het weer van mekaar verskil, en laasgenoemde het die ontstaan van 'n eie Afrikaanse huweliksede tot gevolg gehad. Namate die agtiende eeu verloop het, het die Kaapse sedes en gebruike ten opsigte van die huwelik sy eie kleur en aard begin kry, maar dit het steeds wesenlik Nederlands gebly.

Teen die jaar 1795 het die huwelikagebruike onder die verskillende bevolkingsgroepe aan die Kaap Afrikaanse vorms vertoon wat van die stamlandse vorme verskil het. In Kaapstad en die dorpe naby Kaapstad was die Nederlandse invloed nog die sterkste, maar verder op die platteland het die Kapenaars in isolasie begin lewe en gevolglik hulle eie huweliksedes- en gebruike begin vorm en handhaaf. Ons kan nou reeds tussen 'n Kaapstadse bruilofsvorm, 'n plaasbruilofsvorm en 'n veeboerhuweliksvorm onderskei. Die inwoners van Kaapstad het ander lewenswyses as dié van die plaasbewonere gehad. In die dorpsgebiede was die Europese invloed nog sterk. Op die platteland het eie vormgewing voorgekom (vgl. die

vee-as-bruidskat). Vervorming en herskepping van die tradisionele vaderlandse vorms om by plaaslike omstandighede aan te pas, het tot nuwe vorms, tot eie Afrikaanse vorms aanleiding gegee.

Onteenseglik vorm die sewentiende en agtiende eeuse Nederlandse huwelikagebruike egter die kern van die huwelikagebruike wat in die jare 1652 tot 1795 aan die Kaap bestaan het. Rondom die Nederlandse kern is 'n Kaapse tradisie opgebou wat veral teen die tweede helfte van die agtiende eeu 'n eie identiteit begin toon het. Teen die einde van die agtiende eeu het 'n eie Kaapse, oftewel Afrikaanse tradisionele lewe in die Kaapse samelewing gegeld. Nou was 'n individu aan die Kaap as kultuurdraer nie meer 'n Nederlander nie, ook nie meer 'n Vryburger of 'n Kolonis nie, maar 'n Kapenaar, dit wil sê: 'n Afrikaner. Die ondergrond van 'n Afrikaanse volkskultuur was nou reeds 'n voldonge feit, en hierdie volkskultuur was in sy wese van 'n Dietse aard. Dit is die kultuurlegaat van die eerste groep in die Afrikaanse volkslewe.

--------------------

# HOOFSTUK IV.

## KAAPSE GEBRUIKE IN VERBAND MET DIE DOOD EN BEGRAFNIS, GESIEN TEEN 'N NEDERLANDSE AGTERGROND (1652 - 1795).

### I. INLEIDING.

#### (a) Algemeen.

Die dood geld as die laaste lotstydperk in die lewe van die individu. Baie opvattinge en handelinge het rondom die dood ontstaan; in die gees van die primitiewe mens is die dood 'n oorgangstadium. Van Lennep het die naam „rites de passage" aan hierdie instellinge gegee. Van al die „rites de passage" is die dood die maklikste waarneembaar: die mens sien duidelik dat die gestorwene die gemeenskap van die lewendes verlaat. Wanneer die dooie dan ook begrawe word, word hy oorgeplaas na die gemeenskap van die dooies.[1]

Die volksmens glo dat die siel die liggaam by die dood verlaat en 'n aparte lewe ingaan. Hierdie verskynsel heet animisme, en word by alle primitiewe gemeenskappe aangetref.[2] Die volksmens sien die dood nie as 'n natuurlike verskynsel nie: dit is 'n oorgangsverskynsel, en gevolglik is talle skeidingsgebruike geskep en gehandhaaf waarvan die doel is om die vertrekkende siel op sy tog aan te help. Maar daar bestaan ook afweergebruike om die vervloë siel se terugkeer te verhoed; die bekendste afweergebruik is die begrawe van die dooie onder die grond: die lyk word verwyder, en volgens die volksopvatting, gelyktydig ook die siel.[3] In 'n dergelike verband huldig die primitiewe gees die bestaan van 'n doderyk: in die lug, in grotte, hol boomstamme en in

---

(1) P. de Keyser: Folklore en Onderwijs, bls.60 e.v.

(2) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.43.

(3) Vgl. A.F. Tozzer: Social Origins and Social Continuities, blss.113-124.

waterryke dele. Vir die Christen is daar 'n hemel en 'n hel, en die Romeine het geglo dat Hades die doderyk is. Derhalwe bevat die volksgeloof baie verskynsels ten opsigte van die siele van ontslapenes.(1)

Onder die volksgebruike van die Dietse kultuurvolke kom rougebruike voor wat op die instinkmatige, algemeen-menslike gevoel van droefheid berus. Oorspronklik kon roudrag 'n poging gewees het om die agtergeblewenes te vermom en aldus teen verdere aanvalle van die dood te beskerm. Uit sielkundige oorwegings vrees die mens die onbekende, dus ook die dood, en ten einde dié vrees die hoof te bied, voer hy onbewus 'n handeling uit wat meedoen om sy vrees te verdryf; sodra 'n hele groep, waaraan so 'n handelende enkeling behoort, dieselfde patroon groepsgewyse uitvoer, ontstaan 'n tradisionele gebruik. Mettertyd verkry die herhaling van bepaalde gebruike simboliese betekenis: as die mens byvoorbeeld sterf, word oorgangsgebruike uitgevoer om die siel te help verhuis na sy nuwe verblyf, deels omdat die lyk vrees en weersin wek. Vervolgens word 'n opnemingsgebruik uitgevoer - die Romeine het byvoorbeeld 'n geldstuk in die dooie se mond geplaas, sodat die roeier van die boot op die rivier Styx die ontslapene as passasier sou vervoer. Die oorledene se familie word in die primitiewe gees as onrein beskou, gevolglik moet sy familie van die dooie familielid afskeid neem deur bepaalde skeidingsgebruike na te kom: vir 'n ruk moet hulle ander klere dra. Dit gee tot die rougebruike van 'n gemeenskap aanleiding.(2)

---

(1) J. Rasch: Nederlandsche Folklore, blss.12-13.

(2) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel II, bls.8.
Ook -
A.F. Tozzer: Social Origins and Social Continuities, blss.86-124.

Uit die enkeling se piëteitsgevoel ontstaan 'n handeling wat uiteindelik tot 'n sede aanleiding gee.[1] Hierdie verskynsel kon ook van die Kaap merksaam gewees het. Die persoonlike gewoonte om te ween, kon in verband met die dood byvoorbeeld twee vorme aan die Kaap aanneem: daar kon volgens die vaderlandse gebruik gerou word, of die smartuitbarsting kon 'n spesifieke, eie vorm aangeneem het. Die uitingsvorm van droefheid is sterk tradisioneel-gebonde, wat verskil van kultuurgemeenskap tot kultuurgemeenskap.

Hiermee het ons dan ook die onderwerp van hierdie hoofstuk aangedui.

(b) Algemene Toestande aan die Kaap.

Omdat die Nederlandse begrafnisgebruike die agtergrond vorm van die Kaapse begrafnisgebruike in die tydvak ter sprake, is dit nodig om kortliks hierdie kultuur-historiese agtergrond in aanmerking te neem, alvorens ons verder gaan. Wat betref die Nederlandse begrafnisgebruike in die sewentiende en agtiende eeu, kan ons die algemene stelling neerlê dat hulle gedurende die sewentiende eeu nog veel ryker aan vorms en meer volksaardig as in die volgende eeu was. In die tweede plek is die agtiende eeuse begrafnisgebruike deur die leerstellinge van die Hervorming nie alleen beïnvloed nie, maar ook bepaal en verorden. Teen die middel van die laaste gedeelte van die agtiende eeu het die Franse hoflewe vanweë die opperkultuurkringe eerstens die stedelike en dorpsbegrafnisse, en later ook die plattelandse begrafnisse in 'n rigting van uiterlike vertoon gestuur.[2]

---

(1) Sartori: Sitte und Brauch, deel II, bls. 8 e.v.

(2) Vgl. G.D.J. Schotel: Maatschappelijke Leven Onzer Voorouders, bls.412 e.v.

Ten opsigte van die Kaapse gebruike by die dood en begrafnis kan daar nogeens beweer word dat dit naas erfgoed, ook spore van eiegoed openbaar. Veel van wat in Nederland in dié tyd bestaan het, het Kaap toe gekom, saam met die Nederlandse nedersetters wat verhuis het. Die Kaapse owerheid was streng Nederlands georiënteer in die tydvak 1652 tot 1795. Hier het aanpassings, wysigings en slytasie van gebruike voorgekom, maar talle elemente wat nog ouer as die sewentiende en agtiende eeue en selfs die middeleeue was, het ook na die Kaap saam met die Nederlandse koloniste gekom: die ou Germaanse ondergrond wat in die Nederlandse volkskunde 'n kern vorm, het ook Kaap toe verhuis. In sy boek oor die sosiale lewe aan die Kaap in die agtiende eeu maak die geskiedskrywer C. Graham Botha spesiale melding van die feit dat die begrafnisgebruike in daardie eeu in byna alle opsigte met dié van die stamland ooreengekom het.[1] Volgens gemelde historikus het die Kaap ook teen die einde van die agtiende eeu die Franse invloed ondergaan: toe was 'n begrafnis ook 'n geleentheid vir groot pragvertoon, ooreenkomstig die toestand in die tydgenootlike Nederlande.[2]

Vir die hedendaagse Afrikaanse volkskundige is dit egter besonder moeilik, indien nie onmoontlik nie, om presies uit te vind wat die destyds Kaapse volksgeloof ten opsigte van die dood en begrafnis bevat het. Die lewende tradisie van die volk is selde of ooit in dokumente op skrif gebring. Deur middel van argi fstukke en 'n rekonstruksie van die verlede na aanleiding van tansbestaande dinge in die Afrikaanssprekendes se volksgeloof kan ons by benadering egter 'n beeld van die verlede vorm.

---

(1) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.64.
(2) Ibid.

Die fortbewoners, en later die Kasteelbewoners, het in die eerste jare aan die Kaap in noue aanraking, soos 'n huisgesin bykans, saam gelewe. Ons weet tewens dat almal hulle maaltye saam geniet het.[1] Mettertyd het die Vryboere die Afrikaanse bodem begin bewerk, en later het die plattelandse gemeenskappe verder en verder in die binneland in gevorder. Die trekboer-baanbrekers op die Oosgrens was baie ver van Kaapstad verwyder, waar hulle in afsondering hulle eie lewensvorms ontwikkel het.[2] Die Kasteel het teen die einde van die sewentiende eeu en gedurende die agtiende eeu die Nederlandse hart in Suid-Afrika verteenwoordig. Binnekant die fort en die Kasteel het die lewe, dit wil sê ook die huldiging van sedes en gebruike, in die vaderlandse tradisie verloop. Die aard van die Kasteelgemeenskap was dié van 'n militêre vesting: aan die hoof was die Goewerneur, en onder hom het verskeie offisiere en amptenare gedien wat oorwegend Nederlanders was. Maar buite die fort en Kasteel het die burgers van Kaapstad en die omliggende dorpe en gehugte en die boere uit die binneland in maatskaplike verkeer gelewe. Onder laasgenoemde veral is hulle stamlandse(Nederlandse, Duitse en Franse) sedes en gebruike na 'n paar geslagte nie meer so vormvas gehandhaaf nie, en wel bloot omrede die Kaap hulle enigste vaderland geword het.[3] Uit laasgenoemde verskynsel spruit dan ook die (vir die Afrikaanse volkskundige van die allergrootste belang) ontwikkeling van eie Kaapse maatskaplike vorms, insluitende begrafnisgebruike.

Die eerste persone wat aan die fort oorlede is, was almal volksmense: matrose, soldate en ook Vryburgers.

---

(1) E.C. Godee-Molsbergen: Jan van Riebeeck en Zijn Tijd, bls.139.

(2) Vgl. P.J. van der Merwe: Trek, bls.1 e.v.

(3) Vgl. S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.140-150.

Hierdie eerste Nederlanders op Kaapse bodem het waarskynlik nog steeds hulle vaderlandse tradisies gehandhaaf. In die jaar 1655 is elf persone in die fort die Goede Hoop oorlede, die volgende jaar agt, en in 1658 is daar onder andere ook vier Vryburgers aan die Kaap oorlede. Laasgenoemde het twee jaar vantevore die Kaap bereik, en ons kan met sekerheid aanneem dat die Nederlands geldende begrafnisgebruike destyds by hulle begrafnisse gehuldig is. Van belang is verder dat daar vóór die jaar 1700 slegs mans aan die Kaap begrawe is.(1) Die vrou is die eintlike draer van die volksdinge, veral ten opsigte van die lotstydperke - hierdie verskynsel stel die moontlikheid daar van afslyting en verbleking van stamlandse gebruike tydens die eerste halfeeu van die nedersetting se bestaan.

Geen wonder dus dat 'n reisiger wat vroeg in die agtiende eeu aan die Kaap vertoef het, soos volg kon skryf nie: „De wijze, waarop de gemeene lijkstatien verrigt worden, verschilt in sommige opzichten van de gebruiken, welke in Europa ..... plaatshebben."(2) Teen die jare dertig van die agtiende eeu het Mentzel ook besef dat die Kaapse sedes 'n eie kleur begin kry: „Baie gebruike wat in Europa bestaan, is hier onbekend."(3) C. Graham Botha verklaar hierdie verskynsel soos volg: „Die tweede en derde geslagte van die eerste nedersetters het grotendeels alle aanraking met hulle Europese bloedverwante verloor."(4) Terwyl laasgenoemde 'n goeie rede is, is dit egter nie die enigste verklaring vir die afslyting van die Europese gebruike en hulle omvorming, of die skepping van nuwe maatskaplike vorms aan die Kaap nie. Kolbe en Mentzel erken

---

(1) K.A.V.C. Nr.39.

(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel I, bls.52.

(3) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.117.

(4) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.105.

egter die bestaan van kernsedes- en gebruike aan die Kaap, maar noem ook vorms wat vir hulle vreemd is. Werklik nuwe gebruike was skaars, veral voor 1750. Aan die Kaap kon "gesunkenes Kulturgut" bestaan het, want Nederland was destyds die geestelike brandpunt vir die Kaap. Wat dus nuut was in Europa op 'n gegewe tydstip kon die Kaap eers heelwat later bereik het.

Onteenseglik het die Kaapse begrafniegebruike, veral ná 1750, 'n eie aard begin kry, want eers dán was ook die Kapenaars se taal 'n duidelik aparte taal.(1) Terwyl die basiese erfvorms deur die Kapenaars behou is, het die fynste besonderhede teen die einde van die agtiende eeu begin verdwyn. Teen dié agtergrond moet die Kaapse begrafnisgebruike dan ook gesien word.

## II. OORGANGSGEBRUIKE AAN DIE KAAP.

Skeidingsgebruike, oorgangsgebruike en opnemingsgebruike, sowel as afweergebruike het in verband met die dood in alle kultuurgemeenskappe ontstaan.(2) In die Dietse volkslewe het 'n aantal gebruike, wat ons met die naam "kerngebruike"(3) kan aandui, deur die eeue ontstaan. Dit is dikwels gebruike wat alreeds in die Germaanse tye ontstaan het en wat opgeneem is deur die volke van die Dietse stam. Hierdie gebruike het oor Nederland in die sewentiende en agtiende eeu ook Suid-Afrika bereik. Onder die begrafnisgebruike kan ons die volgende kerngebruike noem: buurthulp by siekte en dood, lykstrooi en die aanwending daarvan, gebruike in verband met die geweke siel, die oprigting van grafstene, die gebruike waarvolgens die oorledene gekie word, die ter aardebestelling,

(1) Vgl. D.B. Bosman: Oor die Ontstaan van Afrikaans, bls.5 e.v.
(2) Vgl. P. de Keyser: Folklore en Onderwijs, blss.60-61.
(3) Vgl. P. de Keyser: Folklore en Onderwijs, blss.53-54.

die begrafnisoptog, rougebruike, gebruike in verband met die begraafplaas en gebruike met betrekking tot die begrafnismaal. Die oorspronge van gemelde maatskaplike vorms lê ver in die verlede van die Wes-Europese volke, tog is dié vorms op wonderbaarlik hardnekkige wyse op tradisionele manier in Wes-Europa van geslag tot geslag oorgelewer. Verhaspeling, verbleking en vervorming het die gebruike wel aangetas, maar hulle grondvorms het steeds herkenbaar gebly.(1)

Ons bepaal ons voorts by die sogenaamde skeidingsgebruike by die dood.

In die Nederlandse volksgeloof het die mens twee bestaansvorme: in die lewe en in die dood. Die ou Germane het geglo dat die onsterflike gedeelte agterbly, en dat 'n nuwe, afsonderlike lewe van vooraf begin word by die intrede van die dood. Dit het tot onbepaalde kerngebruik aanleiding gegee, naamlik die oopmaak van vensters en deure tydens 'n sterfgeval, sodat die siel kan ontvlug.(2) Hierdie skeidingsgebruik is in die sewentiende eeu in Nederland veelal gehuldig.(3) Dat hierdie gebruik aan die Kaap moes bestaan het, bewys die verwante opvatting in die Afrikaanse volksgeloof, naamlik dat die siele van ongedoopte kinders wat sterf, heidene is, en dat hulle swerf.(4) Siel en liggaam is geskei in laasgenoemde opvatting. As verbleekte vorm van die oorspronklike, dui dit op die moontlikheid dat die maatskaplike vorm gehandhaaf is. Die geloof aan die voortbestaan van die siel is tewens Dietse gemeengoed.

Onder die afweergebruike wat aan die Kaap moes bestaan het, is die wask by die dooie,(5) die uitlê van die

---

(1) Vgl. K.C. Peeters: Eigen Aard, blss.487-500.
(2) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.331.
(3) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.190.
(4) F. Th. Schonken: De Oorsprong van het Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, bls.13.
(5) J. Rasch: Ons Volk, bls.56; Ook - A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.414.

lyk op lykstrooi,[1] gebaseer op die opvatting in die volksgeloof dat die dood 'n oorgang is.[2] Lyke word vandag nog in Suid-Afrika uitgelê; ook word daar geglo dat die siel die liggaam verlaat by die dood.[3] Ook hier kan ons aanneem dat hierdie opvatting wat in die volksgeloof bestaan, tot handeling by die dood, dit wil sê, tot begrafnisgebruike, aanleiding gegee het. Hieronder geld ook die verskynsel van huilmakery.

Rondom die dood is daar in die Nederlandse volksgeloof 'n hele aantal ander afweergebruike ook opgebou.[4] Die Kaapse gebruik om klokke by die begrafnis te lui, moet in dié verband beskou word. Aan die Kasteel was dit teen omstreeks die jaar 1713 die gebruik om „tromnelslaners" wat op hulle tamboere slaan, in die begrafnisstoet te skik.[5] Hierdie geraasmotief moes as 'n vervormde afweergebruik gegeld het: terwyl klokgelui 'n burgerbegrafnis aangekondig het, het tamboergedreun 'n beampte s'n aangedui. Ons moet hierby onthou dat die Kasteel as fortgemeenskap 'n militêre kleur aan Kasteelbegrafnisse gegee het. Dit spreek veral duidelik uit die gebruike wat by Goewerneur Louis van Assenburgh se begrafnis gehuldig is. By dié begrafnis is 'n sarsie kanonskote afgevuur, terwyl daar vóór die teraardebestelling elke minuut, vir drie sarsies, by die Kasteel 'n kanonskoot afgevuur is.[6] Ook in dié geval het ons met 'n vervormde afweergebruik te doen: die fortgemeenskap het as militêre gemeenskap 'n militêre kleur aan die begrafnis gegee. In elk geval stel dit ons in staat om te beweer dat hierdie erfgebruik aan die Kaap bestaan het.

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.333.
(2) J. Rasch: Ons Volk, bls.56.
(3) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.43.
(4) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, blss.129-131.
(5) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel I, bls.323.
(6) Ibid.

Waarskynlik het hierdie gebruik sonder invloed op die burgerlike bevolking aan die Kaap verdwyn. Mentzel skryf dat hy (omstreeks in die jaar 1735) sarsies nog klokgelui by Kaapse begrafnisse waargeneem het.(1) Miskien het die nodigheid van so 'n gebruik aan die Kaap toe reeds verdwyn: in 'n klein gemeenskap soos dié van Kaapstad en omgewing was kanonskote of klokgelui oorbodig om aan te kondig dat iemand begrawe word. Aan die anderkant wek die huidige Afrikaanse gebruik om die "doodsklok" by begrafnisse te lui die indruk dat dit verband hou met die staalandse gebruik.(2)

III. DOOD EN BEGRAFNIS IN DIE VOLKSGELOOF.

In die Nederlandse volksgeloof bestaan daar bepaalde voortekens van die dood. Hieronder geld die gekras van uil of kraai, 'n hond se getjank, die stilstaan van 'n klok, die toeslaan van 'n deur, die spring van glas, die val van 'n skildery of spieël, ook geheimsinnige ligte, en honde en katte wat mekaar in die nag byt, ook as die huisgenote baie van huwelike droom.(3) Oud is hierdie volksopvattings. Gedurende die agtiende eeu is daar geglo dat as 'n lyk gedoop word, 'n mens die toekoms te wete sal kom. As 'n mens se been slaap, was dit 'n voorteken van 'n spoedige dood in die familie.(4)

Talle volksgelowe in dië verband het in Suid-Afrika óf verlore geraak, óf hulle is nooit te boek gestel nie. Ons weet egter dat die uil vandag nog in Suid-Afrika ingeld as toekomsvoorspeller, veral ten opsigte van die intrede van die dood.(5)

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.117 e.v.

(2) Vgl. K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.480.

(3) J. Rasch: Ons Volk, bls.55; J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.330.

(4) G.D.J. Schotel: Volksboeken, bls.319.

(5) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.127.

In vroeër dae in Nederland is muntstukke of geliefde voorwerpe van die oorledene saam met hom in die graf geplaas. Dit het ontstaan uit die volksgeloof dat die siel in die graf nog bly voortbestaan, en selfs in staat daartoe is om stoflike dinge soos voedsel en geld te gebruik.(1) Baie begrafnisgebruike dui dan ook op die geloof in die voortbestaan van die siel.

Aan die Kaap is die opvatting ook gehuldig dat die siel ná die dood bly voortlewe. Een van die oudste spookverhale van ons land lewer bewys daarvan.(2) Eienaardig is die feit dat dit te Stellenbosch sy oorsprong gehad het, aangesien dié plek nog maar 'n gehuggie op die platteland was. Dit gee ons 'n insig in die volksgeloof van dié tyd: dit is as 'n sonde beskou om die rusplek van dooies te skend.

Weens die feit dat die ou begraafplaas te Stellenbosch op 12 November 1782 verkoop is, het die begrip onder die Kaapse bevolking posgevat dat die kerkhof daardeur geskend en ontheilig is. Rondom die opvatting is 'n spookverhaal opgebou. Daar is vertel dat 'n vorige landdros snags op 'n wit perd rondom die kerkgebou ry. Hy is van 'n klompie jaghonde vergesel. Die verhaal wat in omloop was, is dat hy in die graf geen rus kon vind nie, omrede die verkeerde daad wat deur hom met betrekking tot die „skending" van die kerkhof gepleeg is. Een nag het hy egter sy sonde aan die dominee gaan bely, en laasgenoemde het geweier om sy verhaal te verklap; gevolglik weet niemand wáároor die landdros daar spook nie. Dié Kaapse spookverhaal gee ons 'n insig in die volksgeloof van die tyd en lewer bewys van die geloof aan die voortbestaan van die siel.

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.338.
(2) H.C. Leibbrandt: Rambles Through The Archives, bls.183.

Die volksgewete huldig klaarblyklik die begrip dat dit sonde is om die rusplek van die dooies te versteur. Hierdie opvatting word vandag nog onder die Afrikaners gehuldig.(1) Die ou Kaapse verhaal is vertel as vingerwysing na die landdros wat toegelaat het dat die kerkhof vir boudoeleindes aangewend is.

IV. VERBAND TUSSEN DOOD EN HUWELIK.

In die volksgeloof bestaan daar soms 'n verband tussen die dood en die huwelik. Sartori wys daarop dat verskillende gebruike dieselfde grondbegrip kan uitdruk.(2) Omdat die dood en die huwelik beide oorgangsstadiums is, bestaan daar in die volksgees 'n verband tussen dié twee lotstydperke. In Nederland is die volgende spreuk bekend:-

„Een bloem buiten den tijd
Is een bruid of een lijk."(3)

Soms word die bruidskleed ook as doodskleed in Nederland aangewend; hierdie kleed is deur die bruid nog vóór haar huwelik gemaak.(4) In die Nederlandse boerewoning is daar byvoorbeeld soms nog 'n „lykdeur" wat slegs vir 'n bruilof of begrafnis geopen word.(5) In Suid-Afrika doen die bruilofsnaghemp soms diens as doodshemp.(6) Hierdie hedendaagse Afrikaanse gebruik by die dood moet dus sy oorsprong na aanleiding van die Nederlandse volksplanting aan die Kaap gehad het.

In Nederland het die mirteltak en roosmarynkrans as lyksversiering gedien.(7) Aan die Kaap is dié plante

---

(1) vgl. C.M.v.d.Heever se verhaal: Die Uitgeploegde Geraamte.
(2) P. Sartori: Sitte und Brauch, deel II, blss.9-10.
(3) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.331.
(4) Ibid., bls.333.
(5) Ibid., bls.339.
(6) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.412.
(7) Ibid., bls.331 e.v.

as bruidsversiering aangewend.[1] Ons het in die geval met 'n duidelike oordrag van die vaderlandse gebruik te doen.

In sommige gevalle is die vrugbaarmakende gebruike en die afweergebruike van die huwelik selfs op dié van die dood oorgedra, byvoorbeeld strooi wat as simbool van dorheid by 'n „onsedelike" bruilof en by die dood 'n rol speel.[2]

Gedurende die agtiende eeu is daar op begrafnisse in Nederland, net soos op huwelike, geldstukke aan draers en vriende uitgedeel. Sulke silwerstukke het verskillende vorms aangeneem; soms is hulle versier, soms het hulle spreuke op gehad.[3] Aan die Kaap het die draers die bedrag geld wat aan hulle geskenk is onder mekaar verdeel.[4] Ongelukkig weet ons nie of dié silwerstukke ook bepaalde vorms aangeneem het nie.

Volgens Schotel het die sewentiende eeuse Nederlanders soms sand op die vloer van die huis gegooi waar 'n huweliksfees plaasgevind het. Alhoewel geen Nederlandse skrywer oor hierdie tydvak vermeld dat sand tydens begrafnisse in Nederland op een of ander soortgelyke wyse aangewend is nie, weet ons dat dit wel aan die Kaap die geval was. By die begrafnisse van vooraanstaande lui is sand vooruit gestrooi op die pad wat deur die stoet gevolg sou word. Hierdie gebruik is later egter net tot Goewerneurs se begrafnisse beperk.[5] Iewers in Nederland het 'n dergelike gebruik sekerlik bestaan, want dit is uit die Kasteel op die Kaapse begrafnisgebruike oorgedra, en die Kasteel het die Nederlandse lewensvorms aan die Kaap verteenwoordig. Dit lyk in elk geval na 'n gebruik uit die opperkultuur.

---

(1) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, bls.119.
(2) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.474; 489.
(3) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Voorouders, bls.413.
(4) A. De La Caille: Reise nach dem Vorgebürge, bls.326.
(5) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.64.

V. GEBRUIKE BY DIE STERF...

In Nederland het bure by die siekbed gaan waak, en later weer by die dooie. Hierdie handelings spruit uit ouer afweergebruike.(1) Gewoonlik word die spieëls bedek, en aan die voorgewel word twee bakstene oorkruis aangebring as sinnebeeld van die afsterwe van 'n Christen. Vir die Vlaminge het die bure se waak die volgende vorm aangeneem: „De wakers brengen den nacht afwisselend door met bidden, maar ook met praten, kaartspelen, ja zelfs met eeten, rooken en jenever drinken."(2) Aan die vee, en veral aan die bye, word die dood van die huisbaas aangesê.(3) Dié dinge kon aan die Kaap bestaan het, maar ons kan geen dokumentêre bewyse daarvan teëkom nie. Ons weet egter dat die algemene naastehulp by siekte en ongeval in Suid-Afrika nog die naam dra van „waak".(4)

In die sewentiende eeu in Nederland is die sieketrooster of die leraar, ontbied sodra iemand in die huis ernstig siek geword het. Aan die kranke is die „sieckentroost" voorgelees, en die sieketrooster het aangebly totdat die sieke gesterf het. Die sterwende se laaste woorde is neergeskryf, en indien hy 'n man van groot aansien was, is dié woorde bekend gemaak. Ook is die naaste bure ontbied om die sterfgeval by te woon. Met die laaste snik het die naaste bloedverwant die lyk genader, die oë daarvan toegemaak en 'n spieël voor die aangesig gehou, of rook in die neusgate ingeblaas as toets om vas te stel dat die lewe werklik gewyk het.(5) Sieketroosters was aan

---

(1) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.487 e.v.
(2) Ibid., bls.493.
(3) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.336.
(4) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.414.
(5) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven onzer Vaderen, bls.392.

die Kaap werksaam in dieselfde hoedanigheid.[1] Of hulle stiptelik dié stamlandse gebruike op dieselfde manier nagekom het, weet ons nie, tog kan ons aanneem dat dit wêl die geval was.

Indien die oorledene in Nederland in die sewentiende eeu 'n manlike persoon is, word sy trouring aan sy weduwee se vinger geskuif, die laken oor die bed gesprei, en die ledikant se gordyne toegemaak. Mettertyd kom die „treeuwers" om die lyk te ontklee. Hierdie kleed het die „bennekleed" of „doodkleed" geheet. Dit was 'n besonder lang gewaad, vol plooie er met baie strikke aan. Soms is dit dieselfde kleed wat gedurende die eerste huweliksnag gedra is. Die lyk se hoof is met 'n swart mus bedek. Hierna het die kis of uitlê van die lyk gevolg.[2] Op sommige plekke is die doodskleed deur die buurvroue vervaardig; so 'n kleed is baie sierlik opgetooi.[3] Blykbaar is die Kaapse doodskleed nie deur die buurvroue gemaak nie. Dit is gekoop. Adam Tas vermeld dat hy die [illegible]ster betaal het vir 'n „doodkleed" in die jaar 1705.[4]

Die deure en vensters van 'n huis waarin iemand gesterf het, is na sy uitvaart toegesluit.[5] Hierin skuil 'n afweergebruik; die geeste se intrede in die sterfhuis word teëgewerk. Vandag nog bestaan die verwante vorm van dié stamlandse gebruik in Suid-Afrika, maar hier te lande word vensters en deure slegs ge-open na 'n sterfgeval.

Aan die Kaap moes hierdie gebruike, altans vóór die jaar 1800 nog steeds gegeld het, al het ons geen huidige dokumentêre bewyse daarvoor nie. Die gebruike in verband

---

(1) K.A.: V.C.: 39-59 (20.3.1656).
(2) Ibid., bls.393.
(3) Ibid.
(4) A. Tas: Het Dagboek, 17.12.1705.
(5) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.190.

met die sterfbed moes bepaald volgens die Nederlandse vorms uitgevoer gewees het, aangesien dit die enigste was wat bekend was onder die koloniste. Vandag nog word dwaalliggies byvoorbeeld onder die Afrikaners as doodsvoorspellinge beskou[1] - 'n feit wat heenwys na die „eerste tydperk" in ons volkskunde. Verder is die doodsklsed en burehulp by 'n sterfgeval vandag nog algemeen in Suid-Afrika bekend.[2] Sommige diere, soos die uil en die haan word vandag nóg as aankondigers van die dood hier ten lande beskou.[3] Hierdie hedendaagse gelofies en gebruike se ontstaan moet na die tydperk van die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap herlei word.

## VI. GEBRUIKE MET BETREKKING TOT BEGRAFNISKENNISGEWINGS.

In die volkslewe is dit gebruiklik om die samelewing van 'n sterfgeval te verwittig. Rondom hierdie handeling is 'n aantal gebruike opgebou wat gewoonlik van plek tot plek verskil. Op die platteland in Nederland was dit eertyds die gebruik om die heengaan van die huisbaas aan sy vee en veral aan die bye aan te sê.[4] Veral die naaste bloedverwante moet in kennis gestel word van 'n sterfgeval; verder berus die plig om bure en vriende bekend te stel op die lede van die oorledene se huisgesin. Ten opsigte van hierdie gebruik vertoon die Kaapse en Nederlandse vorms in die sewentiende en agtiende eeu groot ooreenkoms.

In die sewentiende eeu in Nederland is 'n kneg uitgestuur om die voorval van 'n sterfgeval in die buurt aan te kondig. Hy is as doodsaankondiger uitgeken aan die

---

(1) Vgl. A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.120.

(2) Vgl. C.M.v.d. Heever: Laat Vrugte.

(3) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, blss.120, 135.

(4) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.335.

lantern wat hy gedra het waarin 'n gebluste kers aangebring was. 'n Groot lantern het aangedui dat die oorledene 'n volwasse persoon is, en 'n kleintjie dat 'n kind o-rlede is. Aan die voordeur van die sterfhuis is daar gewoonlik 'n bos strooi (simbolies van dorheid) en roulinte aan die swartgeverfde deurknop vasgemaak. Verder is die voorkamers van veral gegoede stadsburgers se wonings geheel-en-al met swart roukleed behang.(1) Ons kan verwag dat hierdie gebruike aan die Kaap nie onbekend was nie, aangesien die Nederlandse basiese gebruiksvorms in hierdie verband aan die Kaap gehandhaaf was, soos verderop aangetoon sal word.

In Nederland het die koster, die „bidders" (kerkamptenare, verwant aan die kostersamp) en „cellebroeders" of lyksbesorgers intussen by die sterfhuis aangekom om die rouvoorwerpe soos die familiewapen en andere te vervaardig. Laasgenoemde was van toepassing op stedelike- en dorpsbegrafnisse. Onder die boere het die naaste bure hierdie take as buurthulp verrig. Die hoër stande het die dienste van „aanspreekers", „begrafnisnoodigers" en van „lykbidders" verkry. Hierdie persone was natuurlik besoldigde amptenare, wat professionele dienste gelewer het; hulle was meesal lede van gildes waartoe selfs vroue kon behoort. Hulle is onderskei deur hulle kleredrag: 'n swart mantel en bef was die tekens van hulle amp. Verder het hierdie persone lang, neerhangende roulinte en lamfers aan die agterpunt van die groot „flaphoed", wat spesiaal by begrafnisse gedra is, 'n die vorm van rougewaad aangetrek. Lang, wye roumantels en wit handskoene het ook deel van hulle ampsgewaad uitgemaak; die wit handskoene is in die sterfhuis aan hulle gegee.(2) Aan die Kaap het die „bidder" of koster die name van die

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven onzer Vaderen, bls.394.

(2) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven onzer Vaderen, bls.394.

uitgenooides tot 'n begrafnis uitgelees en hulle volgens stand in die stoet geplaas, voordat die optog die sterfhuis verlaat het.(1) Dit lewer bewys van die bestaan van die gebruik om persone na 'n begrafnis uit te nooi, sowel as van die amp van die „bidder" wat aan die Kaap dus ook bestaan het. Adam Tas maak melding van Dirk de Coster, wat vir die taak betaal is om gaste uit te nooi na 'n begrafnis.(2) Daar was 'n paar begrafnisondernemers in Kaapstad en hulle kleredrag het met diė tydgenootlike Nederlandse ampsgewaad ooreengestem.(3) Ook het vrouens aan die Kaap tot hierdie amp behoort.(4)

Aan die Kaap het die „bidders" se kleredrag soos diė van die Nederlandse begrafnisamptenare uit wit handskoene(5) en lamferlinte aan die agterpunte van begrafnishoede bestaan. Dit was aan die Kaap ook bekend.(6) Aan die Kaap is diė uitvoerige Nederlandse begrafnisgebruik egter in 'n vername opsig gewysig. Waarskynlik was daar nie „bidders" wat „flaphoede" en lamferlinte gedra het nie: hierdie rougewaad is aan die Kaap deur die <u>draers</u> aangetrek. Graham Botha skryf dat die draers 'n halfuur of langer vóór die aangestipte tyd hulle opwagting by die oorledene se woning gemaak het. Hulle is na die sitkamer geneem, die sogenaamde „voorkamer", waar elkeen 'n paar swart handskoene aangebied is. Aan die agterpunte van die draers se hoede was swart (lamfer) linte vasgemaak, wat tot by hulle kuite gereik het. Die lyksbesorger het voorts 'n aantal muntstukke op 'n skinkbord geplaas, en dit as betaling aan die draers gebied.(7) Hierdie uiteensetting

---

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel I, bls.326.
(2) L. Fouche: Dagboek van Adam Tas, 17.12.1705.
(3) K.A.: M.D. Nr.49. (1776-1802).
(4) K.A.: M.D. Nr.49. (9.3.1776).
(5) K.A.: M.D. Nr.49. (17.3.1795).
(6) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.64.e.v.
(7) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.64 e.v.

van 'n Kaapse gebruik kom derhalwe in die meeste opsigte ooreen met die Nederlandse grondvorm.

'n Tweede amptenaar by die vroeë Nederlandse begrafnis was die „aanspreker".+ In die agtiende eeu was dit sy taak om die naasbestaandes en diegene wie se name op die begrafnislys voorgekom het, van die sterfgeval te verwittig. Dit was sy plig om bepaalde persone na die begrafnis uit te nooi. Die oorledene se naaste bloedverwant moes intussen die huis sluit; gewoonlik is dié taak aan die oudste seun of dogter opgedra.(1) Ander Nederlandse benaminge vir „aansprekers" was: „noodigers", „groefbidders" en „leedaanzeggers", en hulle is met die hele bediening belas. Hulle is gebruiklik in swart geklee en het 'n swart mantel gedra, 'n bef, lamfers van dieselfde lengte en swart handskoene.(2) Aan die Kaap was dit ook die plig van die lyksbesorger, wat, soos in die vaderland, die „aanspreker" geheet het, om almal wat daarby belang gehad het, in kennis te stel van die tyd en die plek van 'n begrafnis. By die sterfhuis op die dag van die teraardebestelling het hy die uitgenooides verwelkom.(3) Met betrekking tot kindersterftes aan die Kaap, was dit die plig van die aanspreker om verslag te doen by die Sekretaris van die Weeskamer aangaande sterfgevalle. Uit hierdie gebruik het die gewoonte aan die Kaap ontstaan dat die kosters die doodsregisters gehou het.(4) Ook in die Kaapse buitewyke was die begrafnisuitnodiging sedert vroeg 'n gehandhaafde begrafnisgebruik. In sy dagboek maak Adam Tas melding van 'n begrafnis op 'n buurplaas, en hy vermeld dat hy nie van plan is om dit by te woon nie, aangesien die aanspreker per abuis

---

\+ Soms was die „aanspreker" die „bidder", die „siekentrooster" en „koster" een-en-dieselfde persoon.

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onser Vaderen, bls.396.

(2) M. de Vries en L. te Winkel: Woordenboek der Nederlandsche Taal, deel I, bls.346.

(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.64, e.v.

(4) K.A.: V.C. Nr.39.

vergeet het om hom daarheen uit te nooi.[1] Dit dui dus daarop dat die aanspreker aan die Kaap soos in Nederland in verband met begrafnisse opgetree het. Hierdie gebruik is feitlik sonder vervorming op die Kaap oorgeplant uit die stamland.

Onder die Nederlandse burgers is gedrukte begrafnisbriefies in die sewentiende eeu aan die vriende van 'n afgestorwene gestuur. Die aanspreker was verantwoordelik vir die uitstuur van begrafnisbriefies, waarin die tyd van die roubeklag aangegee is. Laasgenoemde begrafnisgebruik dui op die noue betrekking tussen die Bybelse roubeklag en die Nederlandse. Die dag van roubeklag het die begrafnis, volgens Bybelse sede, voorafgegaan. Die tyd daarvan is volgens goeddunke van die oorledene se heel naaste bloedverwant bepaal, dit wil sê, gewoonlik deur sy vrou.[2] Dit skyn asof hierdie gebruik die Kaap eers teen die afloop van die agtiende eeu bereik het. Ons kan die verskynsel verklaar uit die feit dat daar vóór 1784 geen drukpers aan die Kaap was nie, en gevolglik moes begrafnisbriefies dáár met die hand uitgeskryf word.[3] So 'n „begrafnisrol" is op harde wit papier geskryf waaromheen 'n swart rourand met die hand getrek is.[4] Maar in sommige gevalle is Kaapse begrafniskennisgewings op vorms geskryf wat in Batavia gedruk is en wat Kaap toe ingevoer is, sekerlik deur Kaapse lyksbesorgers. Ene J.H. Blanckenberg het in die jaar 1789 so'n brief aan die Kaap ontvang.[5]

Teen die jare vyftig van die agtiende eeu is groot bedrae geld, ooreenkomstig die „prag en praal" tydsgees, aan Kaapse begrafnisse bestee, en groot prag-en-praal-

(1) L. Fouché: Het Dagboek van Adam Tas, bls.119.
(2) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.190.
(3) K.A.: L 1/3, 2.12.1791. Ook:
C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.64, e.v.
(4) Ibid.
(5) K.A.: V.C. Nr.39.

vertoon, veral onder die burgers van Kaapstad, het daarmee gepaard gegaan. Waar vriende byvoorbeeld vroeër mondeling na begrafnisse uitgenooi is, daar is hulle nou op baie formele wyse deur middel van „doodsbriefies" uitgenodig. In hierdie dokumente moes die stand en titels van die geadresseerde baie nougeset en korrek aangegee gewees het. Gevolglik het die aanspreker baie sorg beste̲e aan 'n lys van diegene wat die plegtigheid sou bywoon, asook die name van diegene wat om een of ander rede nie aanwesig sou wees nie, soos bloedverwante wat te ver gewoon het.(1) Ook hierdie stamlandse gebruik is op vormvaste wyse aan die Kaap in stand gehou.

Bekendmaking van 'n begrafnis op die Kaapse platteland het egter in die agtiende eeu 'n eie vorm aangeneem, alhoewel die kerngebruik as sulks, met ander woorde, die daad van kennisgewing, tog gehandhaaf is. Op die platteland moes alle sterfgevalle dadelik aan die naaste predikant of landdros bekend gemaak word. Hierdie plaasbegrafnisse het dan ook geskied sonder inagneming van baie gebruike wat elders aan die Kaap gegeld het.(2) Hierdie vo[illegible] lewer nogeens bewys van die vervormende mag van di[illegible] ten opsigte van sommige gebruike. Op die veraf-ge[illegible] Kaapse plase, waar geen digte bevolking bestaan het nie, waar daar dus weinig sprake van gemeenskapslewe en gemeenskapsverkeer wes, was daar ook nie veel maatskaplike vorms nie. Dáár was die stryd om te bestaan die mens se eerste oorweging; dit het tot nugterheid en 'n praktiese lewenshouding aanleiding gegee, en die weg vir verbleking en afslyting van sede en gebruik oopgestel.

---

(1) C.G. Lotha: Social Life in the Cape, bls.64, e.v.
(2) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V.Nr.25, Bls.120.

In Kaapstad en die digter bevolkte gebiede van die Kaap is die begrafniskennisgewing dus as erfgoed gehandhaaf, terwyl dit in 'n rigting van afslyting en vervorming afgestuur het op die verafgeleë Kaapse plase, waar die boere in betreklike afsondering ver van mekaar gewoon het.

VII. GEBRUIKE IN VERBAND MET DIE LYK.

Die lyk moet verwyder word, en gevolglik bestaan daar onder die volkegebruike dié wat ten doel het die aflê en verwydering van die dooie liggaam. Die volksmens glo dat sodra die sterwende die laaste snik gee, die siel sy liggaam verlaat. Mond en oë word gesluit en die hande word gekruis. Eertyds is die dooie dadelik op lykstrooi gelê, volgens 'n ou-Germaanse gebruik, aangesien droë strooi met die winter en die dood in verband gebring is in die Nederlandse volksgeloof. In vorige eeue is die lyk op 'n kaal plank uitgelê. Swart geverf, en met 'n doodshoof daarop geskilder, is 'n lykbord in vroeër dae voor die deur van 'n sterfhuis geplaas, en wel met die doel om aan te kondig dat iemand daarbinne oorlede is.[1]

In Nederland het sommige reinigingsgebruike bestaan, doel waarvan 'n poging was om die dood uit die lykhuis te verwyder. Nadat die lyk begrawe is, is die lykstrooi of "dodestrooi" en die lykplank verbrand.[2] Die lyk is gewoonlik op die derde dag na die dood begrawe, en op die tweede dag gekis.[3]

Ook gedurende die tydvak onder bespreking is die lyk in Nederland op strooi of op 'n rolmat uitgelê,

(1) J. Rasch: Ons Volk, bls.56.

(2) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.335.

(3) Ibid.

nadat dit gereinig is. Mans is met die arms langs die liggaam, en vrouens met die arms oorkruis uitgelê. Vir 'n ruk moes die lyk aldus in stasie lê voordat dit gekis is. Nadat hierdie taak deur bure of die begrafnisondernemer verrig is, is spieëls en skilderye in die huis omgekeer. Die „reeusters" het as vergoeding vir hulle werk gewoonlik koue voedsel ontvang.(1) Dit skyn asof die voedsel hier 'n doodsimbool is, aangesien warm maaltye gewoonlik by feestelike geleenthede opgedis word. In Suid-Afrika is dit vandag nog die gebruik om die dooie lyk uit te lê, maar strooi dien nie meer in dieselfde hoedanigheid daarby nie.

In die graf is die lyk in Nederland met die voete en gelaat na die ooste gerig, soos dit vandag nog gebruiklik is ook in Suid-Afrika. In Nederland is 'n „Raaf" of roukleed oor die kis of oor die graf geplaas.(2) By die begraafplaas is die lyk 'n paar keer rondom die kerk gedra. Dit lyk na 'n afweergebruik:(3) deur rondom die kerk te stap, word kwaadwillige geeste teëgewerk. Die sewentiende eeu was nog by uitstek 'n eeu van bygeloof en sterk geloof is aan die beweeglikheid van die duiwel geheg.(4) In hierdie tyd is daar in Nederland geglo dat die eerste lyk wat in 'n kerkhof begrawe is, nie rus sou vind nie. Daar is geglo dat die duiwel so 'n lyk wegdra, en om laasgenoemde dan ook teen die inwerking van die bose te beskerm, moes 'n familielid op so 'n graf gaan sit en in die rigting van die Weste tuur.(5) Die kern van laasgenoemde moet ook as afweergebruik beskou word. Omdat hierdie gebruike nader aan die volksgeloof as aan die eintlike

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.394.
(2) Ibid., bls.406.
(3) Ibid., bls.411.
(4) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, blss.428-433.
(5) G.D.J. Schotel· Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.408.

maatskaplike vorms staan, kan ons verwag dat hulle aan die Kaap in die volkslewe bestaan het, maar dat hulle nooit opgeteken is nie. Gevolglik kan ons net maar die mening uitspreek dat hulle, soos die kern-begrafnisgebruike, volgens die Nederlandse prototipes wél aan die Kaap bestaan het. Adam Tas vermeld dat 'n dooie se lyk uit die sterfhuis per wa na Stellenbosch geneem is om dáár begrawe te word.(1) Die lyk is dus 'n hele end vervoer voordat dit begrawe is. Dit op sigself is 'n gebruik wat as eie vorm moet beskou word, maar dit het duidelik uit die dwang van omstandighede ontstaan.

Aan die Kaap is lyke rondom die kerkgebou op die kerkhof of in die vloer van die kerk begrawe. Ou Kaapse begraafplase lewer bewys van groot ooreenkoms met die tydgenootlike Nederlandse kerkhowe: aan die Kaap is lyke byvoorbeeld ook met die gelaat ooswaarts gewend, begrawe. Verder was dit 'n algemene gebruik aan die Kaap in die sewentiende eeu veral om lyke so naby as moontlik aan die kerk te begrawe, ten einde te verseker dat hulle veilig (teen die bose) sou wees, en dat hulle siele rus sou vind, omdat dié lyke op geheiligde grond (kerkgrond) ter aarde bestel is.(2) Die algemene gedagtegang aan die Kaap in dié verband vertoon dus groot ooreenkoms met die Nederlandse gebruike van dieselfde tydperk.

In die agtiende eeu is lyke in Nederland in fyn kledingstowwe "verhennekleed", dit wil sê, in 'n doodsnaghemp aangetrek, en daarna is lyke, veral onder die hoër stande, op matrasse uitgelê, en nie meer op lykstrooi nie.(3) Onder die Afrikaners bestaan die gebruik van 'n doodskleed vandag nog,(4) en ons kan aanneem dat dit uit die "eerste tydperk" afkomstig is.

---

(1) L. Fouche: Het Dagboek van Adam Tas; 16.12.1705.
(2) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.20.
(3) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, blss.189-191.
(4) A.J. Coetzee in: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, bls.412.

In hierdie tydvak is daar groot waarde geheg aan die wyse waarop 'n lyk kerk toe gedra is, veral ten opsigte van 'n gestorwe kraamvrou. As die lyk nie op 'n bepaalde wyse gedra is nie, is daar geglo dat haar siel skade sou ly. Alreeds in die jaar 1606 was dit 'n Nederlandse begrafnisgebruik om dooie kraamvroue te laat dra deur vrouens, omdat hulle eie kraambed daardeur vergemaklik sou word.(1) Omdat daar aan die Kaap dergelike gevalle moes voorgekom het, is dié begrafnisgebruik waarskynlik ook dáár gehandhaaf op plekke waar daar genoeg vrouens by mekaar was om so 'n gebruik uit te voer, dit wil sê, in Kaapstad.

VIII. GEBRUIKE AANGAANDE DIE DOODSKIS.

Die antieke volke het slegs persone van hoë stand in doodskiste begrawe. Die algemene volksgebruik was om lyke te verbrand en om die asse in kruike te bewaar.(2) In die sewentiende eeu was doodskiste in Nederland nog geensins in algemene gebruik nie. Dooies is soms op planke, doodsbane, geplaas en só begrawe. Eers gedurende die verloop van die agtiende eeu is alle lyke gekis.(3) Hier het kultuurdaling dus plaasgevind. Tog is lyke in Nederland gedurende die sewentiende eeu in lood- of tinkiste begrawe, veral in die geval van burgers van hoë stand. Doodskiste is gewoonlik met swart fluweel beklee, aangesien swart die gebruiklike roukleur was. Sommige kiste het glasvenstertjies gehad waardeur die aangesigte van die oorledenes gesien kon word. Boere is egter in goedkoop houtkiste toegespyker, indien wel, en onder die boerestand was wit en swart doodskiste gebruiklik.(4) Onder die Nederlandse

---

(1) P.W.J. van den Berg in: Volk van Nederland, bls.200.
(2) C. Annandale: Encyclopedia, deel III, bls.426.
(3) P.W.J. van den Berg in: Volk van Nederland, bls.203.
(4) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.399.

stedelike hoëlui is doodskiste wat aan die binnekant met fyn katoen- en systowwe uitgevoer is, gebruik.[1] In die agtiende eeu het Mentzel waargeneem dat die doodskis aan die Kaap met 'n wit kleed bedek is. Ook die draagbaar was met 'n wit kleed bedek.[2] Elders verseker hy ons dat swart, soos in Nederland, die algemene roukleur aan die Kaap was.[3] Van belang is dus die feit dat swart sowel as wit in dié tyd as roukleure gegeld het aan die Kaap, net soos die geval in die stamland ook was.

In Kaapstad is begrafnisse soms deur die begrafnisondernemer J.P. Voges gereël. Uit sy rekeninge kan ons aflei hoe die gebruiklike Kaapse doodskiste gelyk het: "Voor den overleden heer, de heer Timmedorp, zijn kist een blank beslag gemaakt 8 henksels met grote schilder en zijn toebehooren."[4] Die „grote schilder" dui waarskynlik op die skilder van 'n gebruiklike familiewapen. Laasgenoemde doodskis is waarskynlik vir 'n gegoede Kaapstadse burger vervaardig, want goedkoper doodskiste, sonder beslag, is deur ene Joseph Matthys aan die Kaap vervaardig.[5] Ons leer in elk geval hieruit dat doodskiste in die agtiende eeu wél aan die Kaap gebruiklik was, omdat hulle daar vervaardig is.

Aan die Kaap het die soort doodskis blykbaar ook die oorledene se stand aangedui. Met betrekking tot die doodskis van die ongewilde goewerneur van Noodt het 'n volksvertelling gelui dat hy in die aand in 'n armoedige doodskis begrawe is, en dat 'n leë amptelike doodskie tydens sy begrafnis gebruik is.[6]

---

(1) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.190.
(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.123.
(3) Ibid.
(4) K.A.M.D.: Nr.49.
(5) Ibid.
(6) O.F. Mentzel: Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century, bls.88.

In Nederland is buurthulp van oudsher deur die bure by die kis van 'n lyk verleen. Hulle het soms gehelp om die kis te vervaardig, wat gewoonlik van eikehout gemaak is en op gebruiklike wyse reeds geruim tyd op die dak se hanebalke of op die solder bewaar is.(1) Kiste is dus tydens 'n ernstige siekbed alreeds in gereedheid gebring vir die dood van die sieke. C. Graham Botha verseker ons dat doodskiste op solders van woonhuise le, en dat sulke doodskiste soms aan bure, wat in die nood verkeer het, verkoop is.(2) Hierdie gebruik was tewens tot in die negentiende eeu nog welbekend in Suid-Afrika. Tot 'n mate is die gebruik uit die stamland oorgeërf, en tot 'n mate is dit as gevolg van gebrek aan handelsgeleentheid aan die Kaap geskep. Moontlik is die stamlandse gebruik self uit 'n noodtoestand by gebrekkige handelsgeleentheid geskep.

In Nederland is die doodskis in die aand in die sterfhuis ingedra. 'n Aantal bure was gewoonlik behulpsaam om die lyk te kis. Die voete van die lyk moes na die deur gerig wees, aangesien die kis in daardie posisie uitgedra moes word.(3) Nog steeds is hierdie gebruik van toepassing op Afrikaanse begrafnisgebruike in die huidige tyd. Weereens het ons hier met Nederlandse verwantskap ten opsigte van 'n begrafnisgebruik te doen.

## IX. KAAPSE GEBRUIKE IN VERBAND MET DIE BEGRAFNISSTOET.

Aangesien die begraafplaas gewoonlik 'n endjie van die sterfhuis verwyder is, moet 'n begrafnisoptog die begrafnis voorafgaan. Buite die sterfhuis neem die

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.333 e.v.
(2) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.20.
(3) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.401, e.v.

lykstoet vorm aan. Voorheen is 'n lykbaarkleed oor die kis en draagbaar gesprei. Dit is die plig van die naaste buurman om die lykswa op die „lykweg" te neem. Liefs word die lykswa, indien daar een is, deur swart perde getrek. By die doopsgang, die huwelikseoptog en die weg van die lykstoet word dieselfde pad gewoonlik gevolg. Soms hou die stoet by kruispaaie of buurtgrense stil. In Limburg, Friesland en Overijssel sit die weduwee bo-op die kis op die lykswa. Agter die lykswa volg die naaste bloedverwante, bure en vriende en soms ook vroue. In die stoet loop die grafgrawer met omgekeerde graaf; talle doodsgebruike bestaan tewens in 'n omgekeerde handeling; hierin lewe 'n afweergebruik voort: as 'n mens byvoorbeeld van die dood droom, voorspel jou droom volgens die volksgeloof 'n huwelik.(1) Van plek tot plek en van tyd tot tyd verander begrafnisgebruike, dog hulle grondvorms word lank deur die volk bewaar.

Ten opsigte van die begrafnisgebruike is die metode waarvolgens die lyk van die sterfhuis na die graf vervoer word van belang. Eers teen die einde van die sewentiende eeu het die roukoete of lykswa by die Nederlandse, en Wes-Europese, begrafnis verskyn. Voorheen is lyke op sleë, „karossen", (perdewaens) of op draagbare vervoer.(2) Soms het die predikant vooraan, soms agter, die lyk geloop; soms het armes of bure die doodskis gedra.(3) Op die Kaapse begrafnis was die roukoets in die agtiende eeu ook in gebruik. Op 'n plattelandse begrafnis aan die Kaap is die lykswa, gewoonlik 'n gewone boerewa, veelal deur swart osse - let wel nie perde soos in die

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.340.

(2) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.404.

(3) Ibid., bls.407.

stamland nie - getrek. Dit was die gebruik as die kis 'n hele end vervoer moes word, anders is dit gedra.[1] Hierdie kerngebruik is dus erfgoed, terwyl die Kaapse vorm daarvan 'n wysiging met betrekking tot die erfgebruik toon.

In die Nederlandse dorpe of op plekke waar die sterfhuis en kerkhof nie baie ver van mekaar geleë was nie, is die lyk graf toe gedra deur sogenaamde „draers". Die draers het soms die kis uit die sterfhuis na die lykswa gedra, en weer van die wa af na die kerkhof, nadat die kis van die lykswa afgetel is. In die sterfhuis het die doodskis in die middel van die vertrek gestaan; rondom het die naaste bloedverwante gestaan, wat onderskei is as sulks deurdat hulle die langste roumantels aangehad het; om hulle hoede het lang lamferlinte gehang wat tot op die grond gehang het. Hulle was dikwels die draers. Nadat 'n diens deur die sieketrooster gehou is, is die kerkklokke gelui, en nadat die „brader" of lyksbesorger gevra het of nog iemand die oorledene verlaas wou sien, is die kis toegemaak en uitgedra. Selfmoordenaars en moordenaars is nie met die voete eerste nie, maar wel met die hoof eerste uitgedra.[2] Die wyse waarop 'n lyk uit die sterfhuis gedra word, geld vandag nog in Suid-Afrika soos hierbo aangedui. Ook geld die laaste besigtiging van die lyk as 'n Afrikaanse begrafnisgebruik.

In die agtiende eeu het die aantal draers by Kaapse begrafnisse afgewissel van plek tot plek. Dit skyn asof sestien draers die gebruik was. Hulle het vóór die aanvang van die plegtigheid by die sterfhuis

---

(1) F.C. Dominicus: Huiselijk en Maatskappelijk Leven, bls.89.

(2) G.D.J. Schotel: Het Maatscheppelijk Leven Onzer Vaderen, bls.406.

vergader, presies soos in die stamland. By die sterfhuis is hulle van swart lamferbande en handskoene voorsien. Geen onkoste is in die middel van die agtiende eeu ontsien om 'n begrafnis aan die Kaap so deftig moontlik te maak nie.(1) Groot ooreenkoms het dus ten opsigte van hierdie gebruik in Nederland en aan die Kaap bestaan.

In die begin van die agtiende eeu is kiste in Kaapstad blykbaar eerder gedra as vervoer per lykswa. Wentzel het waargeneem dat die doodskis vir vyftig treë buite die sterfhuis op skouerhoogte gedra is. Die aanwesiges in die stoet het paarsgewys agter die lyk en die draers aangestap.(2) Draers by begrafnisse was 'n algemene verskynsel in die agtiende eeu.

Agter die kis en lykswa volg die stoet as onderdeel van die begrafnisstoet. Adam Tas skryf van: „de geene die 't lijk (zouden) volgen."(3) Laasgenoemde is saamgestel uit bloedverwante en vriende van die oorledene. In die sewentiende eeu in Nederland het die predikant soms agter die lyk en derhalwe aan die spits van die stoet geloop.(4) Op sommige plekke in Nederland het die begrafnisstoet uit vier-en-twintig persone bestaan, en almal was eners in swart gekleed, om aldus te kenne te gee dat hulle bloedverwante van die oorledene was. As die begrafnis in die aand plaasgevind het, was daar soveel fakkels as wat daar pare in die stoet was. In elke lantern was daar twee- of drie kerse; bediendes is gehuur om die lanterns te dra.(5) Die lyksbesorger was gewoonlik ook die wyk se koster. In die kerk, na die gewone diens, of tuis, as dit

---

(1) Anoniem: Nederlandsch Afrika, Africana biblioteek, Johannesburg, bls.179.

(2) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.123.

(3) L. Fouche: Het Dagboek van Adam Tas, 15.12.1705.

(4) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onser Vaderen, bls.404.

(5) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.190.

dáár gehou is, was dit sy taak om die name van die roubeklaers uit te lees en om hulle dan ook volgens stand in die stoet te rangskik. Sodra die stoet beweeg, dra die sestien of meer draers die lyksbaar waarop die kis lê, indien daar geen lykkoets gehuur is nie.(1) Onder die gegoede burgers het vier-en-twintig roukoetse soms agter die lykkoets gevolg.(2)

Die Kaapse begrafnisstoet het in die onderhawige tydperk nie veel van die Nederlandse verwante vorm verskil nie, inteendeel die ooreenkoms is merkwaardig. Aan die Kaap was dit ook die taak van die koster om die stoet korrek te rangskik, sonder om aan iemand aanstoot te gee deur hom 'n plek daarin aan te wys wat benede sy stand sou wees. Gevolglik was dit gebruiklik vir die koster om vooraf die name van die draers en die rouklaers af te lees. Sodra die stoet grafwaarts beweeg, begin die lyksbosorger aan die spits daarvan aanstap. Na hom het die "slippedraers", familiebetrekkinge, en die vernaamste vriende paarsgewys gevolg. Gewoonlik het slegs mans aan so 'n begrafnisoptog deelgeneem. Die draers het ook die kis op 'n draagbaar gedra, en 'n gebruiklike swart kleed is ook daaroor gehang. Langs die draagbaar het die draers, wat in somber swart roudrag gekleed is, geloop. Klaarblyklik is die hele plegtigheid op so 'n wyse gereël dat dit die familielede eer sou aandoen.(3) Hierdie beskrywing geld vir 'n begrafnis wat in Kaapstad plaasgevind het, waar pragvertoon by dergelike geleenthede dikwels waarneembaar was. Laasgenoemde neiging onder die Kaapstadse burgers is in 1753 deur die owerheid gedwarsboom, toe daar op

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bl. 405.

(2) Ibid., bls.189-191.

(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.65 e.v.

3 Julie bepaal is dat bepaalde gebruike alleenlik by die begrafnisse van persone van bepaalde maatskaplike stande in die vervolg toegelaat sou word. Op die bografnis van 'n sekunde en 'n fiskaal in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie sou slegs drie aansprekers ná gemelde datum toegelaat word. Vir begrafnisse van lede van die Politieke Raad kon slegs twee aansprekers gehuur word, terwyl daar vir die begrafnis van 'n gewone Kaapse burger slegs die dienste van een aanspreker verkry kon word.(1) Die Franse hoflewe van dié tyd het dus ook aan die Kaap 'n weerklank gevind, wat egter deur die Kaapse owerheid nie geduld is nie.

Aan die Kaap is dit ook as 'n onderskeiding beskou om so ná as moontlik aan die lyk in 'n stoet te beweeg.(2)

Vroeg in die agtiende eeu was die „bidder" of koster steeds nog die enigste persoon wat aan die Kaap aan die spits van 'n begrafnisstoet geloop het, omdat daar nie altyd 'n predikant aanwesig was om die begrafnisdiens waar te neem nie. Sy roukleed, wat sy amp aangedui het, en dus 'n funksionele betekenis gehad het, het uit 'n lang, neerhangende lamferkleed bestaan. Benewens die waarneming van die lyksrede, was dit ook nog sy taak om die name van die uitgenodigde begrafnisgaste uit te lees en hulle vervolgens in die stoet hulle plekke aan te wys. Die „bidder" het ná afloop van die begrafnis 'n bedrag geld aan die draers oorhandig, wat dit onder mekaar verdeel het.(3) Die afwesigheid van predikante om aan die Kaap begrafnisdienste waar te neem, het in dié opsig dus die stamlandse gebruik effens laat vervorm.

(1) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.65 e.v.
(2) V. de Kock: Begrafnisse in die Agtiende Eeu, D.Hg. 5.11.1937.
(3) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.326.

'n Paar begrafnislyste wat in die Kaapse Argief bewaar word, gee ons 'n goeie insig in die wese van die Kaapse begrafnisstoet in die agtiende eeu. Goewerneur Swellengrebel se „ordre van een begraffenis leijst" bevat die name van dertig persone volgens stand, sowel as die name van 'n aantal burgers, 'n paar krankbesoekers en „base", of opsigters in diens van die Kompanjie. 'n Volgende begrafnislys uit die jaar 1736 bevat die name van vyf-en-vyftig begrafnisgaste en twaalf „dragers". Die uitvaart van ene Dirk Arentz is in 1772 bygewoon deur al sy „bloed vrinden", asook die predikant, die weesmeesters, ses-en-tagtig „gaste", tien draers en twee tropsluiters (waaroor later meer).(1) Aan die Kaap was 'n begrafnis dus bepaald 'n maatskaplike vorm wat 'n sterk Nederlandse kleur gedra het.

Terwyl die gebruike ten opsigte van die begrafnisoptog aan die Kaap wat tot dusver bespreek is, veral van toepassing is op die burgerlike kringe van Kaapstad, het die Kasteelkringe en die plaasboere effens verskillende begrafnisstoete gevorm. Kasteelbegrafnisse het van die begin af 'n militêre aard gehad. Kolbe skryf dat amptenare hulle plekke streng volgens maatskaplike stand in die stoet moes inneem, wanneer iemand van aansien aan die Kaap begrawe was. As 'n Kommandeur begrawe word, volg twee afdelings soldate in die stoet; om hulle gewere is lamferlappe gewikkel. Daar is 'n „trommelslaner" met sy tamboer, wat in 'n swart kleed toegewikkel is; die tamboer se klank is verdof, deurdat die kleed daaroor gespan is. 'n Luitenant dra die oorledene se wapens. Twee vlagdraers, of soos hulle geheet het: „vaandeldragers" het die oorledene se handskoene en sy „degen" of swaard gedra. Sestien matrose dra die kis. In die stoet agter die lyk neem sestien onderkoopmans en ses

(1) K.A.M.D.: Nr.41.


seekapteins hulle plek in. Heel laaste in die stoet is die uitgenooide gaste, weereens streng volgens stand gerangskik. Die "bidder" was verantwoordelik vir die samestelling van die stoet.(1) Hierdie begrafnis uit die Kasteel het as staatsbegrafnis dus in die eerste plek die vorm van 'n militêre begrafnis vertoon. Wat die algemene aard daarvan betref, dit het egter nie 'n eie vorm getoon nie: die Nederlandse kerngebruike is tog daarby gehandhaaf, naamlik die aanwesigheid van 'n stoet en die aanwending van roukleed.

Toe goewerneur Louis van Assenburgh aan die Kaap begrawe is, is die vlag by die Kasteel net halfstok gehys. Die goewerneur se perd het vóór die lyk in die begrafnisstoet geloop; die perd het 'n swart, neerhangende kleed oor die rug gehad. Sy ridderwapen en grafskrif is in die stoet gedra, en later in die Groote Kerk teen die muur in die konsistoriekamer aangebring.(2)

Nog 'n begrafnis wat aan die Kasteel plaasgevind het, was dié van goewerneur van Oudtshoorn wat op 17 April 1773 aan die Kaap begrawe is. By dié geleentheid het baie mense aan die begrafnisoptog deelgeneem. Die aard van die stoet was heel Nederlands, maar ook heel militaristies. Veertien perderuiters het aan hierdie begrafnisoptog deelgeneem, benewens sewe-en-twintig voetsoldate wat gewere dra. Daar was vier tamboers in die stoet en hulle is in swart rouklere geklee. Drie kanonne is deur perde in die optog getrek. Twee heraute met swart kleed om hulle basuine het deel van die optog uitgemaak. Een vlagdraer of vaandeldraer het voor die oorlede goewerneur se strydros geloop; oor die perd is 'n lang, swart roukleed gedrapeer. Vyftien

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.323.

(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel I, bls.326.



BEGRAFNISSTOET VAN GOEWERNEUR VAN OUDTSHOORN
AAN DIE KAAP, 17 APRIL 1773.

----------

rouklaers het agter die lykswa geloop; agteraan hulle hoede het die lang, swart lamferlinte gehang wat presies op dieselfde wyse as roudrag in Nederland aangewend is.(1) Besonder groot is die swaar draagbaar wat ook met 'n swart kleed bedek is. Aan die spits van die lyketoet het die predikant alleen gestap; agter hom het persone gevolg met die oorledene se familiewapens; die wapens is aan pale vasgeheg en omhooggehou. Daar was sewe verskillende rougroepe in die stoet.(2) Hierdie verskynsel vertoon die begrip dat 'n begrafnis beskou is as 'n eerbetoon aan die oorledene. Dit is 'n begrafnisvorm wat eintlik aan die Kaapse opperkultuurkring behoort het.

Laaste in die sewentiende en agtiende eeuse Nederlandse begrafnisstoet het gewoonlik die „huilebalken" geloop.(3) Aan die Kaap was daar huilebalke, sowel as tropsluiters aan die einde van 'n begrafnisstoet.(4) In Nederland is die woord „huilebalk" alreeds sinds die jaar 1600 bekend, en is 'n samestelling uit „huilen" en „balg" > „balk".(5) In Nederland is daar in die sewentiende eeu geweeklae by 'n lyk, waarskynlik onder Bybelse invloed. Die „huilebalk" het by die Nederlandse begrafnis sedert eeue reeds 'n vername rol gespeel, en is nie afkomstig uit die Ooste soos Theal gedink het nie.(6) Die Nederlandse „huilebalk" was 'n gehuurde roubeklaer wat 'n groot vertoon van droefheid moes gee ten einde die stoet indrukwekkend te maak en die vernaamheid van die afgestorwene te beklemtoon. Hierdie luide geweeklaag is oorspronklik bedoel om die bose by 'n begrafnis af te weer, 'n

---

(1) Vgl. G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen; Hfst. oor Begrafnisse; meegaande foto's.
(2) K.A. Versameling foto's van Morrisson, Nr.172.
(3) N. van Wijk: Etymologisch Woordenboek, bls.267.
(4) G.M. Theal: A History of South Africa, deel I, bls.280.
(5) N.van Wijk: Etymologisch Woordenboek, bls.267.
(6) G.M. Theal: A History of South Africa, deel I, bls.280.

afweergebruik dus.(1) Kenmerkend van die agtiende eeuse Kaapse begrafnisstoet was die aanwesigheid van tropsluiters en huilebalke. G. Mc C. Theal meen dat die laaste „huilebalken" in Suid-Afrika in 1815 op die begrafnis van Lady Somerset diens gedoen het. Hy omskryf „huilebalken" as: „professional mourners, persons hired to walk at the head of a funeral procession and perform certain ceremonies at the interment. The origin of this custom must be sought in very ancient days. It is supposed to have been brought to this colony from the Indies, not from Europe, after the middle of the eighteenth century; but much uncertainty exists on this point, and I have found nothing in the records to settle it."(2) Oor die „tropsluiters" skryf Theal soos volg: „The huilebalken were distinct from the tropsluiters, who were merely employed to lengthen the procession, and who were paid at the rate of one rixdollar each. There were several reasons for employing tropsluiters:

1. the nearer the corpse the greater the distinction, consequently relatives and friends wished to see a row of people behind them;
2. a large and imposing funeral procession was regarded as a mark of respect to the deceased;
3. there was a superstition that the last in a funeral procession would be next to die.

The tropsluiters could quietly exchange places, and, as was said, distribute the risk among a number."(3) Aan die Kaap het die huilebalke vóór, en die stoetsluiters agter, in die begrafnisstoet beweeg.(4) Geen Nederlandse woordeboek maak

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.337 e.v.

(2) G.M. Theal: History of South Africa since 1795, deel I, bls.280.

(3) Ibid.

(4) V. de Kock: Begrafnisse in die Agtiende Eeu, D.Hg. 5.11.1937.

melding van die woord tropsluiter nie.[1] Ons moet ten opsigte van hierdie begrafnisgebruik dus aanneem dat dit eiegoed is wat aan die Kaap bestaan het, maar wat nie uit Nederland altans oorgeplant is nie. Dat dit uit Batavia die Kaap bereik het, is nie onwaarskynlik nie, maar geen dokumentêre bewyse hiervan kon verkry word nie. Die woord self is natuurlik selfverklarend: trop = stoet; sluiter = afsluiter, beëindiger. Ter Laan se Folkloristisch Woordenboek vermeld die woord nie.

Soms, by wyse van uitsondering, het vrouens in die sewentiende eeu begrafnisse bygewoon.[2] Toe Mentzel aan die Kaap vertoef het in omstreeks 1735 was dit aan die Kaap nog nie gebruiklik vir vrouens om aan 'n begrafnisoptog deel te neem nie.[3] Maar later in die agtiende eeu het vrouens aan die Kaap tog begrafnisse begin bywoon deur in die stoet plaas te neem. Rijk Tulbagh se dogter het byvoorbeeld die begrafnis van Aletta Corsenaar op 8 Desember 1739 bygewoon.[4] Waarskynlik het haar stand dié handeling moontlik gemaak.

Theal verseker ons dat die familiewapens van persone wat in die agtiende eeu aan die Kaap begrawe is, heel voor aan die begrafnisstoet gedra is. Sulke wapens (sommige waarvan nog in die konsistoriekamer van die Groote Kerk, Adderleystraat, Kaapstad, te sien is) is soms jare vantevore vervaardig, voordat dit gebruik is.[5] Hier het ons met 'n ridderlike gebruik uit die middeleeue te doen wat afgedaal het uit die opperkultuurlaag van die riddertyd. Aan die Kaap is dit bewaar as verbleekte ridderlike erfgoed.

---

(1) Vgl.(a) N. van Wijk: Etymologisch Woordenboek.
(b) Ook: Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin; e.a.
(c) Ook: Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, dele I en II.

(2) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.407.

(3) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.123.

(4) M. Roux: Begrafnisgebruike, D.Hg. 1.4.1927.

(5) G. Mc C. Theal: Chronicles of Cape Commanders, bls.110.

In die sewentiende eeu is die Nederlandse hoëlui in die aand begrawe.[1] Ook aan die Kaap - vyftig jaar ná die aanvang van die agtiende eeu altans - het begrafnisse soms in die aand plaasgevind. Fakkels is gedra deur diegene wat in die stoet geloop het, maar omdat dié gebruik brandgevaar vir die Kaapstadse geboue se grasdakke ingehou het, is dit deur die owerheid verbied.[2] Hier is die oorgeërfde gebruik dus aan die Kaap volgens die geldende landsomstandigheid gewysig. Voorts moes begrafnisse slegs in die dag plaasvind.

## X. GEBRUIKE IN VERBAND MET BEGRAFNISTOOISELS.

In Nederland is sekere blomme en plante aangewend as begrafnistooisels. Sommige plante is in die volksgeloof as afweerplante aangewend, en ons kan die tooiselgebruike by begrafnisse dan ook as afweermotiewe in die eerste plek verklaar.[3] In Nederland word die graf dan ook met groen takke en blomme versier. Voorheen is voedsel in die vorm van 'n offergawe op die graf geplaas. Maar hierdie „dodeoffer" is tot 'n „lijkmaal" vervorm. Die Germaanse begrafnismaal is by die graf gehou; dié gebruik is in die een of ander vorm ook in Nederland gehuldig. Of vóór, of ná die begrafnis is hierdie begrafnismaal gehou. Om nie 'n begrafnismaal te hou nie, is vir die oorledene 'n oneer.[4] Dit skyn dus asof die handelinge by die graf oorspronklik 'n soendaad of 'n afweerdaad was. In hierdie tradisie is die grafversiering vermeng.

As roublomme geld in Nederland die witroos (simbool van sielsreinheid), die lelie (ook simbool van reinheid)

---

(1) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.189.
(2) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.66 e.v.
(3) Vgl. (a) Baron Sloet: De Planten in het Germaansche Volksgeloof en Volksgebruik, bls.56 e.v.
(b) K.C. Peeters: Eigen Aard, blss.280-286; 489, e.v.
(4) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.342.

en roosmaryn, wat ook in die bruidskroon ingevleg word. Die treurwilg, (simbool van droefenis), die sipres (in die Germaanse volksgeloof veelal vermeng) en die iep 's boomsoorte waarvan die takke by begrafnisse aangewend word. Die sipresboom bly dwarsdeur die jaar groen, en as sulks versinnebeeld dit onsterflikheid, bewys dat die volk aan die voortbestaan van die siel glo,[1] vandaar ook ons huidige Afrikaanse gewoonte om veral sipresbome in kerkhowe te plant. Roosmaryn is nog 'n plant wat altyd groen bly, gevolglik staan dit as simbool van getrouheid ook bekend in die Germaanse volksgeloof; geen wonder dus dat die verskynsel by beide begrafnisse e. huwelike aangewend is nie. In sommige gedeeltes van Engeland en Wallis word roosmaryntakkies aan diegene gegee wat 'n begrafnis bywoon, as sinnebeeld van die ewige lewe van die oorledene; die takkies word op die kis in die graf gegooi.[2] Versieringsgebruike van hierdie aard by begrafnisse kan tot die vroegste Germaanse oorspronge herlei word; onder elke groep moes hulle 'n verskillende betekenis gehad het, aangesien gebruike nooit vormvas oorgelewer word nie. Ann die Kaap is ander opvattinge ten opsigte van hierdie sogenaamde tak-[illegible]gebruik by begrafnisse gehuldig as in tydgenootlike [illegible]erland, soos ons later sal aantoon.

In die sewentiende eeu was kistooisels soms funk[illegible]neel van aard: die soort linte of blomme wat op 'n kis geplaas is, het duidelik aangetoon of die dooie 'n man of vrou, en of hy getroud of ongetroud was.[3] 'n Palmtak of roosmaryntak is in die hand van 'n kinderlyk in Nederland geplaas. Lykkranse is op die hoofde van kinderlyke geplaas. Hierdie kranse is deur speelmaatjies vervaardig.

---

(1) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, blss. 342 e.v.

(2) C. Annandale: Encyclopedia, deel XII, bls.186.

(3) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.4[illegible].

Palm, mirte- of roosmaryntakkies (almal immergroen plante en dus simbolies van die ewige lewe) is in die hande van draers, ook kinders, gehou. Die maagdepalm is veral in hierdie verband gebruik; laasgenoemde dui op die nog sterk Rooms-Katolieke inslag by die begrafnis.(1)

Die takkiesgebruik by begrafnisse vertoon die krag waarmee sommige begrafnisgebruike voortleef en hulle oorspronklike vorm bly bewaar. In Nederland is die „takjesgebruik" goed bekend. Blykbaar het hierdie begrafnisgebruik in 1947 nog steeds soos in die sewentiende en agtiende eeue in Nederland bestaan: „In een paar Zeeuwsche plaatsjes, te Matiskerke en Mariakerke, kon men bij een begrafenis de dragers wel zien loopen met een palmtakje in den mond, dat zij bij het neerlaten van de kist in het graf werpen. Te Serooskerke lag voor veertig jaar dit takje nog voor de dragers klaar naas het glaasje brandewijn."(2)

Die verklaring van hierdie afweergebruik word soos volg aangegee: „men wilde zich tegen de lijk lucht en de besmetting beschermen en nam hiervoor een takje van scherpen geur en smaak, zooals men bij best ook op myrre, kruidnagelen e.d. tegen de besmetting kouwde."(3) Die takkiesgebruik by begrafnisse is in die Dietse wêreld baie oud. Die geur van die sipres, soos dié van knoffel geld in die opsig as afweermiddel.

In die oorplantingsproses van hierdie gebruik na die Kaap, kon sommige van die skynbaar-betekenislose elemente daarvan verbleek het, of dit kon op ander motiewe oorgedra geword het. Ons het alreeds die sandstrooi-gebruik by die huwelik vermeld, en vasgestel dat dit aan die Kaap op

---

(1) ~~Ibid.~~ G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven onzer Vaderen, blz. 402.

(2) C. van de Graft: Het Takjesgebruik bij Begrafenissen, Ts. Volkskunde, blss.63-64.

(3) Ibid. Ook: Nr.4, 1947, bls.183.

die begrafnisgebruike oorgedra is. Aan die Kaap is blomme ook in die pad van die begrafnisstoet gestrooi, maar teen die tweede helfte van die agtiende eeu moes hierdie begrafnisgebruik aan die Kaap egter verbleek het, aangesien dit nie deur reisigers uit daardie tydperk vermeld word nie.[1]

Blomme en groen blare is aan die Kaap deur die „bidder" in die hand gedra. Ook is lourierblare en sipresboomtakkies by begrafnisse aan die Kaap in hierdie opsig aangewend.

Elke draer by die begrafnisse aan die Kaap het 'n ruiker blomme in die hand gedra, voordat hy sy taak begin het; soms het die draer 'n lemoen ontvang om in die hand vas te hou, voordat hy deur die „bidder" aangesê is om sy taak te begin.[2] Ook hier is die kerngebruik uit die stamland wel op die Kaap oorgeplant, maar onder die dwang van plaaslike omstandighede is die oorgeërfde vorms gewysig om by plaaslike, dit wil sê, Kaapse omstandighede aan te pas.

## XI. GEBRUIKE TEN OPSIGTE VAN DIE BEGRAAFPLAAS.

Die volksmens verbreek nie lig sy bande met ouer toestande nie. Die dooies word in die nabye omgewing van die buurt, en wel rondom die kerk ter ruste gelê. Selfs die dooies word nie ver van die gemeenskap verwyder nie. In Nederland is dit sedert lankal die gebruik om die dooies in die skaduwee van die gemeenskap se kerktoring te begrawe, naby die simbool van sy ewigheidsbegrip en samehorigheidsgevoel, want samehorigheid en onsterflikheid is maatskaplike behoeftes. Elke groep dink aan homself as voortdurend en eindeloos, en gevolglik erken dit die dood nie as die einde nie.[3] As 'n groep se eenheid deur die dood aangeval word,

(1) Vgl. C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.65.
(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.326 e.v.
(3) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.477.

moet sy verlies vergoed word: die volk se begrafnisgebruike vloei voort uit die reaksie van sy groepsgevoel en groepsinstink teenoor 'n aanval wat deur die dood geloods word. Die beginsel van nabyheid ten opsigte van die begraafplaas is dus ook 'n begrafnisgebruik, waarvan die kern behoudend is. Vir vele is dit 'n troos om te weet dat die oorledenes naby geleë is. In vroeër eeue is die dooies rondom die kerk en selfs binne in die kerk begrawe, aangesien kerkgrond as geheiligde grond beskou is: die duiwel kon die geweke siele van diegene wat in die skaduwee van die kerk begrawe is, nie skaad nie.(1)

In die sewentiende eeu was dit die algemene Nederlandse gebruik om die dooies binne-in die kerkgebou te begrawe. Armer burgers is in die kerkhofgrond, rondom die kerkgebou, begrawe, omdat grafte dáár goedkoper was. Stiptelik is die oorledene se stand in die dorpsgebied veral inaggeneem wanneer sy graf gekies word. Dit was 'n onderskeiding om so na as moontlik aan die preekstoel begrawe te word Boere is in die dag begrawe, terwyl die meer gegoede burgers saane by fakkellig en onder die gelui van klokke na die kerkhof gedra is.(2) Aan die Kaap het dieselfde gebruike gegeld: die kerk aan die bo-punt van die Heerengracht is in 1704 ingewy, en sedertdien is teraardebestellings rondom dié kerkgebou gedaan. Tot in 1836 is sommige dooies aan die Kaap egter nog binne-in die kerkgebou begrawe.(3) Lank het dié oorgeërfde gebruik dus aan die Kaap bly naleef.

Uit die reisbeskrywing van De la Caille weet ons dat slegs die Kaapstadse hoëlui in die kerkhof in Kaapstad begrawe is, omdat dit vyftig gulde gekos het om daarin

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, blss.403-405.

(2) Ibid.

(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.66.

begrawe te word. Aan die voet van Tafelberg is 'n plek afgesonder waar die boere begrawe is. Hier naby het die koster se huis gestaan. Elders lees ons dat dit tweekeer soveel gekos het om 'n vreemdeling aan die Kaap te begrawe, as 'n Kapenaar of Hollander.(1) Vroeg in die agtiende eeu het die ekonomiese aspek aan die Kaap dus dié oorgeërfde vaderlandse gebruik beïnvloed. 'n Standsverskil word gehuldig, en boere word weg van die kerk af begrawe, 'n gebruik wat volgens Schotel nie in die tydgenootlike Nederland bestaan het nie.(2) Hierdie wysiging skyn 'n aanpassing by die Kaapse landsomstandighede te wees, en as sulks is dit bloot 'n praktiese vervorming van die stamlandse gebruik. Boere kon nie altyd hulle dooies in die dorp kom begrawe het nie!

Aan die Kaap was dit gebruiklik om slegs persone van aansien binne-in die kerkgebou te begrawe. Op 16 Januarie, 1666 is Johan van Arckel, predikant aan die Kaap, direk onder die preekstoel van die eerste kerkgebou begrawe. Na 'n paar maande is Kommandeur Wagenaar se vrou ook daar begrawe. Teen die mure van die kerk, in die binnekant, is talle familiewapens van diegene wat toe alreeds daar begrawe is, aangebring.(3) Die Rooms-Katolieke opvatting dat die priesterskap die Allerhoogste op aarde verteenwoordig, moet as die oorsprong van hierdie gebruik aanvaar word; die predikant se aanwesigheid moet heilsaam vir die gemeente wees, vandaar dat hy die ereplek onder die gemeenskap se dooies kry. Sy aanwesigheid daar is dus in die kern afwerend. Laasgenoemde kerk is in die jaar 1704 deur 'n ander vervang, aangesien die ou gebou te vol graftes geword het. Ene Ds. Hulsenaar is in die jaar 1770 in die

(1) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, deel I, bls.52.
(2) Vgl. G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.404.
(3) G.M. Theal: Chronicles of Cape Commanders, bls.110.

middel van 'n derde nuwe Kaapse kerkhof begrawe, presies waar die nuwe kerkgebou opgerig sou word.[1] Aan die Kaap is groot waarde dus geheg aan die gebruik om 'n predikant in 'n kerkhof te begrawe, om sodoende die grond in gewyde aarde te omskep. Ons kon hier van 'n nuwe Kaapse gebruik praat. In sy wese is dit 'n afwaergebruik wat moontlik op die opvatting gestoel het dat dit heilsaam vir die kerkgemeente in die algemeen sou wees as 'n leraar in die kerkhof begrawe lê.

Dit skyn asof dit egter op die plattelandse Kaapse dorpies nie meer teen die einde van die agtiende eeu gebruiklik was om die dooies in die eintlike kerkhof te begrawe nie. Hier is 'n aparte begraafplaas aangelê, weg van die kerkgebou af. In die jaar 1782 het die inwoners van Stellenbosch byvoorbeeld met afkeur gepraat van 'n landdros wat 'n ou begraafplaas vir boudoeleindes as bouperseel verkoop het.[2] Gevolglik kon daar geen kerkgebou op dié stuk grond bestaan het nie.

'n Foto in die Elliott-versameling toon 'n agtiende-eeuse begraafplaas in Fransch Hoek.[3] Die feit dat dié begraafplek ook op aparte grond aangelê is, versterk die begrip dat dit nie op die platteland in sommige gevalle gebruiklik was om die dooies rondom die kerk te begrawe nie. Op die Kaapse platteland is dié Nederlandse gebruik bepaald vervorm. Op die boereplase het aparte begraafplase ontstaan. Die eenvormigheid van hierdie grafvorms is merkwaardig, aangesien dit op die aanwesigheid van 'n eenvormige gebruik, en dus ook 'n groepsgevoel dui.

F.C. Dominicus het die koste in verband met 'n begrafnis aan die Kaap opgeteken. Teen omstreeks 1720

(1) G. Mc C. Theal: Chronicles of Cape Commanders, bls.210.
(2) H.C. Leibbrandt: Rambles through the Archives, bls.155.
(3) K.A. Elliott-Versameling, Nr.9031.



AGTIENDE-EEUSE BEGRAAFPLAAS TE FRANSCH HOEK.

----- --------



AGTIENDE-EEUSE BEGRAAFPLAAS TE FRANSCH HOEK.

---

was die tarief vir begrafnisse in Drakenstein soos volg: 'n private grafkelder by die kerk het vyf-en-twintig riksdalers gekos; 'n dubbelgraf het vyftig riksdalers gekos, en sulke grafte het vir honderd jaar aan die familie behoort deur wie dit gekoop is. Daar was huurgrafte wat tien riksdalers en minder gekos het. Grafkelders binne-in die kerkhof het ses riksdalers gekos.(1) Hier [illegible]e grafte is dikwels deur die koster gegrawe en die inkomste wat aldus verkry is, is aangewend om die voorleser en die onderwyser mee te besoldig.(2)

Aan die Kasteel het die vroegste begrafnisse ook rondom die kerk plaasgevind. Die vaderlandse gebruike het in hierdie milieu nie veel veranderinge ondergaan nie. Die begraafplaas aan die Kasteel het egter spoedig só vol graf [illegible]ord dat 'n ou tuin, wat deur Jan van Riebeeck vir [illegible]el aa[illegible]gewys is, as nuwe begraafplaas gebruik is. In 16[illegible] die besluit om die nuwe begraafplaas aan te lê ten [illegible]r ge[illegible]ing. Tot in Junie 1755 het hierdie aparte begraafplaas in gebruik gebly. As gevolg van die pokke-epi[illegible]mie van 1755 moes 'n volgende begraafplaas aan die huidige Grafstraat - vandaar dié naam - aangelê word.(3)

Ons kan nou dus duidelik besef dat hierdie onderskeid aan die Kaap tussen 'n kerkhof en 'n begraafplaas vanweë die owerheid aan die Kaap (d.w.s. aan die Kasteel) in die lewe geroep is. Uit praktiese noodsaak het die burgers dus ook hulle dooies in aparte kerkhowe begrawe, weg van die Kasteel af, veral toe (of miskien nog voordat) die Kasteel se kerkhof so vol was dat 'n aparte een nodig geword het. Nadat Jan van Riebeeck, as hoof van die Kaapse gemeenskap, verlof tot die aanlê van

---

(1) P.C. Dominicus: Het Huiselijk en Maatskappelijk Leven, bls.92.
(2) H.C. Leibbrandt: Rambles through the Archives, bls.151.
(3) Ibid.

'n aparte kerkhof gegee het, het veral die plattelandse bevolking voortgebou op hierdie gebruik. Die groot, onbewoonde oppervlakte van die Kaap het die ontstaan van dié gebruik natuurlik ook in die hand gewerk. Tog het die Nederlandse gebruik in baie gevalle sterk behoue gebly. Die kerkhof te Paarl bevat vandag nog 'n aantal agtiende- sowel as negentiende eeuse grafte wat op dieselfde gewelstyl as die bekende agtiende eeuse boustyl gebou is, almal rondom die kerk geleë.

Die Kaapstadse hoëlui is in die agtiende eeu in die vloer van die Groote Kerk, Kaapstad begrawe. Hierdie persone se grafstene is in die vloer ingemessel, en vooraanstaande Kaapstadse burgers, soos byvoorbeeld O. Bergh, A. Dimer, H. Moller, Y. Vooge en F. Mayboom is daar begrawe. Selfs in 1791 is 'n persoon in die kerk begrawe.(1) Die Kasteel en Kaapstad het die stamlandse gebruike die konserwatiefste behou; op die platteland het afwykinge voorgekom, meesal onder invloed van die landsomstandighede. Tot laasgenoemde faktor kan die aanwesigheid van 'n grafkelder in Saasveld, in Kloofstraat, Kaapstad herlei word; die oorvol kerkhof het aanleiding daartoe gegee dat 'n gegoede Kaapstadse burger sy eie grafkelder aangelê het. Dit wys op die drang om die gebruik ten opyte van die wysiging aan te pas by sy grondvorm, in die geval van die grafkelder.

Langs laasgenoemde weë het die Kaapse plattelanders dan ook die erfgebruike gewyse na gelang van die praktiese noodsaak en die landsomstandighede. Op die verder afgeleë plase in die wyke van die verskillende plattelandse dorpies is plaaskerkhowe aangelê wat ver van die dorpskerkhowe verwyder was.(2) Hiermee is 'n eie Afrikaanse begraf-

---

(1) K.A. L 1/3. Ook: Vloer van die Groote Kerk, Adderleystraat, Kaapstad.

(2) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.66.



N.O. GEWEL VAN DIE GEREFORMEERDE KERK TE PAARL.

--------------

nisgebruik op die ouer Nederlandse gebruik ingeënt.

Die neiging aan die Kaap om aparte begraafplase, waarop geen kerke gebou was nie, aan te lê, het vroeg in die agtiende eeu selfs van die kant van die owerheid gekom, toe daar besluit is om 'n nuwe aparte kerkhof vir matrose, soldate en vreemdelinge wat aan die Kaap gesterf het, aan te lê. Dié begraafplaas het as vreemdelingbegraafplaas of „matrosen kerkhof" (eintlik was dit nie meer 'n „kerkhof" nie) bekend gestaan. Gemelde soort kerkhof het derhalwe sedert die sewentiende eeu alreeds aan die Kaap bestaan, want hierdie besluit van die Politieke Raad is juis geneem met die doel om die ou „matrosen kerkhof" af te breek, waar dit „middel in die Kaap" geleë was.(1) Die Nederlanders het in die stamland, veral in die stede nie soveel oop grond tot hulle beskikking gehad, dat hulle kon bekostig om dit vir begraafplase aan te wend nie, met die gevolg dat hulle grafkelders onder kerkvloere gegrawe het. Aan die Kaap het hierdie gebrek aan ruimte nie bestaan nie: dáár was dit maklik om 'n aparte stuk grond as begraafplaas aan te wend. In Kaapstad, waar die ouer gebruike hegter bewaar is, is kerkhowe en grafkelders veral in die sewentiende eeu nog die gebruiklike rusplek van die dooies.

In die beginjare van die Kaapse Nedersetting was die aard daarvan ook ten opsigte van die rusplek van die oorledenes oorwegend Nederlands van aard, maar met verloop van die agtiende eeu veral, het bepaalde wysigings en eie vorms op dié gebied tot stand gekom.

## XII. GEBRUIKE IN VERBAND MET GRAFTE EN GRAFSTENE.

Die Nederlandse bronne met betrekking tot die sewentiende en agtiende eeuse grafte vermeld weinig gege-

(1) K.A.: Resolusies, C.15.

wens, waarskynlik omrede die ou begraafplase verdwyn het, en verwyder is om vir nuwes plek te maak. Ook die ou Kaapse begraafplase (die Woltemade-Kerkhof, die Somerset-weg-Kerkhof en die Kerkhof van die Groote Kerk) lewer weinig gegewens ten opsigte van grafopskrifte, grafvorms en die rigting waarin die lyk begrawe is. Ons is derhalwe nogeens op dokumentêre gegewens aangewys.

Gedurende die sewentiende eeu het vroue ook aan lyksbesorgergildes behoort.(1) Aan die Kaap het „doodgraveresse" as grafgrawers opgetree. Kennis van die dood van slawe moes aan hulle gegee word, sodat hulle kon toesien dat hulle behoorlik begrawe word.(2) Aan 'n „doodgraveresse" is vier riksdalers vir die grawe van 'n graf betaal.(3) Weduwees, wat geld wou verdien, is aan die Kaap in hierdie hoedanigheid in diens geneem: „These gravediggers, more often than not, were widows. A woman thus bereaved was sometimes permitted on compassionate grounds to work for remuneration, especially if she had numerous children to support."(4) Laasgenoemde gebruik dui op die aard van die Kaapse samelewing; die gevoel van samehorigheid uit hom in die vorm van meegevoel.

Grafstene is in die sewentiende eeu in Nederland met veel sorg ontwerp en vervaardig. In die kerke, teen aan die mure, is die familiewapens van uitgestorwe geslagte aangebring. Bybeltekste of Latynse spreuke is daarop geskryf, en soms is 'n beeld van die oorledene op die familiewapen geteken. Soms het grafstene op die vloere van kerkgrafkelders gelê. Op die grafstene is volledige verslae van die oorledenes wat daaronder lê, aangegee. Op party grafstene het geleentheidsgedigte voorgekom wat deur

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.394.
(2) K.A. Placcaet, 27.12.1793.
(3) K.A.M.D. Nr.49.
(4) V. de Kock: Those in Bondage, bls.145.

tydgenootlike digters geskryf is. Ambagsliede se ambagstekens, soos aambeelde, skawe, troffels, hamers en ander voorwerpe is soms op agtiende seuse grafstene afgebeeld. Rederykers het koddige grafskrifte verskaf.(1)

Teen die aanvang van die agtiende eeu, toe die Hervorming reeds sy stempel op Wes-Europa afgedruk het, was kerkgeboue, grafstene, grafopskrifte, familiewapens en vaandels baie somber.(2) Hierdie somberheid het ook die Kaap bereik, want menige reisiger kla oor die swaartillende, lang preke en die trae gesang in die Kaapse kerke.(3)

Een van die oudste Kaapse grafstene word in die Museum in Kaapstad bewaar. Die datum daarop is 1624, dus nog voor die Kaap deur Van Riebeeck en sy volgelinge bewoon is. Dit is die grafsteen van Jan van Gerritsen van Amsterdam se graf. Dit is van klip en is V-vormig. In uitgebeitelde skrif word die oorledene se naam en ouderdom aangegee.(4) Hierdie grafsteen is van belang, omdat dit die gebruik, wat in die sewentiende eeu in Nederland bestaan het, om grafstene by grafte op te rig, aan die Kaap verteenwoordig.

Op die graf van Goewerneur Johan Bax wat in 1678 oorlede is, is 'n grafsteen opgerig wat van Dasseneiland afgebring is.(5) In die geval is die vaderlandse gebruik om grafstene op grafte op te rig, derhalwe onder die Kasteelkringe gehandhaaf.

Maar ook op die platteland was dit in dié tyd gebruiklik om grafstene op grafte op te rig. Die grafstene van die ou grafte in die Hollandse Kerk in Kaapstad is teen

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijke Leven Onser Vaderen, bls.417.
(2) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.418.
(3) S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.146.
(4) Vgl. Kaapse Museum: ingangsportaal.
(5) G.M. Theal: History of South Africa, deel II, bls.243.

die einde van die negentiende eeu vernietig, maar dié van die kerk te Wolvendal het tot onlangs behoue gebly.[1]

Grafstene het die oorledenes se stand aangedui. Teen die einde van die agtiende eeu is grafstene in die Franse barokstyl van die tyd versier; allerlei krulle en barokfatsoene is daarop aangebring. Dit skyn asof die kruismotief nog nie veel aandag geniet het nie. Op die steen verskyn die naam, die stand, geboorte- en sterftedatums, die lewenswerk, die familiewapen, en aan die kante die gemelde kantversiersels. Veral die wapen en versieringsmotiewe herinner sterk aan die Nederlandse prototipe.[2]

Die meeste grafskrifte uit dié tyd is egter verlore, sonder dat hulle opgeteken is. Ons kan egter aanneem dat hulle gekenmerk was deur die tydgenootlike vaderlandse vorms. 'n Grafskrif uit 1793 aan die Kaap het soos volg gelui:-

„Hier rust het stoflijk deel
van den Wel Eerwaarde Heer
In leven Predikant bij de
Gereformeerde Gemeente van de
Kaapstad.
Gestorven den 21 Maart 1793
in den ouderdom van ruim 28 jaren.

Zalig zijn de dooden die in
den Heer sterven van nu aan.
Ja zegt de Geest. Opdat zij
rusten mogen van hunnen
arbeid en hunne werken
volgen met hun."[3]

Die reisiger Mentzel is deur die eenvoud van die Kaapse plaasbegrafnisse getref. Groot klippe is op plaas-

---

(1) H.C. Leibbrandt: Rambles through the Archives, bls.182.
(2) Elliott-Versameling, Nr.174, Africana Museum, Johannesburg.
(3) Africana: Aantekeninge en Nuus, Deel VIII, Nr.2, bls.66.

gra[illegible] geplaas om te verhoed dat dit deur hiënas geskend word.(1) Uit 'n praktiese oorweging is 'n nuwe gebruik gevolglik hier geskep.

## XIII. BEGRAFNISGEBRUIKE BY TERAARDEBESTELLING.

Die teraardebestelling as sulks is 'n skeidingsgebruik ten opsigte van die volksgebruike by die dood. Die daad van verberging van die lyk is die oorledene se laaste uittog. By die graf word daar deur die predikant, in Nederland, 'n erediens gehou.(2) Germaanse, Grieks-Romeinse en Christelike motiewe in [illegible] Nederlandse begrafnisgebruike van die onderhawige tydvak, is deur die Hervorming en die Calvinisme versomber, en hierdie sombere, kerklike, dogmatiese tydsgees kon nie sonder uitwerking op die Kaapse begrafnisgebruike gebly het nie.(3)

Hoe verbasend groot die invloed van die kerk op die begrafnissede van die sewentiende- en agtiende eeu was, besef ons as ons lees dat alreeds in 1601 'n sinode in die provinsie Groningen oor die volgende onderwerp besluit het: "...... het zetten van de dooden in de kerk en het zingen daarover." Geen wonder dus dat die kerklike dogma die agtergrond vorm van baie begrafnisgebruike uit dié tyd nie. In 1602 en weer in 1612 is daar oor die wat-wyse waarop 'n lyk in die kerk geplaas moet word, en watter liedere daaroor gesing moet word, nogeens deur bogemelde kerksinode besluit.(4) Die kerkgesag het dus 'n vername agtergrond tot die sewentiende eeuse Nederlandse begrafnisgebruike gevorm. Besonder groot was die inslag van die Christelike leer op die begrafnisgebruike in die

---

(1) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, blss.117-118.
(2) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.340.
(3) (a) P.W.J.v.d. Berg in: Volk van Nederland, bls.200.
(b) V. de Kock: Begrafnisse in die Agtiende Eeu, D.Hg.; 5.11.1937.
(4) G.D.J. Schotel: Volksboeken, bls.319 e.v.

tydperk onder bespreking; hierdie toedrag van sake het ook aan die Kaap gegeld, omdat dit 'n Nederlandse kolonie was. Hierdie Calvinistiese, godsdienstige agtergrond het tot 'n vermagtering van talle middeleeuse oorlewerings gelei. Teen die einde van die sewentiende en gedurende die agtiende eeu is die meeste lykredes in Nederland deur predikante gehou, sonder inagneming van veel (van die ouer Rooms-Katolieke) seremonies. Lykredes is in die agtiende eeu veral gekenmerk deur lang, vervelige, woordryke preke.(1)

In hierdie tyd is daar aan die Kaap ook min seremonies by die graf uitgevoer.(2) Die rede daarvoor moet gedeeltelik in die tydsgees en gedeeltelik in die afwesigheid en skaarsheid van predikante aan die Kaap gesoek word. Heel aanneemlik het die lang Nederlandse lykrede aan die Kaap onder sulke omstandighede verbleek. Dit sou die Afrikaanse gebruik in die rigting van groter eenvoud laat groei het.

Grafte is aan die Kaap soos in die stamland deur kosters gegrawe wat twee riksdalers vir so 'n taak betaal is.(3) Blykbaar het vrouens aan die Kaap soms grafte gegrawe en voorberei, want in 'n argiefstuk lees ons dat 'n „doodgraveresse" vier riksdalers vir haar taak betaal is.(4) Petrus Keeve, wat 'n begrafnisondernemer was, het vrouens in sy diens gehad wat grafte gegrawe het.(5) Schotel vermeld ongelukkig nie of hierdie gebruik in Nederland bekend was nie, derhalwe moet ons aanneem dat ons hier met 'n verskynsel te doen het wat slegs eie aan die Kaap was.

---

(1) P.W.J.v.d. Berg in: Volk van Nederland, bls.200.
(2) V. de Kock: Begrafnisse in die Agtiende Eeu, D.Hg.; 5.11.1937.
(3) F.C. Dominicus: Het Huiselijk en Maatskappelijk Leven, bls.92 e.v.
(4) K.A.: M.D. Nr.49 9.3.1776.
(5) Ibid.

Ten opsigte van sterfgevalle op see het daar aan die Kaap 'n bepaalde eiesoortige gebruik bestaan. As matrose naby die Kaapse kus gesterf het, is hulle oorboord gegooi in die hoop dat hulle op die land behoorlik begrawe sou word as hulle uitspoel.(1) Later is soldate en matrose wat aan die Kaap gesterf het, in 'n doek toegewerk en op 'n doodswa weggory, waarskynlik om in die "matrose se kerkhof" begrawe te word. Slegs as die oorledenes se besittings wat verkoop is genoeg geld opgelewer het, is kiste daarmee gekoop.(2)

Terwyl die gebruike by die grafte of grafkelders van Kaapse burgers gering was, was dit nie die geval by die teraardebestelling van regeringsbeamptes nie. Begrafnisse onder diegene wat in die Kasteel gewoon het, het in die algemeen met meer seremonies en prag- en praalvertoon gepaard gegaan, as wat die geval onder die gewone Kaapse burgers was. Gewoonlik is daar aan die Kasteel gepoog om die vaderlandse gebruike so getrou moontlik na te doen en te handhaaf.

Onderwyl die teraardebestellinge van dorpenaars burgere aan die Kaap in die sewentiende en agtiende eeu eenvoudig was, was die Kaapse plaasbegrafnisse, en wel alreeds, in die begin van die agtiende eeu nóg armer aan die inagneming van veel gebruike. Die lewe op die platteland het die mense se lewensuitsig nugter en prakties gemaak, met die gevolg dat talle gebruike wat uit die stamland op die Kaap oorgeplant is van die meeste bybehore gestroop is, terwyl meesal slegs die kerngebruik behou is. 'n Plaasbegrafnis het plaasgevind, sonder dat veel gebruike inaggeneem is. Meesal is boere deur hulle familiebetrekkinge begrawe, gewoonlik omdat die dienste van predikante nie altyd verkrygbaar was nie.(3) Mentzel skryf soos volg oor toe-

---

(1) E.C. Godeé-Molsbergen: Jan van Riebeeck en Zijn Tijd, bls.?10.
(2) V. de Kock: Those in Bondage, bls.144.
(3) O.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.118.

stande op die platteland in omstreeks 1735: »Die oorledene word, indien die mense nie te ver van die kerk af woon nie, na Kaapstad gebring om begrawe te word, of na Stellenbosch, Drakenstein of Swellendam. Diegene wat egter op verafgeleë plekke sterf, word op hulle plase begrawe. Die grafte moet diep genoeg gegrawe word en met groot klippe bedek word.... op die platteland is die begrafnisgebruike- en seremonies net so min in die mode as swaar- en ligte rou.«(1) Op die voorposte het versobering ingetree omdat die leefwyse däar ander eise aan die mens gestel het as wat die geval in Kaapstad en veral in die vaderland was. Eers nadat die pioniers die weg vir die beskawing oopgetrap het, sou groter moontlikhede vir die bewaring van maatskaplike vorms daargestel word.

## XIV. ROUGEBRUIKE AAN DIE KAAP.

Die vernaamste rougebruike word ten opsigte van die roudrag, routyd, routekens en die roukleur gehandhaaf. Die rougebruik is wesenlik 'n opnemings- en reinigingsgebruik: die dooie se agtergeblewe familie moet weereens in die normale lewe van die gemeenskap opgeneem word, nadat dit 'n lotstydperk deurgemaak het. Die individuele uiting van die gevoel van smart groei aan tot rougebruike. Roudrag word gevolglik simbolies van die persoonlike smartvolle toestand van die dooie se naasbestaandes. Na aanleiding van die Bybelse roudrag is die meeste Christelike volke se roukleure swart.(2)

In Nederland word rouklere sedert oudsher deur die familie van die oorledene aangetrek. Bepaalde hoede en mantels word deur die mans gedra. Baie oud is die gebruik van swart rouklere en swart lamfers as routekens in

(1) ~~Ibid., bls.111.~~ G.F. Mentzel: A Description of the Cape, V.R.V. nr. 25, bls 117.
(2) C. Annandale: Encyclopedia, deel IX, bls.355.

Nederland. Deur middel van rougebruike word die familie wat in rou verkeer langsamerhand weer deur die samelewing opgeneem, nadat die oorgangsgebruike ten opsigte van die oorledene se uitvaart uitgevoer is.(1) Die routyd is 'n tussenperiode wat gedurende die sterfte en die begrafnis 'n hoogtepunt bereik: eerste opnemingsgebruik is die aantrek van funksionele kleredrag, dus van rougewaad. Eers as die dooie vergoed in die graf verkeer, word daar aangeneem dat hy ook vergoed uit die gemeenskap van die lewendes gewyk het. Die duur van die routydperk word deur grade van verwantskap bepaal, gevolglik moet die weduwee of wowenaar die langste oor 'n afgestorwe eggenoot of eggenote rou. Diensbodes dra in Nederland ook rouklere as hulle heer sterf; sulke klere is gewoonlik swart van kleur, maar dit kan ook grys, bruin, blou- of wit wees. Mans dra op sommige plekke 'n hoëbolhoed na 'n begrafnis as teken van rou. Die vrouens dra 'n lang, swart doek. Sekere plante en blomme word in Nederland as rousimbole by begrafnisse aangewend.(2)

In die tydvak waarby ons belang het, was die rougewaad in Nederland nie op alle plekke dieselfde nie, en nog minder was die roukleur oral eners. Nietemin was die oorwegende roukleed swart lamfer. 'n Uitstaande kenmerk van rougewaad was die besondere lengte en wydte daarvan. Onmiddellik na die begrafnis het weduwees die sogenaamde "swaar rouklere" gedra, en gedurende dié tyd is 'n gedeelte van die borok oor die hoof gedra.(3) Behalwe die gewone swart rouklere en swart mantel het die mans 'n lamfer-rouband aan die agterpunt van die hood geira (vandag word

---

(1) Vgl. J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.399 e.v.

(2) (a) Ibid., bls.342 e.v.
(b) K.C. Peeters: Eigen Aard, bls.497-498.

(3) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.403.

dit rondom die bol gedra). As vrouens se naaste bloedverwante gesterf het, het eersgenoemde tot 'n paar maande ná die begrafnis swart sluiers oor die hoof gedra. Die oorledene se beste vriende het ook baie lang, neerhangende lamfers aan die hoede gedra: hierin het 'n navolging van die Franse hoflewe bestaan - hoe langer die lamfer, hoe nader staan die rouklaer aan die oorledene, want selfs die roudrag het stand aangedui.[1] Later is groot vilthoede met neergeslane rande as rou-hooftooisels deur sommige manlike begrafnisgangers in Nederland gedra. Toe hierdie groot hoede uit die mode geraak het, het die mans slegs die rande van hulle hoede neergeslaan as teken van rou. Teen die einde van die agtiende eeu was rouklere nie meer so wyd soos voorheen nie, toe het die roumantels gebruiklike roudrag in Nederland geword.[2]

Dit verbaas ons nie dat die stamlandse roudrag op die Kaap oorgeplant is nie, aangesien rouklere, soos alle ander klere, ten minste vir die eerste eeu na die volksplanting uit Nederland ingevoer is. Die Kapenaars het derhalwe soos hulle stamgenote in die vaderland gerou. Vir die welgestelde Kaapse koloniste was prag- en praalvertoon in die roudrag 'n groot versoeking: vrouens het in die agtiende eeu sleeprokke gedra wat mettertyd langer en langer geword het, totdat die owerheid daarteen moes ingryp.[3] Aan die Kaap het die draers swart- of wit handskoene en lang sy-lamfers by die sterfhuis ontvang, as laasgenoemde in of baie naby Kaapstad of Stellenbosch geleë was.[4] In dié opsig was die Nederlandse rougewaad dus tot in die fyner besonderhede aan die Kaap gebruiklik.

(1) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.192 e.v.
(2) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.191.
(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, blss.65 e.v.
(4) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.326 e.v.

Die moontlikheid dat ook hierdie oorgeplante gebruik aan die Kaap gewysig kon word, was egter nie uitgesluit nie. Waarskynlik omdat 'n egte Nederlandse rougewaad aan die Kaap moeilik bekombaar was, het die gebruik om rouklere te verhuur aan die Kaap bestaan. Die prys van gehuurde rouklere was twee riksdalers.[1] Benewens die neiging om tog so na as moontlik die stamlandse rouklere na 'n begrafnis te dra, vertoon hierdie verskynsel ook die druk wat ekonomiese, dit wil sê, landsomstandighede aan die Kaap op die handhawing van vaderlandse gebruike uitgeoefen het.

Ook aan die Kaap het die gebruik bestaan om bediendes (d.i. slawe) in rouklere aan te klee. Volgens Rijk Tulbagh se prag- en praalwette is geen slawe-eienaar toegelaat om sy slawe in rouklere te laat rondloop as 'n familielid gesterf het nie.[2]

Afgeslete rouklere is aan die Kaap deur burgers aan hulle slawe verkoop. Teen die middel van die agtiende eeu is die koloniste egter verbied om die rouklere wat by begrafnisse gedra is, aan hulle slawe te verkoop.[3] Dit kon alleenlik uitgediende rouklere gewees het wat deur die slawe gekoop is. Die aanwesigheid van funksionele roudrag in die Kaapse samelewing word in elk geval deur hierdie wetgewing bewys.

'n Weduwee in Nederland moes tydens haar routyd in die agtiende eeu van ses weke tot 'n jaar gerou het, en sy moes in dié tyd nie hertrou het nie as sy haar wandel onbesproke wou laat bly het.[4] Vir die volle voorgeskrewe routermyn moes sy dus rougewaad dra. Aan die Kaap het in die agtiende eeu altans geen vasgestelde routyd bestaan

(1) F.C. Dominicus: Huiselijk en Maatskappelijk Leven, bls.92.
(2) V. de Kock: Those in Bondage, bls.145.
(3) Ibid.
(4) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.403.

nie. In sommige gevalle was die routyd nogtans op een jaar vasgestel. Vir die eerste ses maande is daar „swaar" gerou, daarna is „ligte" rougewaad aangetrek. Nege maande ná die dood van haar man kon 'n Kaapse weduwee hertrou. 'n Kind se huwelik is gewoonlik ses maande na 'n ouer se dood uitgestel.(1) Wel deeglik het 'n routyd derhalwe as rougebruik aan die Kaap gegeld. Ook vertoon dit groot ooreenkoms met die vaderlandse rougebruike van dieselfde aard.

Soms is routekens of simbole van rou by Nederlandse begrafnisse in die agtiende eeu aangewend. Prag- en praal het in Nederland by begrafnisse in die genoemde eeu toegeneem, veral omdat daardie land alreeds 'n baie ryk wêreldmoondheid was. Roubedekte familiewapens en perde wat kruppel geloop het as routeken, kon in die meeste dorpe en stede by begrafnisse waargeneem word. Veral onder die hoër kultuurkringe was hierdie pronkneiging in die mode. Onder die Nederlandse plattelanders was die ouer, konserwatiewer gebruike nog steeds van toepassing.(2) Aan die Kaap het rouperde, familiewapens en gewere en tamboere wat met lamfer toegedraai is slegs by die begrafnisse van Kasteellui verskyn.(3) Routekens by burgerbegrafnisse was afwesig, behalwe in die geval van die takkiesgebruik wat alreeds behandel is. Later kon sommige van hierdie verskynsels as afgedaalde kultuurgoed in die negentiende eeu die platteland bereik.

Die feit dat begrafnisondernemers aan die Kaap by begrafnisse betrokke was,(4) wys heen na die vormvaste behoud van die vaderlandse gebruike in dié verband, aangesien hulle uit hoofde van hulle amp as gildelede die

---

(1) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.6, bls.123.
(2) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, blss.403-411.
(3) Vgl. Elliott-fotos: Die begrafnis van Goew. van Rheede van Oudtshoorn.
(4) K.A.: M.D.: Nr.49.(9.3.1776).

Nederlandse vorms moes gehandhaaf het. Hulle begrafnis-rekenings uit die agtiende eeu gee ons 'n beeld van die rouvoorwerpe wat met begrafnisse aan die Kaap gebruiklik was. Onder andere is vir 'n bepaalde begrafnis die volgende voorwerpe verskaf deur 'n Kaapse begrafnisondernemer:

35 el lamfer,
7 paar handskoene,
11 el sy-lint.(1)

Op tien April 1788 is 'n rekening aan die heer Serrurier gelewer vir:

94 el swart lamfer,
13 paar wit handskoene (vir die draers),
1 paar swart handskoene (waarskynlik vir die koster),
1 fles olywe.(2)

Toe die heer Serrurier, wat 'n inwoner van Kaapstad was, se vrou oorlede is, is die volgende roubeamptes gehuur:

6 „slippendragers",
12 „dragers",
2 „aansprekers",

en hulle het 108 el lamfer gebruik en 18 el swart lint, sowel as 18 paar wit handskoene, wat deur die draers en slipdraers gebruik is.(3) Hierdie voorwerpe is eg-Nederlands en verteenwoordig dus die Nederlandse gebruik aan die Kaap om genoemde voorwerpe as teken van rou by 'n begrafnis aan te wend.

Slegs in Kaapstad, wat as hawedorp in betreklik noue voeling met Nederland en die buitewêreld gebly het, was deftigheid en praalvertoon by begrafnisse in die mode. Op konserwatiewer wyse het die plattelandse bevolking en die boere hulle begrafnisse gereël. Mentzel skryf dat die gebruike in verband met rou en begrafnis in die buite-

(1) ~~Ibid. (17[illegible])~~. K.A.: M.D.: Neq. [1788].
(2) Ibid. (10.4.1788).
(3) K.A.: M.D. (17.3.1795).

distrikte, waar die Kaapse boere gewoon het, baie eenvoudig was, en dat alleen die rykstes onder hulle rouklere gedra het.[1] Hy beskryf die toestand soos volg: „Alleenlik die rykes en diegene wat naaste aan die kerk woon, trek rouklere aan as hulle kerk toe gaan" (om begrafnisse by te woon).[2] Graham Botha verklaar hierdie verbleking van die Nederlandse sede soos volg: „Die tweede en derde geslagte van die eerste nedersetters het grotendeels alle aanraking met hulle Europese bloedverwante verloor".[3] Alreeds in omstreeks 1735 kon Otto Mentzel as Europeër aan die Kaap opmerk: „Baie gewoontes wat in Europa bestaan, is hier onbekend."[4] Op die Kaapse platteland het Mentzel min rougebruike waargeneem, daar verbleking alreeds ingetree het.[5]

Op die buiteposte het diegene wat baie ver van die kerk en dorp gewoon het, eenvoudig nie gerou nie.[6] By die feit dat hulle in isolasie gelewe het, moet die ekonomiese rede: duur rougewaad, gevoeg word, om 'n volledige oorsaak vir die verbleking van die vaderlandse gebruike op Kaapse bodem te vind.

Oorskou ons die Kaapse rougebruike teen hulle Nederlandse agtergrond, besef ons hoe eners hulle was.

## XV. GEBRUIKE IN VERBAND MET DIE BEGRAFNISMAAL.

Die begrafnismaal hoort as begrafnisgebruik tuis onder die skeidingsgebruike. In Nederland word daar byvoorbeeld geglo dat die oorledene saam aansit; dit dien derhalwe as afskeidsmaal ter ere van die oorledene. Hierdie

---

(1) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.113.
(2) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.118.
(3) Ibid., bls.117.
(4) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.105.
(5) O.F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. Nr.25, bls.117.
(6) M. Roux: Begrafnisgebruike in die Agtiende Eeu, 1.4.1927, bls.47.

gebruik stoel op die instinkmatige begrip dat die agtergeblewe familie in stand gehou moet word. Vandaar dat die begrafnismaal in die Germaanse volkslewe in Wes-Europa alreeds bekend was. Sedert oudsher kom die begrafnismaal dus in die volkslewe van die Dietse kultuurvolke voor.(1) Schrijnen meen dat die Germaanse „dode-offer" wat by die graf van die oorledene gehou was, in die begrafnismaal (Nedl. „lijkmaal") oorgegaan het. Om nie 'n begrafnismaal te hou nie, is vir die oorledene 'n oneer.(2)

Gedurende die sewentiende eeu is begrafnismale nog veelal in Nederland gehou, en teen die einde van die sewentiende eeu is dit op buitensporige, selfs uitspattige wyse gedoen.(3) By vername boereworings het begrafnismale soms twee dae geduur.(4) Oorvloed, swier en pronksug het mettertyd die Nederlandse gebruike gekenmerk. Aan die Kaap was begrafnismale teen die einde van die agtiende eeu, net soos in die stamland, groot feesmale. Gewoonlik het tussen vyftig en 'n honderd gaste 'n begrafnismaal bygewoon.(5) Saam met die vroegste koloniste is die gebruik om 'n groot, selfs swierige begrafnismaal te hou na die Kaap gebring, waar dit in die eerste geval byval onder die Kasteellui gevind het, en in die agtiende eeu het dié gebruik onder die gewone burgers posgevat, met die gevolg dat die owerheid, soos in Nederland, daarteen moes ingryp.(6)

Na afloop van die teraardebestelling aan die Kaap het die aanwesiges na die oorledene se huis teruggekeer, waar hulle op feestelike wyse onthaal is. Die gevolg hiervan was gewoonlik dat 'n begrafnis op heel vrolike wyse geëindig

---

(1) Vgl. J. Rasch: Ons Volk, blss.55-57.
(2) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde,deel I, bls.342.
(3) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.411.
(4) Ibid., bls.413.
(5) K.A.: M.D.: Nr.41.
(6) (a) S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I, bls.185.
(b) W.J. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, bls.106.

het.[1] Adam Tas skryf dat hy wyn en vleis na 'n begrafnis gestuur het, en volg by: „daar konnen ze haar vrolijk mede maken."[2] Gewoonlik is die gaste op 'n agtiende eeuse begrafnismaal op heelwat wyn en gebak trakteer.[3] Gaste is deur die lykbesorger na die sterfhuis uitgenooi nadat die graf toegemaak is. Op vrolike wyse moes die onthaal daar geniet word. Psigologies is dié gebruik verklaarbaar uit die groot droefenis wat deur die dood veroorsaak is, en die reaksie of verlugting wat daarop volg, lei daartoe dat die mens se handelwyse oorslaan tot die ander uiterste toe. Die steurnis wat deur die dood veroorsaak is, lei in dié geval gevolglik tot 'n uiting van vrolikheid.

Nie alleen is begrafnismale in die Kaapse dorpe in die onderhawige tydvak gehou nie, maar ook op die platteland. In sy dagboek (1705-1706) maak Adam Tas melding van 'n begrafnis op 'n buurplaas, en van die feit dat wyn en vleis daarheen gestuur is vir die onthaal van die draers, gaste en vriende wat daarheen uitgenooi was. Hy het ook die volgende voedsel en drank daarheen gestuur: 5 emmers wyn, 1 ham, 3 stukke skaapvleis en 3 brode. Hy het gemeen dat die oorledene gevolglik in „goed fatsoen" begrawe is.[4] Hierdie gebruik was dus heel vroeg in die geskiedenis van die Nedersetting in die buitewyke van Kaapstad 'n erkende begrafnisgebruik.

'n Begrafnis moes in die destydse dunbevolkte Kaap 'n belangrike maatskaplike gebeurtenis gewees het, en daar moes 'n mate van ophef oor so 'n gebeurtenis gemaak gewees het. Bloedverwante en vriende het in die verder afgeleë distrikte gewoonlik ver ente afgelê om 'n begrafnis

---

(1) V. de Kock: Begrafnisse in die Agtiende Eeu, D.Hg.; 5.11.1937.

(2) L. Fouche: Het Dagboek van Adam Tas, 16.12.1705.

(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, biss.64-65.

(4) L. Fouche: Het Dagboek van Adam Tas, bls.74.

by te woon, en gevolglik moes hulle onthaal word, voordat hulle weer vertrek het. Hierdie gebruik geld nog in Suid-Afrika.(1)

Oor die algemeen is 'n begrafnismaal in hierdie tyd in Nederland (en Suid-Afrika) as 'n besondere eerbetoon aan die oorledene beskou.(2) Die voedselsoorte, en veral die groot hoeveelheid eetgoed op 'n begrafnismaal het blykbaar aan die aanwesiges getoon hoe welgesteld die oorledene was. Soms is daar in Nederland: „een pot wijn met een schotel gekookten rijs" aan gaste voorgesit.(3) Moontlik het die Afrikaanse „begrafnisrys", rys met rosyntjies daarin, wat op 'n begrafnismaal voorgesit word aan die gaste, as verbleekte vorm van hierdie sewentiende eeuse Nederlandse gebruik afgestam.(4) In die aand, ná die begrafnis, het die ambagslui in Nederland na die sterfhuis gegaan, waar hulle brood en rosyntjies, en soms ertjies en rosyntjies ontvang het.(5) Die rosyntjies in die Afrikaanse begrafnisrys is dus van Nederlandse oorsprong. Die Nederlandse „uitvaartbrood" wat onder die armes uitgedeel is ná 'n begrafnis, het onder invloed van die Christelike leer ontstaan.(6)

Laat in die agtiende eeu het wyn egter die hoof-item op 'n begrafnismaal geword, aangesien begrafnisgangers in Nederland dikwels heel beskonke huiswaarts gekeer het.(7) Bier was ook 'n algemene begrafnisdrank in Nederland.(8) Onder die dranke wat op Kaapse begrafnismale verorber is, moet gereken word wyn en bier,(9) wat in Nederland in dié

(1) M. Roux: Begrafnisgebruike, D.Hg.: 1.4.1927.
(2) G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsche Huisgezin, bls.43.
(3) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.411.
(4) A.J. Coetzee: Die Afrikaanse Volksgeloof, bls.177.
(5) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.413.
(6) J. Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, deel I, bls.342.
(7) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.411.
(8) Ibid., bls.413.
(9) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.65.

tyd „leedbier", „droefbier" en „troostelbier"(1) genoem is as dit tydens 'n begrafnismaal gedrink is.

Vroeg in die agtiende eeu is begrafnisgaste aan die Kaap by die sterfhuis veral op brood en wyn (vgl. Christelike nagmaal) onthaal.(2) In die agtiende eeu veral het die begrafnisrys gebruiklik geword. Hierdie rys is met borrie geel gemaak en saam met rosyne gekook en is gewoonlik saam met vleisgeregte as deel van die begrafnismaal opgedis.(3)

Onder die Kaapse begrafnisgebak het witbrood, soetkoekies en krakelinge gegeld.(4) Ou begrafnisrekenings in die Kaapse argief bevat items wat deur bakkers aan hulle kliënte aan die Kaap vir begrafnismale verskaf is. 'n Rekening wat aan T.C. Serrurier gelewer is, bevat die volgende item: „Een zoete melks' kaas". 'n Rekening gedateer 10 April 1788 lui soos volg: „Voor het geleverde begrafnisgebak van u overledenen Dogter"(5):

19 brode,
150 krakelinge,
200 beskuite,
108 amandelgebak,
28 „ordinair" gebak,
28 „pepernote", (ons gemmerkoekies),
68 „kollebijne" (moderne kollewyntjies).

'n Volgende bakkersrekening van 4 Maart 1775 vir gelewerde begrafnisgebak vermeld „48 heiligmaekers", benewens amandelgebak en „colombyntjies", asook „soeten" gebak, „pepernote", krakelinge en „chraspe" brode (wit brood).(6) Die aard en name van die gebaksvorme is Neder-

---

(1) P.W.J.v.d. Berg in: Volk van Nederland, bls.200.
(2) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.326.
(3) C.G. Botha: Social Life in the Cape, bls.66.
(4) M.K. Jeffreys: Kaapse Plakkaatboek, deel II, bls.128.
(5) K.A.: M.D.: Nr.49.
(6) Ibid.

lands. Dinge uit die stoflike volkskultuur soos kleredrag, gebaksvorme, kombuisgereedskap en meubels is veral vervaardig volgens die tydgenootlike model, of uit die stemland ingevoer na die Kaap.

## XVI. GEBRUIKE TEN OPSIGTE VAN KINDERBEGRAFNISSE.

Gedurende die sewentiende en agtiende eeue in Nederland is daar gebruike by kindersterfte- en begrafnis wat van dié van volwassenes se begrafnisgebruike verskil het. 'n Palmtak- of roosmaryntak is in die hand van 'n dooie kind geplaas.(1) Lykskranse is op die hoofde van kinderlyke geplaas. Hierdie kranse is deur speelgenote vervaardig. Palm, mirte- of roosmaryntakkies (immergroen plante wat simbolies van ewige lewe is), is in die hande van die draers, ook kinders, geplaas. Veral is die maagdepalm hiervoor gebruik.(2) Laasgenoemde dui op die nogsterk geldende Rooms-Katolieke inslag by die sewentiende eeuse begrafnis.

Nadat aan die buurt se kinders hulle oorlede speelgenoot se lyk gewys is, is hulle op "rijstenbrij met suiker en kaneel" trakteer.(3) Die gereg is ryspap, en dus dieselfde as begrafnisrys.

'n „Raaf" of roukleed, of versierde rougewaad is soms op kindergrafte geplaas.(4)

In Friesland is die gebruik om jong meisies- of seuns se lyke te „bekrans" gedurende die agtiende eeu gehandhaaf. In die provinsie Holland is 'n onderskeid tussen die lyke van „jonge vrijers en vrijsters" en dié van ouer mense, wat alreeds getroud is, gemaak. Aan die draers is blomruikers gegee, op die kis is blomme gestrooi en die

---

(1) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.402.
(2) Ibid.
(3) Nedl. Ts. Volkskunde, Jaargang VI Nrs.II en IV (1947), blss.63; 183.
(4) G.D.J. Schotel: Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen, bls.407.

lyksgewaad is met linte versier. Die draers was vriende van die oorlede jongman of jongmeisie.(1)

By kinderbegrafnisse word die oorledene se maagdelike reinheid deur palmtakke ge-eer. Hierdie takkiesgebruik by begrafnisse is in die Dietse wêreld baie oud.(2)

Wanneer 'n ongetroude jongmens aan die Kaap begrawe is, is alleen jongmans as draers aangewys. Dit was hulle taak om die kis in die graf neer te laat, en om aarde daaroor te strooi, as simboliese handeling wat op afskeid dui.(3) Ons besef dus in elk geval dat daar aan die Kaap, soos in Nederland, 'n onderskeid tussen die gebruike by kinderbegrafnisse en volwassenes se begrafnisse gemaak is.

Die doodsregisters in die Kaapse Argief lewer duidelik bewys dat daar talle meer kindersterftes as ander aan die Kaap voorgekom het. In April 1760 is daar byvoorbeeld vyf kindersterfgevalle uit 'n totaal van nege sterfgevalle wat plaasgevind het, opgeteken in die Kaapstadse doodsregister. In Septembe 1761 is twee sterfgevalle in Stellenbosch, twee in Drakenstein en sewe in Kaapstad aangeteken; vyf daarvan was kindersterfgevalle. Ongedoopte kinders word spesiaal as sulks vermeld;(4) dit laat 'n mens dink dat een of ander volksgeloof daaromtrent gehuldig was.

Omdat ons soveel kerngebruike aan die Kaap aantref wat uit die stamland oorgeplant is, moet ons ook ten opsigte van die gebruike by kinderbegrafnisse aanneem dat die stamlandse vorms in die dorpe veral gehuldig is, en dat hulle heel waarskynlik op die platteland vervorm is om by plaaslike omstandighede aan te pas, of dat hulle

---

(1) W. Hofdijk: Ons Voorgeslacht, blss.189-190.
(2) Neal. Ts. Volkskunde, Nr.IV, 1947, bls.18?.
(3) P. Kolbe: Nieuwe Algemeene Beschrijving, bls.326 e.v.
(4) K.A.V.C. Nr.39.

heeltemal verbleek het. Lykskranse en palmtakke moes dus as rouvoorwerpe by kinderbegrafnisse aan die Kaap aangewend gewees het.

## XVII. B E S L U I T.

Oorskou ons nou die begrafnisgebruike wat aan die Kaap in die sewentiende en agtiende eeue bestaan het, van besef ons hoe heg dit volgens die Nederlandse voorbeeld gehandhaaf is. Die Nederlandse basiese vorms in hierdie verband is veelal gehandhaaf. Plaaslike omstandighede aan die Kaap het vervorming en verbleking van die stamlandse begrafnissede beweeggebring. Met verloop van tyd het 'n onmiskenbare Kaapse tradisie ten opsigte van hierdie maatskaplike vorm ontstaan, wat op sy beurt na 'n eie Kaapse kultuurlewe heenwys.

Deur die Nederlandse beamptes in die Kasteel is daar gepoog om die sedes en gebruike van die vaderland te handhaaf. Die Kasteel se invloed op die dorpsburgers en die begrafnisgebruike wat onder die boere bestaan het, was tot 'n hoë mate behoudend, tog het eie vorms ontstaan, en wel op die Kaapse platteland.

Die Nederlandse kerngebruike by die begrafnis uit die sewentiende- en agtiende eeu is aan die Kaap bewaar. Hieronder geld die aankondiging van 'n sterfgeval, ook die rol van die lyksbesorger, draers, grafgrawer en die predikant. Ooreenkomste tussen die Nederlandse en Kaapse begrafnisgebruike uit dié tyd geld verder ten opsigte van die begrafniestoet, die lykrede en die plek waar die dooies begrawe is. Rougewaad en routekens toon verwante vorme en eensoortige kerngebruike; ook is die gebruike by die begrafnismaal eners. Op die Kaapse platteland het die stamlandse gebruike verbleek, maar selfs hier is die grondvorms van die vaderland se gebruike in 'n hoë mate bewaar. Op die platteland het die Kaapse

gebruike al meer en meer van die Nederlandse prototipes gaan verskil, veral ten opsigte van fyner punte, wat ontstaan het uit die dwang van omstandighede. Die nuwe bodem het langsamerhand nuwe maatskaplike vorms laat ontstaan. Hierdie verskynsel moet ons die verafrikaansing van die stamlandse gebruike noem, en dit het gebruike sooe byvoorbeeld die takkiesgebruik en die aparte begraafplaas sterk beïnvloed. Die tweede en derde geslag Kapenaars het nie meer aan terugkeer na Europa gedink nie, met die gevolg dat hulle hulle gevoel van Nederlanders te wees, verloor het en geleer het om by die nuwe omgewing aan te pas. Hendrik Bibanet het hierdie bewuswording uitgedruk toe hy in die openbaar verklaar het: „Ek is 'n Afrikaner!"(1) Geestelik was die Kapenaars teen die jaar 1795 lankal nie meer Nederlanders nie.

--------------

(1) Vgl. P.J. v.d. Merwe: Trek, bls.88.

## HOOFSTUK V.

## SLOTBESKOUING.

As Jan van Riebeeck op Saterdag 6 April 1652 anker gooi in Tafelbaai, dan lê die drie skepies die Reiger, die Dromedaris en die Goeie Hoop soos nietige notedoppies en dobber aan die oewers van 'n wye wêreld-see, langs die strand van 'n onbekende vasteland wat tot in die oneindige onbekende binnelande uitgestrek het, en waarvan die naam van die suidpunt nog vars in die geheue dreigend opklink: Kaap van Storms.

Hierdie handjievol manne het nie gekom om die onbekende vasteland van Afrika te verower nie. So groots was hulle opdrag nie, maar wél om 'n fort te bou - wat die naam van „De Goede Hoop" sou dra - wat groot genoeg sou wees om 'n bemanning van honderd sterk te huisves bo-newens die skeurbuikige lyers van verbyvarende skepe. Omdat 'n verversingspos beoog was, moes voorts tuine en landerye aangelê word. Vrugtebome moes geplant en graan en tuingroente gesaai word. Ruilverkeer met die inboorlinge moes aangeknoop word om voldoende vars vleis te bekom vir die voorsiening van die skepe. En boweal moes die verversingspos alle kragte inspan om nie net in eie behoeftes te voorsien nie, maar ook om aan die verbyvarende skepe voldoende verversing te bied en nog winsgewend te wees vir die here bewindhebbers. Voorwaar 'n gelykvloerse opdrag, vol moeilikhede en inspanning en ongekende smarte.

Toe die klompie verlate manne, enkele vroue en kinders soos verdwaaldes verwese voet aan wal sit, was hulle in menige opsigte nie meer 'n versameling enkelinge nie. Op die drie skepies was drie aparte groepies al

maandelank ...gliks in mekaar se geselskap op die onderskeie skepe. Hulle het saam die gevare van die see getrotseer, sommige vir die eerste keer, ander as „oorlamse" Oos-Indiese vaarders. Hulle het vertroud geraak met die smal skuilhoekies en die ruimtes van hulle bekrompe tuiste, en die name daarvan het deel gaan word van hulle taal nog voordat hulle die Kaap bereik het. So was daar die „kombuis", kookplek aan boord, die „spens" of voorradekamer, die „kooi" of slaapplek; daar was „hangmatte", „brandwagte", „hanepote" of Houtkatrolle, „kabelgaringtou". En so het hulle aan die Kaap geland met 'n intieme saamwees van enkele maande in die onmiddellike verlede.

Aan die Kaap het die onbekende gedreig en die klompie Europeane nog nader verwant aan mekaar en afhanklik van mekaar te laat voel. Die Kommandeur was 'n nugter, praktiese mens, met die oog steeds gerig op die onmiddellik-noodsaaklike. Die fort word dadelik gepak en binne afsienbare tyd is die tydelike grondwalle só hoog en stewig dat almal daarbinne veiligheid kan vind. In die mure van daardie fort sou hulle enkele jare op die intiemste voet saamwoon soos in 'n vesting: maaltye op gesette tye, huisgodsdiens saans vir almal, gemeenskaplike arbeid bedags, elkeen na sy aard en amp onder toesig van veldwagters, koopmans, klerke en base, en almal regstreeks onder die vaderlike oog van die opperheer - Jan van Riebeeck. In die vesting is aanvanklik die intieme bestaan van die skepies voortgesit, en alles het uiteindelik nog afgehang van die bestiering van die „kaptein" - wat saans selfs gereeld die „joernaal" bygehou het.

Heel gou word dit egter vir Jan van Riebeeck duidelik dat die handjievol Europeane aan die Kaap liggaam-

lik uitgeput sou raak deur al die werk wat noodsaaklik byderhand geneem moes word. Die inboorlinge was totaal ongeskik vir die lewering van diè soort arbeid wat nodig was. Telkens slaak die Kommandeur die versugting: as ek maar 'n paar honderd Hollandse gesinne gehad het! As hier maar arbeidsame "mense" was! As ons maar slawe kon bekom!

En dan, op 'n goeie dag, gaan sy wens in vervulling: die here bewindhebbers het aan hom verlof gegee om enkele uitgesoekte kompanjiesdienaars vryheid te verleen ten einde die een of ander vertakking van die boerdery aan te pak. Sommiges sou tuinbouers word, met die nadruk op groente, vrugte en gesaaides; sommiges sou met beeste en skape boer ten einde te sorg vir die produksie van melk, botter en kaas. Aanvanklik is daar slegs een ploeg, sodat die tuinbouers beperk bly in getal en genoodsaak word om sáám te werk. Maar hierdie twee groepe vrymanne bring haas onmiddellik die ontstaan van 'n derde groep mee: kleinhandwerkerslui - timmermans, messelaars, snyers, losieshouers, en allerlei slag van geringere handwerkers wat nodig is om 'n samelewing aan die gang te hou. Nou bestaan die Kaapse gemeenskap in die vorm van 'n organisme: 'n verdeling van arbeid het alreeds plaasgevind.(1)

Agter hierdie drie groepe, ordenend, beplannend, besinnend, beweeg die figuur van die vader van die gemeenskap - Jan Anthonie van Riebeeck, wat moet let op die welsyn van Jan en Alleman. As die belange van die drie gemeenskappe vryes onderling met die belange van die besetting en die Kompanjie bots, moet hy ingryp en orde herstel, reëls neerlê, verhoudings skep. As die varke van die veetelers die tuine van die landbouers omvroetel, moet hý ingryp en bepaal wáár varke aangehou mag word en waar nie;

(1) Vgl. Jan van Riebeeck: Daghverhaal, deel I, bl...13?; ook K.A.: V.C.: 1656.

as die houtbosse dreig om leeggestroop te word, moet hý beskermend optree. En as almal se lewe in gevaar verkeer vanweë die Hottentots, moet hý sorg dat die gemeenskap as eenheid optree vir sy eie veiligheid.

En dan, as die lewe dreig om in eentonigheid te stol en die manne dreig om van uitspatting ineen te stort, moet hý sorg vir ontspanning en vermaak, en dan stel hy onder andere die kermis van die retoervloot in.

Geleidelik lei Van Riebeeck die groepie aan die Kaap, wat telkens wissel deurdat sommiges met die skepe vertrek, ander bygevoeg word as amptenare vir enkele jare, terwyl 'n derde groep vir onbepaalde tyd aan wal gebring word om geknakte gesondheid te herwin en te vertrek met die eerste die beste geleentheid, of om in die begraafplaas as onbekende seevaarder of soldaat begrawe te word, lei hy hulle sodanig dat die hele groep ingedeel word in kringe wat mekaar se belange inagneem, wat by mekaar hoort, met ander woorde: geleidelik sien ons onder Van Riebeeck se leiding 'n maatskaplike groep, 'n samelewing aan die Kaap ontstaan, vorm vat en ontwikkel. Daar was nou 'n groep mense wat tot eenheid saamgebind is en wat hulle spoedig as sulks sou gevoel. Hulle het dieselfde kultuur gedra, dieselfde taal gepraat, dieselfde bodem bewoon. 'n Mens verbaas jou hoe besonder snel hierdie proses werklik verloop het, ook al onthou jy dat die aanvanklike groep óf landgenote óf eng stamverwante was.

Maar, as die vryburgers verskyn, word die enge fortgemeenskap losser van samestelling. Baie gou kry ons die teenstelling:

(1) Fortgemeenskap,

(2) Kaapse gemeenskap (tuiniers, handearbeiders, n losieshouers),

(3) Veeboere.

En tot in die verste jare daarna sou die veehouers altyd op die voorpunt bly, op die voorplant, die binneland in, op die voorposte waar weiding en water en wild steeds verder wink die vlaktes in tot waar die blou strepe op die kimme gedurig lok.

Waarheen die mens hom egter ookal begewe oor uitgestrekte ysbedekte poolvlaktes of grasbedekte hoogvlaktes, of op die wye wêreldseë, oorals vergesel die on-ontwykbare beslommeringe van sy menslike bestaan hom, agtervolg dit hom soos onontkombare lotsdae in sy bestaan, naamlik die grootste oomblikke in die lewe van elke mens: geboorte, huwelik en dood.

Ook aan die Kaap kom al die verskynsels baie gou te voorskyn in die klein gemeenskappie. Binne enkele maande ná die verversingspos gestig word, ken hulle geboortes, huwelike en sterfgevalle. En dan staan die groep meteens voor die vraag: Hoe moet ons hier optree? Wat moet ons doen? Hoe word 'n kraamvrou bejeën en versorg en hoe ontvang mens die nuwe wêreldburger? Wat doen mens op 'n troue? Wie mag trou en wie nie? Wie sal die huwelik bevestig? Hoe verloop so 'n plegtigheid en hoe gedra die lede van die gemeenskap hulle? En as een sterf: wie begrawe hom, wie rou oor hom, hoe en waar word hy begrawe? Wat moet sy familielede onder sulke omstandighede doen?

Die antwoorde op die vrae is voor die hand liggend: só het ons gemaak in Amsterdam of Den Haag of Rotterdam, en só sal ons maak aan die Kaap. Wat „tuis" reg was, moet noodwendig „hier" ook reg wees. Dit sien ons dan ook aan die Kaap: aanvanklik 'n soort angsvallige gelykheid tussen die vaderlandse en die „hierlandse" maatskaplike instellings: die nuwe wêreldling kry steeds peetouers en pillegifte; die bruidspaar verskyn voor die Kommandeur of Huweliikshof om vas te stel of hulle mag trou, dan volg

die ondertrou of gelukwensing van vriende, die afkondiging in die kerk, die bevestiging van die huwelik op Sondag en die bruilofsfees op dieselfde dag; en uiteindelik die dood met die plegtige uitvaart, draers, die teraardebestelling met die gelaat na die ooste gerig, die grafsteen met grafopskrif, die roudrag, die begrafnismaal na die plegtigheid en die feestelikheid wat daarmee gepaard gaan. 'n Klein Holland het aanvanklik aan die voet van Tafelberg bestaan.

Al gou tree allerlei bemoeilikende faktore in. Lank neem dit vir 'n boot om van patria af die Kaap te bereik en lank neem dit om bestellings uit te voer. So moes 'n deurklopper 'n seldsame verskynsel aan die Kaap gewees het in daardie vervloë beginjare. As daar 'n kraamvrou in huis is, hoe sal die Kapenaar dit aan die bure bekenstel sodat hulle haar in ag kan neem en stil wees, waar die stamlandse tydgenoot bloot 'n wit doek om die klopper gebind het? Hoe sal die rougebruike streng uitgevoer word as wit en swart handskoene, keile en rouklere volgens voorskrif nie bekombaar was nie? En hoe sal die huwelik in die kerk bevestig word as daar toevallig geen predikant aan die Kaap was nie, of, waarom nie maar gou trou as daar ewe onverwags tog wél 'n predikant op 'n verbyvarende skip opdaag nie? Dit bring versobering, afslyting en die verdwyning van die ondergeskikte, nie-noodsaaklike bestanddele van die vaderlandse maatskaplike vorms mee. Die groot of kernbestanddele van die gebruike bly bykans deurgaans eners hier en in die stamland, maar veral die fyn besonderhede verdwyn al gou.

Meer nog: hoe verder die veeboer die binneland intrek, hoe eensamer hy word en hoe meer hy afgesny raak van die gemeenskap. En vir die bestaan van gemeenskapsvorms is 'n <u>gemeenskap van mense</u> nodig. Daar een kant op

'n veeplaas kan die boer se bure nie binne enkele minute opdaag om as peetouers te staan vir 'n nuwe kind nie; plase en vee kon nie aan die genade van wilde diere en rowende Boesmans oorgelaat word nie; vader en moeder self kon nie, telkens na 'n geboorte, optrek na die Kaap om te laat doop nie. Die doop moet dan maar wag totdat daar 'n geleentheid is, maar dan doop so 'n ouerpaar soms drie, vier kinders tegelyk! Wat word nou van die geloof dat ongedoopte kindersieltjies spook? Dit moet óf uitsterf, óf die ouers moet self die doop bedien. Wat word van die vaderlandse pillegif? In die ou vorm verdwyn dit, maar aan die Kaap kry dit 'n nuwe vorm: die vader sélf begiftig sy kinders! As dit 'n dogter is, kry sy aanteelvee as pillegif - verskalwers, ooilammertjies. En as sy eendag trou, jaag sy haar veetrop by dié van haar bruidegom. As dit 'n seun is, sal hy baie gou in dié soort lewe 'n perd nodig hê om vee op te pas, om op kommando vir die owerheid te gaan veg, en om te gaan vry. Daarom kry seunskinders veelal 'n perdemerrie as pillegif, en teen dat hulle groot genoeg is, beskik hulle oor voldoende rydiere. Die seuns het geen aanteelvee nodig nie, want hulle erf tog uiteindelik die vader se stapel. So gebeur dit dat die ou stamlandse sedes en gebruike aan die Kaap 'n gewysigde vorm met 'n nuwe inhoud kry, en die oorspronklike Nederlandse gebruike word Kaapse gebruike, wat nie soseer nuwe skeppings is nie, as hoofsaaklik wysigings onder die inwerking van afwykende landsomstandighede. Die afwyking in die landsomstandighede is nie net geleë in klimaatsverskille nie, maar ook in verskille van bedrywighede, van bevolkingsbestanddele, van ekonomiese en nywerheidstoestande. Hierdie lewensmilieu aan die Kaap het aanpassing daarby noodsaaklik gemaak.

En so kom dit dat die Kaapse gemeenskap 'n groep mense word wat tot eenheid saamgebind is en wat hulle as eenheid voel as gevolg van die feit dat hulle dieselfde kultuur dra, dieselfde of vorms van dieselfde taal praat, dieselfde geskiedenis, ontwikkelingsgang en verlede het, en dieselfde maatskaplike, kulturele en stoflike belange het.[1] Maar nou het ons alreeds die einde van die agtiende eeu bereik, en as duidelike teken van die selfstandigheid van die Kaapse groep tree die verbete vyandskap teenoor die groep kompanjiedienaars "in die Kasteel" te voorskyn.

Naas 'n volksplanting het die oorplanting van 'n volkstradisie ook aan die Kaap geskied. Teen die einde van die eerste groep se bestaan was daar sprake van 'n Afrikaanse volkstradisie. Dit is dan ook die ondergrond van ons huidige Afrikaanse maatskaplike vorms. Uit 'n klein groepie stigters van 'n verversingspos het geleidelik gegroei 'n volksplanting wat bestaan uit 'n eenheidsgroep mense wat geen ander vaderland meer ken as Afrikaanse bodem nie, en 'n versameling enkelinge het uitgegroei tot 'n kulturele tradisiegebonde gemeenskap.

Dié tradisie is in sy wese van Europese oorsprong. Germaanse, Grieks-Romeinse, Rooms-Katolieke, algemeen Christelike en veral Wes-Europese, en in die besonder Nederlandse, elemente maak deel uit van die kernsedes- en gebruike wat in die sewentiende en agtiende eeu op die Kaap oorgeplant is. Soos die Afrikaanse taal Diets van aard en Wes-Germaans van herkoms is, so is die ondergrond van die Afrikaner se sedes en gebruike in hulle kern ook van 'n soortgelyke aard én oorsprong.

---

(1) Vgl. A.J. Coetzee: Tydskrif vir Volkskunde, VIII, Nr.1, bls.1 e.v.

Ons het in hierdie studie probeer aantoon hoedat daar in die Kaapse maatskaplike vorms teen 1795 alreeds die eie Afrikaanse aan te toon was, en wat bestaan het in die vorm van geërfde Nederlandse instellings in hulle oorspronklike vorm, deureengemeng met plaaslike wysigings na die uiterlike gestalte en die innerlike betekenis. Opvallend is die verskynsel wat sterk na vore tree dat die Kaapse maatskaplike vorms hoofsaaklik vervorming van die oorgeërfde oorleweringskat is, soos ook die Kapenaars se taal vervorming van die geërfde Nederlandse taalskat was. Teen die jaar 1800 was hierdie nuwe Dietse kultuur 'n aparte identiteit met sy eie kultuurvorms.

----------------

# BRONNELYS.

## I.

## GEPUBLISEERDE WERKE.


Annandale, C. : The Popular Encyclopedia, Blackie en Seun, Londen, 1890.

Anoniem : Nederlandsch Afrika, uit die Frans Vertaal (Africana Museum), 1783.

Baron Sloet : De Planten in het Germaansche Volksgeloof, en Volksgebruik, M. Nijhoff, 'S Gravenhage, 1890.

Boshoff, S.P.E.: Volk en Taal van Suid-Afrika, J.H. de Bussy, Pretoria, 1921.

Bosman, D.B. : Oor die Ontstaan van Afrikaans, Tweede druk, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1928.

Botha, C.G. : Social Life in the Cape Colony in the 18th Century, Juta, Kaapstad, 1926.

Botha, C.G. : Ons Suid-Afrika, Voorheen en Tans, Cape Times, Kaapstad, 1938.

Brugmans, H. : Het Huiselijk en Maatschappelijk Leven Onzer Voorouders, Twee dele, Elsevier, Amsterdam, 1914-1915.

Coetzee, A.J. : Die Afrikaanse Volksgeloof, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1938.

Coetzee, A.J. : Ons Volkslewe (Volkskundige Opstelle), Van Schaik, Pretoria, 1949.

De Jong, C. : Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, 1791-1797; Drie dele, Haarlem, 1802.

De Keyser, P. : Folklore en Onderwijs, De Sikkel, Antwerpen, 1933.

De Kock, V. : Those in Bondage. An account of the Life of the Slave at the Cape in the Days of the Dutch East India Company, H.B. Timmins, Kaapstad, 1950.

De La Caille, A. (en Kolbe): Reise nach dem Vorgebürge der guten Hofnung; 1751-1753.

De Vries, J. : Volk van Nederland, Elsevier, Amsterdam, 1937.

Dominicus, F.C.: Het Huiselik en Maatschappelik Leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18e. eeuw, M. Nijhoff, 'S Gravenhage, 1919.

Du Plessis, I.D. : Die Kaapse Maleiers, M. Miller, Kaapstad, 1944.

Du Toit, S.J. : Suid-Afrikaanse Volkspoësie, Bydrae tot die Suid-Afrikaanse Volkskunde, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1924.

Eichler, L. : The Customs of Mankind, Heineman, Londen, 1924.

Gie, S.F.N. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Tweede druk, Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1928.

Godée-Molsbergen, E.E. : Jan van Riebeeck en Zijn Tijd, P.N. van Kampen, Amsterdam, 1937.

Godée-Molsbergen, E.E. : De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, Van Looy, Amsterdam, 1912.

Hofdijk, W.J. : Ons Voorgeslacht in Zijn Dagelijksch Leven Geschilderd, Tweede druk, deel VI, P. van Santen, Leiden, 1875.

Jeffreys, M.K. : Kaapse Plakkaatboek, Dele I-V, Cape Times, Kaapstad, 1944.

Kluyver, A. : Middelnederlandsche Woordenboek, Deel IX (K.A.).

Knappert, L. : Verloving en Huwelijk in Vroeger Dagen, Meulenhof, Amsterdam, 1914.

Kolbe, P. : Nieuwe Algemeene Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, Amsterdam, Twee dele, 1777.

Kolbe, P. : The Present State of the Cape of Good Hope, Vertaal deur G.Medley, Twee dele, W. Innys, Londen,1731.

Leibbrandt, H.C. : Rambles Through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope, 1688-1700; Juta, Kaapstad, 1887.

Leibbrandt, H.C. : Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, Juta, Kaapstad.

Le Vaillant, M. : Travels into the Interior Parts of Africa, Twee dele, Londen, 1790.

Lichtenstein, H. : Travels in Southern Africa, in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, Vertaal deur Anne Plumptre, Drie dele, London, 1815. (Van Riebeeck-Vereniging se uitgawes I en II, 1928-1930).

Linton, R. : The Cultural Background of Personality, Reutledge en Paul, Londen, 1947.

Mentzel, O.F. : A Geographical and Topographical Description of the Cape of Goud Hope, Vertaal deur Hoge en Mardelbrote, Drie dele, Van Riebeeck-Vereniging uitgawes Nrs.IV, VI, XXV, Kaapstad, 1925.

Mentzel, O.F. : Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century, V.R.V.IV; Kaapstad, 1919.

Peeters, K.C. : Eigen Aard, De Vlijt, Antwerpen, 1946.

Pearse, G.E. : Eighteenth Century Architecture in South Africa, Batsford, Londen, 1933.

Preller, G.S. : Dagboek van Louis Trichardt, Nasionale Pers, 1938.

Rasch, J. : Nederlandsche Folklore, A.E. Kluwer, Deventer, 1935.

Rasch, J. : Ons Volksleven, N.V. Uitgevers Maatschappij. (Geen jaartal).

Riebeeck, J. van : Daghverhaal, Drie dele, Kemink en Zoon, Utrecht, 1884.

Sartori, P. : Sitte und Brauch, W. Heims, Drie dele, Leipzig, 1910.

Schreiner, O. : Thoughts on South Africa, Londen, 1892.

Schrijnen, J. : Nederlandsche Volkskunde, Tweede druk, Twee dele, W.J. Thieme, Zutphen, 1930.

Schonken, F.Th. : De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1914.

Schotel, G.D.J. : Het Maatschappelijk Leven Onzer Vaderen in de Zeventiende Eeuw, A.W. Sijthoff, Leiden, Eerste druk, 1867.

Schotel, G.D.J. : Het Oud-Hollandsche Huisgezin der Zeventiende Eeuw, Tweede druk, A.W. Sijthoff, Leiden.

Schotel, G.D.J. : Volksboeken. Volkssprookjes van de vroegste tijden tot het einde der 18e eeuw, Kruseman en Wittink, Haarlem, 1874.

Spamer, A. : Deutsche Volkskunde, Leipzig, 1934.

Spilhaus, M.W. : The First South Africans, Juta, Kaapstad, 1949.

Starmans, J.H. : Verloskunde en Kindersterfte in Limburg, Gebr. s. Van Aelst, Maastricht, 1930.

Tas, Adam. : Het Dagboek, 1705-1706; Longmans Green & Kie., Londen, 1914.

Theal, G. McCall. : Chronicles of Cape Commanders, Richards en Seun, Kaapstad, 1882.

Theal, G. McCall. : History of South Africa, Dele I - III, Allen en Unwin, Londen, 1907.

Tozzer, A.F. : Social Origins and Social Continuities, Macmillan, Nu-York, 1937.

Van den Heever, C.M. en P. de V. Pienaar : Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Dele I - II, Nasionale Pers, Kaapstad, 1945.

Van der Merwe, P.J. : Trek, Nasionale Pers, Kaapstad, 1945.

Van Wijk, N. : Frank's Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal, Tweede druk, M. Nijhoff, 1929.


---------------

II.

## ARGIEFSTUKKE.


(a) Versameling fotos van Arthur Elliott:-

Nrs.124, 127, 2086, 2315, 5819, 4032, 2289, 9031, 4275, 2333.

(b) Versameling fotos van W.R. Morrison:-

Nrs.19, 50, 70, 113, 144, 153, 172, 368, 928.

(c) Kaapse Argiefmuseum:-

Nr. L1/3. Nr.G.28. Nr.G.30.

(d) Kaapse Argief:-

V.C. Nrs. 17 - 237.

(e) Acc.: Nrs.2 e.v. (18e eeu).
Geslagregisters en Stellenboschse Huweliksregister (1700-1795).

(f) Doopsregisters van Kaapstad en die Buitedistrikte (1700-1795).

(g) Doodsregisters van Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein en Waveren (1652-1795) : M.O.O.C.6/1 - 6/8.

(h) Huwelikregisters van Kaapstad en Stellenbosch (1652-1795).

(i) Monsterrolle van Kaapstad en die Distrikte (1652-1795).

(j) Inkomende briewe van die Politieke Raad: Nrs.409, 410, 425, 457, 470, 488.

(k) M.D. Nrs.19 - 125.

(l) Resolusies van die Politieke Raad: C. Nrs.13 - 453.

(m) Raad van Justisie: C.J.: Nrs.250, 249, 337, 301, 285, 305, 302, 375, 294, 95, 363, 88, 781, 2914.

(n) Vandisierolle: M.O.O.C. 10/1 - 10/18 (1688-1794).

(o) Africana Museum, Johannesburg, Tekening deur C.C. Michell van die Cradocknek (1840).

---

III.

TYDSKRIFTE.

(a) Die Huisgenoot, Keeromstraat 30, Kaapstad.

(b) Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Posbus 1176, Johannesburg.

(c) Volkskunde, Driemaandelijksch Tijdschrift voor de studie van het volksleven, Kloveniersburgwal 29, Amsterdam, Nederland.

(d) Africana, Aantekeninge en Nuus; Africana Museum, Biblioteekgebou, Johannesburg.

---

IV.

## BRONNE VAN ALGEMEEN HISTORIESE AARD.


Beeckman, D. : A Voyage to the East Indies, Londen, 1718.

Bogaert, A. : Historische Reizen, Amsterdam, 1711.

Dampier, W. : A new voyage round the world: 1679-1691; Londen, 1697.

Franken, J.L.M. : 'n Kaapse huishoue in die 18e eeu, Argiefjaarboek Nr.I, Staatsdrukker, Kaapstad, 1940.

Fouché, L. : Journael van Gijsbert Heeck; 1655; Volkstem drukkery, Pretoria, 1910.

Fryke, C. en Schweitzer, C. : A Relation of Two Voyages made into the East Indies, Londen, 1700.

Funnel, W. : A Voyage round the World, Londen, 1707.

Hondius, J. : Klare Besgryving van Cabo de Bona Esperance, Amsterdam, 1652.

Kindersley, mev. : Letters from the East Indies, Londen, 1777.

Lockyer, C. : An Account of the Trade in India, Londen, 1711.

Meers, J. : Wouter Schoutens Oost-Indische Voyagie, Amsterdam, 1676.

Mossop, E.E. : The Journals of Wikar, Coetsé and Van Reenen, V.R.V. Nr.XX, Kaapstad, 1935.

Ovington, J. : A Voyage to Suratt....., Londen, 1696.

Sparrman, A. : A Voyage to the Cape; 1772-1776; Londen, 1785.

Stavorinus, J.S. : Voyages ..... at the Cape of Good Hope; 1768-1778; Londen, 1798.

Thunberg, C.P. : Travels in Europe, Africa and Asia; 1770-1779; London, 1795.

Valentijn, F. : Oud en Nieuw Oost-Indien, Deel V, Boek X, Amsterdam, 1726.


----------oOo----------